# Godsdiensvryheid in die huidige onderwysbeleid van Suid Afrika: 'n Christelik-etiese beoordeling

J.D. Potgieter
BTh (Hons); MDiv.

Skripsie ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die MTh Graad aan die Noordwes Universiteit.

Studieleier: Prof. Dr. J.M. Vorster
Potchefstroomkampus
2006

# Voorwoord en erkennings

In Eksodus 3: 1-12 word vertel hoe God in 'n brandende doringbos aan Moses verskyn om hom te roep tot 'n besondere taak. Moses is onmiddellik gereed met 'n verskoning: "Wie is ek, Here, dat ek na die Farao sal gaan." God antwoord – Jy is nie alleen nie, want ek is by jou. Toe God my geroep het om 'n bedienaar van die Woord te word het ek ook gevra:"Wie is ek, Here?" En Hy het geantwoord: "Wees verseker, Ek is by jou." Daarom alle eer aan my God en Hemelse Vader, wat my nie net geroep het nie, maar ook die middele voorsien het om my studies te voltooi.

God het vir Aaron na Moses gestuur as hulp omdat Moses nie goed kon praat nie. Skryfkuns is nie my eerste talent nie. Die Here moes dus ook aan my 'n Aaron gee, daarom dra ek hierdie studie in besonder aan my vrou, Anel op, wat behulpsaam was met baie van die navorsing en verwerking van inligting. Sonder haar sou ek nooit hierdie werk kon voltooi nie. Asof dit nie genoeg was nie, het dit ook op haar skouers gelê om die rol van die ondersteunende lewensmaat te speel: Dankie vir jou liefde, en bemoediging.

Verder het die Here my geseën met wonderlike "raadgewers" wat gekeer het dat hierdie Moses oorwerk word. Daarom my opregte dank aan die volgende persone:

- My studieleier Professor, Koos Vorster,
- Annemarie Schoeman vir die taalversorging en tegniese afwerking,
- Vier wonderlike ouers, vir finansiële ondersteuning , bemoediging en baie liefde,
- My broer, Thomas Potgieter vir ondersteuning en liefde, en ook vir sy hulp met die versorging van die navorsingsvoorlegging,

Dan is daar etlike ander persone wat ook vermelding verdien:

- Dr. Henk Stoker en Ds. Naas Ferreira vir mentorskap,
- Die Kerkrade van die Gereformeerder Kerke Rietvallei en Wapadrand vir finansiële ondersteuning
- My dogtertjie, Andri, vir die ure se speel voor 'n toe studeerkamerdeur, terwyl haar pappa besig was.

- Uiteindelik vir almal wat op een of ander wyse ondersteun het, hetsy finansieel, emosioneel. Vir hulle wat belang gestel het, en vir elke gebed, wat my en my gesin deur hierdie studie gedra het.

Soli Deo Gloria

Maart 2006

# Abstract

Freedom of religion is widely considered as the most fundamental human right. As such "Freedom of religion" has also been established in the 1996-Constitution of South Africa in Article 15. Prior to 1996, "Freedom of Religion" was not formally established in South Africa but rather a "Tolerance of Religion" in which Christianity as the majority religious group was openly advanced. This condition was not sustainable in particular with regard to education due to the non-homogenous society of South-Africa. Minorities would also like to privilege to transfer their culture, believes and values to their children, especially since the educational system is such a powerful tool to be used in pursuit of this ideal (Henhard, 2000:251, Horn, 2005:1).

As a result the Minister of Education in South Africa has published a document in March, 2003 that had the aim to establish "Freedom of Religion" in the Educational system. The objective of this policy was to teach children about all religions in South Africa as well as the world vision associated with this view. The Minister proposed a multi-traditional approach to religious education. This is a program that studies religion in all its forms. According to the Minister this policy established equality of all religions. Whether all these religion are equal from a theological perspective falls outside of the scope of this policy (Minister of Education, 2003).

The objective of this study is to determine whether the specific policy regarding freedom of religion in the South African education system is ethically acceptable according to Christian values. To determine this, the following questions were considered in this study:

- What is the historical background that led to the establishment of the current policy?
- To what extent is the general concept "Freedom of Religion" acceptable in terms of Christian ethics?
- How should the implementation of freedom of religion in the South African Education system be judged?
- What should be the role of the Church in the support of parents in this regard?

In this study, it is shown that the history of "Tolerance of Religion" in South Africa, was directly responsible for the recognition of "Freedom of Religion" in the 1996 constitution. This recognition of freedom of religion in the constitution had to be transferred to the educational system since the "tolerance of religion" in the educational system led to the dis-advancement of minorities.
It is also shown that the concept of "Freedom of Religion" in the light of Scripture is acceptable according to Christian ethics. Since freedom of religion has a direct impact on the relationship between church and government, it is also shown what the nature of such a relationship should be like according to the Bible. The implementation of the "Freedom of Religion" in the educational system would be discussed in the light of this relationship. Freedom of religion can be implemented in several different models. In the most ideal situation, according to this study this model would be "parallel-religion" model. Article 15 of the 1996 constitution underwrites such a model. This study has however found that the implementation of "freedom of religion" in the South African education system do not meet the requirements of a parallel-religion model, but would rather be characterized as a multi-religion model. The multi-religion model is not acceptable according to Christian ethics since it does not allow freedom of religion.

Finally it is shown that the Church has a very important role in the support and education of parents in this regard. The Church does not have a responsibility to establish schools, but rather to ensure that parents educate their children. Various practical suggestion are given that can be implemented on ground level to support parents in this struggle.

# Inhoudsopgawe


**VOORWOORD EN ERKENNINGS** ..... 1

**ABSTRACT** ..... 3

**HOOFSTUK 1: INLEIDING** ..... 7

1.1 TITEL EN SLEUTELTERME ..... 7
1.2 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING ..... 7
*1.2.1 Oriëntering* ..... *7*
1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE ..... 10
*1.3.1 Doelstelling* ..... *10*
*1.3.2 Doelwitte* ..... *10*
1.4 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT ..... 10
1.5 METODOLOGIE ..... 11
1.6 HOOFSTUKINDELING ..... 11

**HOOFSTUK 2: 'N KORT HISTORIESE OORSIG OOR DIE AGTERGROND VAN GODSDIENSVRYHEID IN SUID-AFRIKA, OM SO OOK 'N IDEE TE GEE VAN DIE PARADIGMA VAN DIE HUIDIGE BELEID** ..... 12

2.1 INLEIDING ..... 12
2.2 DIE GESKIEDENIS VAN GODSDIENSVRYHEID IN SUID-AFRIKA ..... 12
*2.2.1 Die tydperk voor 1948* ..... *12*
*2.2.2 Godsdiensvryheid tydens die Apartheidsera* ..... *14*
*2.2.3 Die oorgangstydperk: 1990-1996* ..... *16*
*2.2.4 Artikel 15 van die 1996-grondwet van Suid-Afrika* ..... *19*
2.2.4.1 Die agtergrond ..... 19
2.2.4.2 Die inhoud ..... 21
2.2.4.3 Die implikasie van Artikel 15 ..... 21
2.2.4.4 Die implikasie van Artikel 15 vir skole ..... 22
2.3 DIE VERBAND TUSSEN KERK EN SKOOL IN SUID-AFRIKA ..... 23
*2.3.1 Kerk en skool onder die Oos-Indiese Kompanjie* ..... *23*
*2.3.2 Kerk en skool geskei* ..... *24*
*2.3.3 Christelik-nasionale Onderwys (CNO)* ..... *25*
*2.3.4 Die huidige beleid oor godsdiensonderrig en godsdiensoefening in Suid-Afrikaanse skole* ..... *26*
*2.3.4 Die toepassing van die beleid in skole* ..... *28*
2.3.4.1 Die inhoud van "onderrig oor godsdienste' ..... 29
2.3.4.2 Godsdiensonderrig (religious instruction) in skole ..... 30
2.3.4.3 Godsdiensoefening in skole ..... 30

**HOOFSTUK 3 - PRINSIPIËLE BEOORDELING VAN GODSDIENSVRYHEID IN DIE LIG VAN DIE WOORD VAN GOD** ..... 32

3.1 INLEIDING ..... 32
3.2 GODSDIENSVERSKEIDENHEID, -GELYKHEID EN –VRYHEID ..... 33
3.3 BYBELSE BEGRONDING VAN GODSDIENSVRYHEID ..... 34
*3.3.1 Die ongelowige en die wet* ..... *37*
*3.3.2 Implikasie van die eerste en tweede gebod vir godsdiensvryheid* ..... *38*
*3.3.3 Godsdiensvryheid in die lig van die Skrif as geheel* ..... *38*
3.4. 'N CHRISTELIKE ETIESE PERSPEKTIEF OP DIE VERHOUDING TUSSEN KERK EN STAAT ..... 40
*3.4.1 Die standpunt van Luther* ..... *40*
*3.4.2 Die standpunt van Calvyn* ..... *42*
*3.4.3 Die standpunt van Kuyper* ..... *44*
3.4.3.1 Samelewingsleer ..... 44
3.4.3.2 Algemene en besondere genade ..... 45
3.4.3.3. Die kerk as instituut en organisme ..... 46
3.4.3.4 DIE INVLOED VAN KUYPER SE KERK EN STAAT SIENING OP DIE KERK. ..... 46
3.4.3.5 BEOORDELING ..... 48
*3.4.4 Die standpunt van Van Ruler* ..... *48*
3.4.4.1 Ten opsigte van die kerk ..... 49
*3.4.5 Die standpunt van J.H. van Wyk* ..... *51*
3.4.5.1 Onvermeng ..... 51
3.4.5.2 Ongeskeie ..... 51

*3.4.6 Standpunt van J.M. Vorster* ... *52*
*3.4.7 Gevolgtrekking* ... *53*
3.5 DIE SKRIF EN BELYDENIS OOR DIE VERHOUDING TUSSEN KERK EN STAAT ... 53
*3.5.1 Die Ou Testament en die idee van teokrasie* ... *53*
*3.5.2 Die Nuwe Testament oor die verhouding tussen kerk en staat* ... *56*
3.6 NGB ARTIKEL 36 ... 58
3.7 SAMEVATTING EN KONKLUSIE ... 61

**HOOFSTUK 4 – BEOORDELING VAN DIE IMPLEMENTERING VAN GODSDIENSVRYHEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOOLSTELSEL ... 62**

4.1 INLEIDING ... 62
4.2 MOONTLIKE MODELLE VIR DIE VERSTAAN EN IMPLEMENTERING VAN GODSDIENSVRYHEID IN 'N DEMOKRATIESE REGSTAAT ... 62
*4.2.1 Enkelgodsdiensonderrigmodel (of staatsgodsdiensmodel)* ... *62*
*4.2.2 Die neutrale godsdiensonderrigmodel* ... *65*
*4.2.3 Multigeloofsmodel* ... *68*
*4.2.4 Parallellemodel* ... *73*
4.3 CHRISTELIK-ETIESE BEOORDELING VAN DIE WET OP GODSDIENSVRYHEID ... 74
*4.3.1 Artikel 15 van die 1996-grondwet van Suid-Afrika* ... *75*
*4.3.2 Geregtigheid* ... *76*
*4.3.3 Orde in die samelewing* ... *76*
*4.3.4 Vryheid* ... *77*
*4.3.5 Vrede en voorspoed* ... *78*
*4.3.6 Gevolgtrekking* ... *78*
4.4 CHRISTELIK-ETIESE BEOORDELING VAN DIE IMPLEMENTERING VAN DIE WET OP GODSDIENSVRYHEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOOLSTELSEL ... 79
*4.4.1 Godsdiensonderrig* ... *79*
*4.4.2 Godsdiensoefening* ... *82*
4.5 BEOORDELING VAN DIE GODSDIENSBELEID IN SKOLE VANUIT 'N REGSOOGPUNT ... 84
4.6 GEVOLGTREKKING ... 86

**HOOFSTUK 5 – DIE ROL VAN DIE KERK IN DIE ONDERSTEUNING EN BEGELEIDING VAN OUERS ... 87**

5.1 INLEIDING ... 87
5.2 DIE KERKORDE VAN DIE GKSA ... 87
*5.2.1 Verklaring van Artikel 21* ... *87*
5.3 ENKELE SKRIFGEDEELTES OOR DIE ROL VAN DIE KERK ... 90
5.4 KERK SE ROL TEENOOR DIE OUERS EN KINDERS ... 94
*5.4.1 Die rol van die kerk teenoor die ouer* ... *95*
5.4.2 DIE KERK SE ROL TEENOOR DIE SKOOL - HETSY STAAT- OF PRIVAAT- ... 98
5.5 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING ... 99

**BRONNELYS ... 100**

# Hoofstuk 1: Inleiding

## 1.1 Titel en sleutelterme

Godsdiensvryheid in die huidige onderwysbeleid van SA: 'n Christelik-etiese beoordeling

Sleutelwoorde: Godsdiensvryheid, menseregte, onderwys

Key words: Religious freedom, human rights, education

## 1.2 Oriëntering en probleemstelling

### 1.2.1 Oriëntering

Vir baie eeue het die verhouding tussen kerk en staat, en godsdiens en staat, die wêreldpolitiek gedomineer (De Waal, *et al.*, 2001:289; Vorster 2004:248). Verskillende verhoudings tussen kerk en staat het oor die eeue heen voorgekom, naamlik:

- Staatsgodsdiens, waar die staat sy mag gebruik om 'n bepaalde godsdiens te bevorder ten koste van die ander godsdienste;
- Godsdiensstaat, waar die staat gesien is as ondergeskik aan 'n bepaalde geloof;
- Vyandige skeidingsverhouding waar die staat vyandig optree teen godsdienste (Vorster, 2004:249-260).

Veral in die Westerse wêreld was hierdie verhoudings fataal, omdat dit in baie gevalle gelei het tot ernstige menseregte-vergrype. Dit was juis die reaksie teen godsdiensvervolging deur die staat waaruit die idee van menseregte vir die eerste keer ontwikkel het (De Waal, *et al.*, 2001:288).

Onder godsdiensvryheid word gewoonlik verstaan die reg om jou godsdienstige oortuiging vrylik uit te druk, uit te mag leef, of in die openbaar te beoefen, byvoorbeeld in die onderwys (vgl. Kearney in Saayman,1993:38). Volgens De Waal, *et al.* (2001:290), verwys godsdiensvryheid na "the right to entertain such religious beliefs as a person chooses, the right to declare religious beliefs openly and without

fear of hindrance or reprisal, and the right to manifest religious belief by worship and practice or by teaching and dissemination[1]."

Godsdiensvryheid het ook in die Suid-Afrikaanse grondwet van 1996 sy beslag gekry. Suid-Afrika is nie 'n homogene gemeenskap nie, maar 'n multikulturele nasie, saamgestel uit verskillende etniese en godsdienstige groepe (Horn, 2005a:1). Volgens Henhard (2000:251), is die meerderheidskultuur gewoonlik in beheer wanneer dit kom by sosiale instellings. Hierdie stand van sake negeer probleme, veral in die onderwys, aangesien minderheidsgroepe ook graag die voorreg wil hê om hulle kultuur, geloof en waardes op opvoedkundige wyse aan hulle kinders oor te dra. Dit is te verstane, aangesien onderwys en opvoeding die magtigste wapen is om hierdie waardes mee aan die volgende geslag oor te dra (Henhard, 2000:251, vgl. ook Horn, 2005a:1).

Met spesifieke verwysing na godsdiensvryheid in die onderwys sê Kearney(1991:123): "teaching includes the right to give religious instruction, especially to the young, and the right to run educational instructions including schools, colleges an even universities" (Kearney, 1991:123; vgl. ook Saayman, 1993:38).

Uit die geskiedenis van Suid Afrika is dit egter duidelik dat godsdiensvryheid nie altyd so volgens die definisies toegepas is nie: In die tyd voor 1996 sou ons eerder van godsdienstoleransie/godsdiensverdraagsaamheid gepraat het (Saayman, 1993:40). In praktyk het dit daarop neergekom dat die Christelike godsdiens voorkeur gekry het bo ander godsdienste, en ook deur wetgewing bekerm is. Landsburgers met ander godsdienstige oortuigings is egter nooit verhoed om vrylik uiting te gee aan hulle godsdiens nie.

Na 1996 het die staatsbestel verander in die grondwetlike demokrasie waar godsdiensvryheid in die grondwet beskerm word. Volgens Artikel 15 van die grondwet van Suid Afrika, het "elkeen [het] die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening" (RSA, 1996:8).

---

[1] Vergelyk in hierdie verband State v Lawrence 1997(10)BCLR 1348 (CC)

Die opstellers van die grondwet was deeglik bewus van die probleme wat kan voortspruit uit 'n te felle onderskeid tussen kerk en staat. Terselfdertyd was hulle ook deeglik bewus van die noue verhouding tussen die drie Afrikaanse kerke en die apartheidsregering. Daarom die kompromie in Artikel 15: Die staat word nie verhoed om godsdienste te erken of selfs te ondersteun nie, maar word verplig om alle godsdienste gelyk te behandel (vgl. De Waal, *et al.*, 2001:289; Devenish,1999:210).

In die Staatskoerant van 12 September 2003 het die minister van onderwys, mnr. Kader Asmal, die nasionale beleid rondom godsdiens en onderwys gepubliseer. Hierdie beleid sal leerders opvoed in 'n wêreld van godsdienstige diversiteit, en hulle aanmoedig om te begin nadink oor 'n nuwe nasionale eenheid in Suid Afrika. Die beleid het ten doel om 'n etos van waardering, begrip en respek vir verskillende godsdienste by leerders te skep, om sodoende die godsdienstige regte van alle Suid-Afrikaners, maar veral van minderheidsgroepe, te beskerm (vgl. ook Ministry Of Education, 2001:45).

Volgens die minister van onderwys is die doel van hierdie beleid om kinders te leer oor en van die verskillende godsdienste van die wêreld, met spesifieke klem op die godsdienste van Suid Afrika en die wêreldvisie wat daarmee gepaardgaan. Hierdie beleid gaan nie uit vanaf 'n enkel geloofsaanslag waarin blootstelling slegs aan een geloof is nie. Ook gaan dit nie uit van die basis van 'n multi-enkelgeloof waar daar deur middel van parallelle programme voorsiening gemaak word vir individuele voorkeur nie (Ministry Of Education, 2003). Die minister van onderwys staan 'n multi-tradisie-aanslag voor. Dit is 'n program waarin godsdiens in al sy verskillende vorme bestudeer word. Volgens die minister handel hierdie beleid oor die gelykheid van alle godsdienste voor die wet. Of alle godsdienste gelyk is, al dan nie, val dus buite die skopus van hierdie beleid (Ministry Of Education, 2003).

Volgens Horn (2005a:8) leer so 'n beleid aan kinders dat alle godsdienste gelykwaardig is. Kinders word dus geleer dat daar geen ware godsdiens is nie, en dus is daar ook geen ware God wat onafhanklik van die mens se denke oor hom bestaan nie. Vir Christene is so 'n beskouing problematies.

Die vraag kan gevra word: Kan die implementering van godsdiensvryheid in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel, soos voorgestel in die minister se beleid, Christelik-eties verantwoordbaar wees?

Verskeie ander vrae spruit hieruit voort:

- Wat is die historiese agtergrond en opbou wat gelei het tot die daarstelling van die huidige beleid?
- In watter mate is die begrip godsdiensvryheid in die algemeen Christelik-eties verantwoordbaar?
- Hoe behoort die implementering van godsdiensvryheid in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel beoordeel te word?
- Watter rol behoort die kerk te speel in die ondersteuning van ouers in dié verband?

## 1.3 Doelstelling en doelwitte

### 1.3.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om godsdiensvryheid, soos geïmplementeer in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel, Christelik-eties te beoordeel.

### 1.3.2 Doelwitte

- Om die historiese agtergrond en paradigma wat aanleiding gegee het tot die daarstelling van die huidige beleid, aan te toon.
- Om godsdiensvryheid in die algemeen Christelik-eties te beoordeel.
- Om godsdiensvryheid, soos geïmplementeer in die huidige Suid-Afrikaanse skoolstelsel, Christelik-eties te beoordeel.
- Om aan te dui watter rol die kerk behoort te speel in die ondersteuning en begeleiding van ouers in dié verband.

## 1.4 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat fundamentele reg van godsdiensvryheid in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel, nie reg laat geskied aan die Christelik-etiese vereistes van godsdiensvryheid nie.

## 1.5 Metodologie

- Om die historiese agtergrond en paradigma wat aanleiding gegee het tot die daarstelling van die huidige stelsel, aan te dui, sal 'n vergelykende literatuurstudie gedoen word.
- Om godsdiensvryheid in die algemeen Christelik-eties te beoordeel, sal daar prinsipieel gekyk word na die Wet van God. In hierdie geval sal gesteun word op eksegese en vergelykende literatuurstudies.
- Om godsdiensvryheid, soos geïmplementeer in die huidige Suid-Afrikaanse skoolstelsel, Christelik-eties te beoordeel, sal die inligting wat versamel is in Hoofstuk 3 geanaliseer, geïnterpreteer en georden word. Verder sal gesteun word op 'n vergelykende literatuurstudie.
- Om die rol van die kerk in die ondersteuning en begeleiding van ouers in dié verband aan te dui, sal 'n vergelykende literatuurstudie gedoen word.

## 1.6 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1 – Inleiding

Hoofstuk 2 – 'n Kort historiese oorsig oor die agtergrond van godsdiensvryheid in Suid-Afrika, om so ook 'n idee te gee van die paradigma van die huidige beleid.

Hoofstuk 3 – Prinsipiële beoordeling van godsdiensvryheid in die lig van die Woord van God.

Hoofstuk 4 – Beoordeling van die implementering van godsdiensvryheid in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel.

Hoofstuk 5 – Die rol van die kerk in die ondersteuning en begeleiding van ouers.

# Hoofstuk 2: 'n Kort historiese oorsig oor die agtergrond van godsdiensvryheid in Suid-Afrika, om so ook 'n idee te gee van die paradigma van die huidige beleid

## 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word bepaal hoe die huidige beleid ten opsigte van godsdiens in skole in Suid Afrika lyk.

Om werklik te kan verstaan hoe die huidige beleid lyk en funksioneer, moet gekyk word na die agtergrond waaruit hierdie stelsel ontstaan het.

## 2.2 Die geskiedenis van godsdiensvryheid in Suid-Afrika

Die Christendom in Suid-Afrika baie is duidelik bevoordeel. Die Christelike vooroordeel is selfs in die aanhef van die 1983-grondwet van Suid-Afrika sigbaar met 'n verklaring dat die "mense" van Suid-Afrika die soewereiniteit van die Almagtige God erken. Hoewel hierdie aanhef geen wetlik afdwingbare status het nie, was dit tekenend van Christelike vooroordeel in die land (vgl. Saayman, 1993:41; Van der Westhuizen & Heyns, 1993:99). Hierdie vooroordeel sal kortliks aangedui word.

### 2.2.1 Die tydperk voor 1948

Vir jare lank het die Christelike geloof in Suid Afrika gedomineer. Die dominante rol wat die Christelike geloof in Suid Afrika gehad het bo die ander gelowe, is volgens Saayman (1993: 38) te wyte aan die wyse waarop die Christelike geloof die land binne-gekom het. Die koms van Jan van Riebeeck in1652 het 'n permanente teenwoordigheid die Christen geloof gebring.

Alhoewel die doel van die Nederlandse kolonie hoofsaaklik kommersieel, polities en militêr van aard was, het hulle ook gepoog om die Christelike geloof na Suid Afrika uit te brei (Lubbe, 1998:5). Die koloniale tydperk kan basies in twee verdeel word: die eerste deel is die tyd vanaf 1652 tot 1795, die Nederlandse periode, toe die Kaap onder bestuur van die Oos-Indiese Kompanjie gestaan het. In dié tyd het die Franse Hugenote die Christelike gemeenskap, en spesifiek die Protestantse gemeenskap, aan die Kaap versterk. Dit was ook die tyd wat Christen-sending sterk verbonde was

aan kolonialisme en geregverdig is as *ex post facto* (vgl. Lubbe, 1998:5; Bosch, 1991:302-304; Saayman, 1993:38).

Die tweede tydperk was vanaf van 1795 tot 1910, die Britse periode. Met die koms van Britse sendelinge in 1799 lui dit 'n nuwe era van Christensending in Suid- Afrika in.

Die Britse sendelinge word ook gevolg deur sendelinge van Amerika, Frankryk, Duitsland en Skandinawië. Omdat die sendelinge uit verskillende kulture en kerkverbande gekom het, het hulle metodiek van sending ook baie verskil. Hulle het egter een ding gemeen gehad en dit was hulle ondersteuning van die kolonie as instrument om Afrika te kom beskaaf, waarin Christenskap die sentrale rol sou gespeel het (vgl. Lubbe, 1998:5; Saayman, 1993:38).

Die houding waarmee sending gedoen is, is belangrik. Die sendelinge het hulself gesien as verhewe bo die Afrika-kultuur. Hulle het so ver gegaan dat hulle geglo het dat die Afrikane geen geloof het nie, en dat dit die taak van die sendeling is om hulle op te voed (vgl. Gray, 1990:2; Saayman, 1993:39). Neill (1964:259)stel dit soos volg:

> "Only western man was man in the full sense of the word; he was wise and good, and members of other races, in so far as they became westernized, might share in this wisdom and goodness. But western man was the leader, and would remain so for a very long time, perhaps for ever."

Die Christengodsdiens was so verhewe bo die barbaarse Afrikagodsdiens dat die Christengeloof as 'n seëning gesien is (Saayman, 1993:39). In dié tyd was daar natuurlik geen regte wat die Afrikane teen hierdie onderdrukking kon beskerm nie (Saayman, 1993:39).

Met die koms van die Nederlanders na die Kaap is besondere moeite gedoen om die Calvinistiese geloof te beskerm en te bevorder. Omar (1993:74) dui aan dat duidelike wetgewing in dié verband bestaan het. Geen ander vorm van religieuse aktiwiteit, anders as dié van die Gereformeerde Protestantse Kerk, is toegelaat nie. Volgens Lubbe (1998:9) is selfs die Katolieke en Lutherse geloof tot so laat as 1780 deur wetgewing onderdruk. Met die koms van veral die Moslems na die Kaap is

hierdie wetgewing wel in 'n mate verander. Hulle is toegelaat om hulle godsdiens in vrede te beoefen, solank dit nie in die openbaar geskied het nie. Oortreding hiervan was strafbaar met die dood (vgl. Davids, 1992:84, Omar, 1993:75).

Volgens Saayman (1993:41) is Christen-, Moslem- en Hindoegelowe gesien as verhewe godsdienste en die Afrika- godsdienste as primitiewe godsdienste. Hoewel Lubbe (1998:8) aandui dat Moslems in 1754 op Robbeneiland aanbid het, omdat grond vir die oprig van 'n Moskee aanvanklik geweier is, is Moslems en Hindoes later tog toegelaat om tempels, moskees en hulle eie skole op te rig.

Hoewel daar dus 'n mate van godsdiensverdraagsaamheid in die Kaap onder Nederlandse bestuur was, was daar geen sprake van werklike godsdiensvryheid nie, eerder onderdrukking. Hierdie toedrag van sake sou vir baie jare voortduur.

### 2.2.2 Godsdiensvryheid tydens die Apartheidsera

Apartheid verwys na 'n politieke beleid van afsonderlike ontwikkeling van verskillende kleure en etniese groepe (Odendaal,1994:47). Volgens Vorster (2004:202-203), kan apartheid gedefinieer word as die politieke sisteem wat in Suid-Afrika geheers het, waar mense op grond van kleur, ras en etniese groepe geskei en onderskei is, en in verskillende state en gemeenskappe verdeel is. Deur middel van 'n streng regsisteem is die regte van witmense beskerm en bevorder terwyl die enigste regte wat "gekleurdes" geniet het, binne hulle eie gemeenskappe was.

Die apartheidsera verwys dus in hierdie geval na die bedeling tussen 1948 en 1994, toe Suid-Afrika onder bewind van die Nasionale Party was (Saayman, 1993:37). Met die oorname van die Nasionale Party in 1948, is daar nie veel verander aan die status quo wat betref godsdiensvryheid nie.

Hoewel godsdiensvryheid sogenaamd die norm was, is dit nie as sodanig deur swart Christene, Moslems, Hindoes en Jode ervaar nie (Lubbe, 1998:9). In teorie het godsdiensvryheid wel in Suid-Afrika bestaan: Daar was geen amptelike staatskerk of staatsgeloof nie, en ook geen wetgewing wat enige iemand verbied het om sy/haar geloof vrylik te beoefen nie. Wetgewing in 1961 het voorsiening gemaak dat die staat die huwelike erken het wat voortgespruit het uit enige Christen-, Joodse, Moslem-,

Hindoe- of Indiese rituele. Howe het voorsiening gemaak vir mense wat nie 'n eed in die Naam van die 'Christelike God" wou aflê nie. Daar is ook in die wetgewing ten opsigte van militêre diens voorsiening gemaak vir iemand wat weens sy geloof teen oorlog gekant was (vgl. Van der Westhuizen en Heyns, 1993:99).

Hoewel daar dus geen amptelike wetgewing bestaan het wat enige godsdienste onderdruk of belet het nie, was daar faktore in Suid-Afrika wat 'n gevoel van godsdiensonderdrukking by gelowe anders as die Christendom, tuisgebring het. In hierdie verband redeneer Chidester (1992:38), "an attack on the religious worldview of other people need not necessarily be expressed in legal terms".

Omdat geloof en kultuur so nou verweef is, het swart mense die diskriminasie op grond van ras ook as diskriminasie op grond van geloof en godsdiens ervaar (Lubbe, 1990:210; vgl. ook Saayman, 1993:42). Volgens Lubbe (1986:117) het die oortuiging eerder bestaan dat hierdie godsdienste verdra word, as wat hulle werklik vry was. Omar (1993:77) dui aan dat, met die inwerkingstelling van die beleid van rassesegregasie het godsdiensvryheid, net soos sosiokulturele vryheid, sinoniem met politieke vryheid geword.

Daar bestaan 'n aantal faktore wat gelei het tot die gevoel dat daar geen werklike godsdiensvryheid in Suid-Afrika bestaan het onder die Nasionale Party-regering nie:

- Die moskee is byvoorbeeld vir die Moslem nie net 'n plek van aanbidding nie, maar dit bied beskerming teen die nie-Moslem-wêreld daarbuite. In die laat vyftigs/vroeë sestigs het die Groepsgebiedewet 'n ernstige bedreiging vir hierdie geboue ingehou (Omar, 1993:77). Die Groepsgebiede- wet is as 'n direkte bedreiging vir die godsdiensvryheid van die Moslem gesien (vgl. ook bl. 78).
- Die staat het beduidend meer geld toegestaan vir teologiese opleiding van die Nederduits Gereformeerde Kerk, terwyl daar baie minder begroot is vir opleiding van Hindoe- en Moslemteoloë op tersiêre vlak (Omar, 1993:76, Saayman, 1993:42) .
- Hindoe- en Moslem-huwelike is aanvanklik nie deur die staat erken nie (Davids, 1992:86, Omar, 1993:76). Hierdie reëling het in 1961 verander (Van der Westhuizen & Heyns, 1993:99).

- Daar is voorsiening gemaak vir die uitsaai van Christelike programme en dienste oor die radio en televisie, maar nie vir ander gelowe nie (Saayman, 1993:42).
- Gedurende die vroeë veertigerjare het die Nasionale Party aan Jode lidmaatskap geweier en verklaar dat "in die belang van 'n Christelike samelewing" Jode as 'n "gevaarlike uitheemse element" beskou behoort te word, en onderwerp moet word aan "streng beheer" (Lubbe, 1998:9).
- 'n Reeks sogenaamde "Sondagwette" is ingestel wat kommersiële, handels-en arbeidsake, sowel as vermaak op Sondae gereël het (Van der Westhuizen & Heyns, 1993:100).
- Slegs Christelike vakansiedae is amptelik as openbare vakansiedae erken (Van der Westhuizen & Heyns, 1993:100).
- Daar kan nie sprake wees van enige godsdiensvryheid in 'n land waar die regering samekomste van godsdienstige groepe en selfs kerke wat hulle teen apartheid uitgespreek het, met geweld onderdruk en ontwrig het nie.
- In staatskole is 'n beleid van Christelik-Nasionale Onderwys aanvaar. Artikel 2 van die I.C.N.O. Verklaring stel dat godsdiensonderrig in ooreenstemming met die Bybel en belydenis, die sleutelvak op skool behoort te wees, en dat alle ander vakrigtings wat op skool aangebied word, gefundeer moet wees op die Christelike wêreldvisie van die Afrikanervolk (vgl. Matsaung, 1999:65). Hierop sal later breedvoeriger ingegaan word.

### 2.2.3 Die oorgangstydperk: 1990-1996

Gedurende die oorgangstydperk word daar deur verskeie godsdienstige groepe druk geplaas op die regering? om 'n handves daar te stel wat uiteindelik in die grondwet opgeneem kan word, om algehele godsdiensvryheid te beskerm (Wijnbeek, 1992:13).

Wat het aanleiding gegee tot hierdie handves?

- Die ontwikkeling van die Wêreldraad van kerke het ook 'n belangrike rol in die skryf van die handves van mensregte gespeel. In kort kan die geskiedenis van die Wêreldraad van kerke in drie onderskeibare dominante teologieë verdeel word. Die eerste was 'n teologie van die ekumene wat in die periode 1948 – 1961 dominant was. Hierdie teologie is in die periode 1961 – 1975 deur die

teologie van bevryding op die agtergrond geskuif. In die periode 1975 – 1991 is die teologie van bevryding as dominante aksent verdring deur die teologie van Godsdienste. Tans word die belangstelling van die Wêreldraad van kerke al hoe meer hierop toegespits soos weerspieël word uit sy beluit in 1991:" it is important to continue to explore this issue in ways that open up our Churches to the Challenge of living in a world of many faiths (Vorster, 1994: 251)" . Dit is dus duidelik dat die Wêreldraad van kerke se denke 'n groot invloed gehad het op die formulering van die reg van Godsdiensvryheid in die internasionale gemeenskap, sowel as in Suid-Afrika.

- In 1984 is 'n plaaslike (Suid-Afrikaanse) afdeling van die Wêreldkonferensie oor Godsdiens en Vrede (WCRP-SA) gestig, met onder andere, as doel
  - om 'n platvorm te skep vir alle godsdienstige tradisies om hulle teenstand teen apartheid uit te spreek;
  - om as instrument vir versoening te dien in intergodsdienstige konflik (Wijnbeek, 1992:13).
- In Mei 1988 is, onder leiding van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se Institute for Contextual Theology en die WRCP-SA, in Soweto samesprekings gehou met die tema: "Believers in the struggle for justice and peace" (Wijnbeek, 1992:13).

Hierdie gebeure loop oor in die oorgangstydperk. In Mei 1990 spreek professor Albie Sachs 'n nasionale Moslemkongres toe en vra vir 'n nasionale konferensie van godsdienstige leiers om toekomstige godsdiens-staat-verhoudinge te bespreek. Hieruit vloei die National-Interfaith Conference on Religion-State Relations voort, wat gehou is van 2 tot 4 Desember 1990. Voordragte wat by daardie konferensie gelewer is, is later gepubliseer onder die titel "Believers in the future" (Wijnbeek, 1992:13).

By dié geleentheid is daar besluit om doelgerig te begin werk aan die daarstelling van 'n handves vir godsdiensvryheid. 'n Plan van aksie is opgestel waarvolgens die bewoording van die handves en die bekendstelling daarvan teen September 1992 afhandel moes wees. Die konferensie is bygewoon deur verteenwoordigers van Christene, Moslems, Jodeen die Hindoes (De Bruyn, 1992:28).

Intussen het die universiteit van Kaapstad ook die ICRSA (Institute for Comparative Religion in Southern Africa) in die lewe geroep as 'n georganiseerde eenheid by die universiteit. Dié eenheid lê hom toe op die post-apartheid studie van kulturele vorme van betekenis en mag, wat insluit godsdiens, wêreldvisie, ideologieë en menslike waardes binne die Suid-Afrikaanse konteks (Chidester, *et al.*1991:1 ).

Die gesprek tussen verskillende gelowe bereik uiteindelik 'n hoogtepunt met die Nasionale Intergeloofskonferensie van die Suid-Afrikaanse Konferensie vir Godsdiens en Vrede (SAKGV) in Pretoria op 23 –en 24 November 1992. Volgens Jackson, (1992:10), is die konferensie bygewoon deur "sowat 120 verteenwoordigers van kerke, en Joodse, Moslem-, Hindoe-, Baha'i– en Boeddhistiese organisasies." Verder berig Beeld dat, onder die Christelike groepe wat die konferensie bygewoon het, die Rooms-Katolieke, Anglikaanse, Metodiste, Presbiteriaanse, Volle Evangelie- en NG Sendingkerke, die Apostoliese Geloofsending, die charismatiese International Fellowship of Christian Churches, die Baptiste-unie van Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke was. Die Afrikaanse kerke het nie amptelike afvaardigings op die konferensie gehad nie.

Die konsepverklaring wat gespruit het uit die National-Interfaith Conference on Religion-State Relations (2 tot 4 Desember 1990), wat vroeg in 1992 uitgereik is, is na hewige kritiek gewysig en aanvaar. Die gedagte hieragter was dat godsdienstige groepe self moes sê hoe godsdiensvryheid in die nuwe Suid-Afrika moes lyk, eerder as dat politici daaroor besluit (Jackson, 1992:10).

Hierdie konsepverklaring is later gepubliseer as die "Declaration on Religious Rights and Responsibilities". Vir die doeleindes van hierdie studie is dit belangrik om te verwys na die voorstelle wat hierdie verklaring vir die nuwe grondwet maak:

- "All persons are entitled to freedom of conscience, to profess, practice, and propagate any religion or no religion and to change their religious allegiance;
- Every religious community and/or member thereof shall enjoy the right to establish, maintain and manage religious institutions; to have their particular system of family law recognised by the state; and to criticise and challenge all

social and political structures and policies in terms of the teachings of their religion." (WCRP-SA, s.a.)

Alreeds in 1993 het die interim-grondwet in Artikel 34(5c) godsdiensvryheid as onaantasbare reg beskryf, wat nie eers in die geval van 'n noodtoestand opgehef kon word nie. Die nuwe 1996-grondwet beskou godsdiensvryheid egter nie as 'n onaantasbare reg nie (Vorster, N. 1999:123).

In Mei 1995 is uitsaairegte ook toegestaan aan lede van ander godsdienste met die volgende verklaring, soos uitgereik deur die uitsaai owerheid:

> "In die toekoms sal daar nie net, soos in die verlede wel die geval was, aan Christene die geleentheid gegee word om hul geloof oor die senders van die radio en televisie te beoefen nie, maar ook aan die aanhangers van die ander groot godsdienste in Suid-Afrika.
>
> Sewentig persent van die beskikbare tyd sal aan Christelike uitsendings bestee word, terwyl die Moslems en Hindoes in die land elk vyf persent van die uitsendings sal waarneem. Aanhangers van die tradisionele godsdiens van Afrika sal eweneens vyf persent van die uitsendings waarneem. Jode kry drie persent. Die oorblywende 12 persent sal aan interreligieuse programme gewy word.." (Meiring, *et al.*, 1995elek.).

## 2.2.4 Artikel 15 van die 1996-grondwet van Suid-Afrika

### 2.2.4.1 Die agtergrond

Benewens die feit dat die oortuiging bestaan het dat nie-Christen groepe deur die Christendom in Suid-Afrika onderdruk word, is daar ook internasionale druk op enige regering om godsdiensvryheid as 'n fundamentele reg te erken.

Internasionaal word godsdiensvryheid as "basiese mensereg" beskou en is daarom ook in verskeie deklarasies van menseregte opgeneem (Van der Westhuizen & Heyns, 1993: 94).

Die "Universele Verklaring van Menseregte" soos uitgereik deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies in 1948, vorm die hoeksteen van internasionale menseregtewetgewing (Van der Westhuizen & Heyns, 1993:94). In Artikel 2 van hierdie verklaring staan:

> "Everyone is entitled to all the rights and freedoms set forth in this Declaration, without distinction of any kind, such as race, color, sex, language, **religion**, political or other opinion, national or social origin, property, birth or other status. Furthermore, no distinction shall be made on the basis of the political, jurisdictional or international status of the country or territory to which a person belongs, whether it be independent, trust, non-self-governing or under any other limitation of sovereignty."

Volgens Van der Westhuizen en Heyns (1993:94) word die implikasie van erkenning van godsdiensvryheid dan in Artikel 18 uiteengesit:

> "Everyone has the right to freedom of thought, conscience and religion; this right includes freedom to change his religion or belief, and freedom, either alone or in community with others and in public or private, to manifest his religion or belief in teaching, practice, worship and observance."

In 1981 het die Algemene Vergadering van die VN ook 'n verklaring aanvaar wat gemik is op die uitroei van alle vorme van onverdraagsaamheid en/of diskriminasie op grond van geloof (Van der Westhuizen & Heyns, 1993:95).

Verder het die Organisasie vir Afrika-Eenheid in 1981 die "African Charter of Human and People's rights" aanvaar. Artikels 2 en 8 van hierdie dokument stem grootliks ooreen met Artikels 2 en 18 van die VN se verklaring van menseregte (Van der Westhuizen & Heyns, 1993:95). Verder word hierdie regte ook in Europese en Amerikaanse verklarings oor menseregte beskerm, sowel as 'n hele aantal grondwette wêreldwyd (Van der Westhuizen & Heyns, 1993:95).

In dokumente gepubliseer in Suid-Afrika en wat die grondwet voorafgegaan het, soos die ANC se "Draft Bill of Rights of February 1993", is godsdiensvryheid ook opgeneem (Van der Westhuizen & Heyns, 1993:98).

#### 2.2.4.2 Die inhoud

Die reg tot vryheid van godsdiens word in Art 15 van die Suid-Afrikaanse grondwet gewaarborg. Die betrokke artikel lees soos volg:

> (1) Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.
>
> (2) Godsdiensbeoefening kan by staats- of staatsondersteunde instellings geskied, mits –
>
> (a) daardie beoefening reëls nakom wat deur die tersaaklike openbare gesag gemaak is;
>
> (b) dit op billike grondslag geskied; en
>
> (c) bywoning daarvan vry en vrywillig is.
>
> (3) (a) Hierdie artikel belet nie wetgewing wat erkenning verleen aan –
>
> (i) huwelike wat aangegaan is kragtens enige tradisie, of 'n stelsel van godsdiens-, persone- of familiereg nie; of
>
> (ii) stelsels van persone- en familiereg kragtens enige tradisie, of wat nagevolg word deur persone wat 'n besondere godsdiens aanhang nie.
>
> (b) Erkenning ingevolge paragraaf (a) moet met hierdie artikel en die ander bepalings van die Grondwet bestaanbaar wees.

#### 2.2.4.3 Die implikasie van Artikel 15

Die Suid-Afrikaanse grondwet self gee nie 'n uiteensetting van wat onder godsdiensvryheid verstaan behoort te word nie. Die Konstitusionele Hof het in 1997 in die Lawrence saak[2] 'n aanhaling van die Kanadese hof "geleen" om godsdiensvryheid van nader te beskryf: "the right to entertain such beliefs as a person chooses, the right to declare religious beliefs openly and without fear of hindrance or reprisal, and the right to manifest religious beliefs by worship and practice or by teaching and dissemination" (vgl. De Waal, *et al.*,2001:290; Vorster, N. 1999:123).

[2] State v Lawrence 1997 (10) BCLR 1348 (CC)

Volgens N. Vorster (1999:123), lê die belang van hierdie uitspraak daarin dat dit bevestig dat die grondwet nie 'n sogenaamde "establishment clause" bevat nie, wat beteken dat die grondwet nie van die owerheid verwag om homself totaal van enige religieuse aktiwiteit te disassosieer nie. Die doel van 'n "establishment clause" is in die meeste ander grondwette om te verseker dat die staat godsdienstig "neutraal" bly. Dit lei egter dikwels daartoe dat die aktiwiteite van religieuse liggame ingeperk word weens die eis tot neutraliteit. In teenstelling hiermee bevat die Suid-Afrikaanse grondwet net 'n "free exercise clause", wat die positiewe gevolg het dat godsdienstige aktiwiteite in die samelewing soos in die geval van onderwys, tot sy reg kan kom (De Waal *et al.*, 2001: 298; Vorster N, 1999:124).

In hierdie verband sê De Waal *et al.* (2001:290), dat godsdiensvryheid die reg insluit om 'n geloof te koester, sowel as die reg om hierdie geloof in die praktyk uit te druk. Sover as wat dit beide aspekte raak, beklemtoon die Lawrence-definisie dus dat godsdiensvryheid ook dui op die afwesigheid van enige maatreëls wat godsdienstige aktiwiteit onderdruk. Godsdiensvryheid kan dus ondermyn word deur enige maatreëls wat iemand dwing om aan aktiwiteite deel te neem wat teen hulle godsdienstige oortuigings indruis.

Vryheid van geloof behels dus die positiewe reg om te glo, wat om te glo of nie te glo nie; om 'n kerk/denominasie te kies, en die negatiewe reg om nie gedwing te word om te glo, of wat om te glo, of binne 'n bepaalde geloof te bly nie. Met uitlewing of manifestasie word bedoel die reg om 'n geloof te beoefen deur sang, gebed, meditasie, skriflesing, godsdienstige feesdae, kleredrag, diëte, ensovoorts (vgl. Anoniem, s.a.).

#### 2.2.4.4 Die implikasie van Artikel 15 vir skole

Volgens afdeling 15(2) van die grondwet sou godsdiensbeoefening by staatsinstansies aanvaarbaar wees mits (1) godsdiensbeoefening geskied onder die toesig van 'n gesagsliggaam (in die geval van skole sou die beheerliggaam so 'n gesagsliggaam kan wees), (2) dit op 'n gelyke basis geskied, en (3) bywoning en deelname op 'n vrywillige basis geskied. Hierdie maatreëls geld ook vir enige privaat-instansie wat staatsubsidie ontvang (De Waal, *et al.*, 2001:302).

De Waal *et al.* (2001:305) dui egter aan dat, in terme van Artikel 29(3) en 31 van die grondwet, geïmpliseer word dat privaatskole die reg het om te diskrimineer op grond van geslag, kultuur, taal en godsdiens, maar nie op grond van ras nie. Dit beteken dat privaatskole wel toelatingsvereistes op grond van geloof sou kon stel, en dat alle gelowe nie gelyke behandeling hoef te geniet waar dit kom by godsdiensbeoefening nie. Die reg op godsdiensvryheid soos in die vorige paragraaf uiteengesit, kan dus nie rigied op privaatskole toegepas word nie. Hierdie skole mag egter steeds nie leerders dwing om deel te neem aan enige godsdiensbeoefening nie.

Dit is duidelik hoe die geskiedenis van Suid-Afrika direk aanleiding gegee het tot die insluiting van 'n klousule in die grondwet wat godsdiensvryheid beskerm. In hierdie verband skryf N. Vorster (1999:121) dat die Suid-Afrikaanse grondwet as 'n "nooit weer nie"-konstitusie getipeer kan word. Hoewel die grondwet nie in reaksionêre terme geskryf is nie, interpreteer die howe dit wel so.

Vir die doel van hierdie ondersoek is dit ook nodig om kortliks aan te dui in watter mate godsdiensvryheid in die skole in Suid-Afrika tot uiting gekom het, al dan nie.

## 2.3 Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika

### 2.3.1 Kerk en skool onder die Oos-Indiese Kompanjie

Om die verhouding tussen kerk en skool in die tydperk van die Oos-Indiese Kompanjie te verstaan, moet gelet word op die verhouding tussen kerk en skool in die bloeityd van die Nederlandse Republiek, wat tewens die bloeityd van die Gereformeerde Kerk in Nederland was (Venter, 1929:2). Die skool was in hierdie tyd 'n Gereformeerde staatskool. Die owerheid het professie gedoen van die Gereformeerde godsdiens en die Gereformeerde Kerk is deur die staat bevoordeel, daarom is die belange van die kerk in die onderwys deur die owerheid erken en beskerm (Venter, 1929:3). Die kerk moes ondersoek instel na die bekwaamheid en regsinnigheid van die onderwysers en het veral die reg gehad om voor te skryf wat op die gebied van die godsdiens op skole geleer sou word (Venter, 1929:3).

In die Kaap is hierdie beginsels beliggaam in die ordonnansie van goewerneur De Chavonnes in 1714. Hierdie ordonnansie is 'n samevatting van die beginsels wat reeds onder Van Riebeeck en Van der Stel in swang was, en het die onderwyswet

van die Kolonie gebly, tot die einde van die agtiende eeu. Die ordonnansie het onder andere bepaal dat niemand kon skoolhou alvorens hy nie ondersoek is omtrent sy lewe en leer nie (Venter, 1929:6).

Verder het die ordonnansie ook bepaal dat die kinders op skool die Onse Vader, die Twaalf Artikels, en die Tien Gebooie moes leer. Die meer gevorderde kinders moes onderrig ontvang in die Heidelbergse Kategismus en die onderwysers moes die kinders ondervra oor die preke wat hulle Sondag in die kerk gehoor het (Venter, 1929:8). Hier het die hele skoolonderwys dus ten doel gehad om lidmate vir die kerk te vorm (Venter, 1929:8).

### 2.3.2 Kerk en skool geskei

Vroeg in die negentiende eeu is die liberale invloed van die Franse Rewolusie ook in die onderwys aan die Kaap gevoel, toe advokaat De Mist die bewind vir die Bataafse Republiek oorgeneem het. Die Gereformeerde staatskool moes in 1804 plek maak vir die "neutrale" staatskool. Aan die staat is opgedra om "volksonderwys" te verskaf en om kinders op te voed tot goeie staatsburgers. Die aksent van die onderwys het verskuif van die Christelike na die nasionale (Stoker, 2002).

Die Britse bewind ná 1806 het hierdie beleid voortgesit. Toe is egter nie net die Christelike beginsel aan die onderwys ontneem nie, maar ook die Afrikaans-nasionale. Die ouers het geen seggenskap meer in die onderwys gehad nie.

Dit was Brits-imperialistiese onderwys met die doel om die inwoners van die Kaap, en by name die Afrikaners, te verengels as burgers van Brittanje (Stoker, 2002).

Die eerste onderwyswetgewing in die Zuid-Afrikaanse Republiek, Transvaal, het aan die ouers, die staat en die kerk elkeen sy regmatige plek toegeken en die gees en rigting was Christelik en nasionaal. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die Transvaal en Oranje-Vrystaat elk 'n goed-gevestigde onderwysstelsel gehad, in ooreenstemming met die Reformatories-Bybelse lewens- en wêreldbeskouing van die Boerebevolking. Die onderwysstelsel van die Boererepublieke is egter deur die oorlog heeltemal ontwrig en 'n totaal volksvreemde Britse onderwysstelsel is vanaf 1903 ingevoer (Stoker, 2002). Die strewe na skole met 'n Christelike karakter en met Afrikaans as onderrigmedium het egter onder die Afrikaner bly voortbestaan.

### 2.3.3 Christelik-nasionale Onderwys (CNO)

Die uitdrukking Christelik-nasionale onderwys is aanvanklik in Kaapland gebruik na 1805, na die tweede besetting van die Kaap deur Brittanje, en daarna veral na die Tweede Vryheidsoorlog. Met CNO het die Afrikaner uitdrukking gegee aan sy ideaal om sy kinders deur die onderwys op te voed volgens reformatories-Bybelse beginsels, in sy stryd teen die sekularisering en verengelsing van die openbare onderwys (Stoker, 2002; vgl. ook Matsaung, 1999:62).

Na 1906 het die staat aan die Afrikaner sy eie skole voorsien na aanleiding van die CNO-stryd. Die Afrikaanssprekende en die Engelssprekende het afsonderlik hulle eie "volk"-skole gehad (vgl. Stoker, 2002).

Die strewe na Christelike skole het egter bly voortbestaan en sou eers onder die apartheidsregering na 1948 'n werklikheid word.

Die hoogtepunt van die "apartheidsbedeling" in die onderwys is bereik met die promulgering van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967). Hierdie wet gee statutêre beslag aan die apartheidsbeleid in die skool se onderwys. (Van der Walt, 1997:1).

Die CNO-beleid is gebore uit die Afrikaner se strewe na selfbeskikkingsreg. In die woorde van Morrow (1990:37): "The Christian National Education movement arose out of political struggle, and the idea that different "people" should have their own distinctive 'philosophies of education' is deeply embedded in CNE thinking about schooling policy."

Baie Afrikaners het gevoel dat die nasionale omgewing Christelik in karakter moet wees, en dat dit veral bereik moet word deur die beleid in die skole (Matsaung, 1999:62). 'n Fundamentele beginsel wat beleidmakers beïnvloed het, was die filosofie dat ouergemeenskappe die reg het om self te besluit wat die godsdienstige etos van hulle skole moet wees. Hierdie beginsel het sy wortels in die stryd teen die Britse oorheersing, maar ook in die Gereformeerde belydenis dat ouers self verantwoordelik is vir die opvoeding van hulle kinders (Mitchell, 1993:114).

Die Afrikaner het homself as die voog van die inheemse volke in Suid-Afrika gesien. Hierdie siening is ook in die onderwys van swart mense ingedra (Matsaung, 1999:63). Mitchell (1993:113) verduidelik dat swart onderwys voorheen grootliks in die hande van sendingorganisasies was. Swart onderwys het egter nou verskuif van die kerke na die staat, en het bekend gestaan as Bantu Onderwys. Die gevoel was dat ook swart ouers voortaan self moes besluit oor watter godsdienstige etos binne hulle skole sou geld, maar ongelukkig het dit in die praktyk van die CNO-beleid nie so gebeur nie. Die sillabusse vir alle vakke sou 'n onderliggende Christelike filosofie reflekteer. Godsdiensonderrig is gesien as geleenthede vir evangelisasie. Staatsonderrig sou die instrument wees om die "Koninkryk van God in Suid-Afrika" te vestig (Mitchell, 1993:114).

Die gevoel het egter bestaan dat die CNO-beleid die Christelike godsdiens op mense met ander godsdienstige oriënterings afdwing (Matsuang, 1999:66). Verdere kritiek teen die beleid was die departement van Bantu Onderwys se bepaling dat die helfte van die vakke op skool in Afrikaans as taalmedium onderrig moes word. Daar het ook 'n algemene gevoel bestaan dat swart onderwys in Suid-Afrika minderwaardige onderwys was. Uiteindelik het hierdie teenstand gelei tot grootskaalse verset in 1976 (Van der Walt, 1992:3).

Hoewel die verset teen die CNO-beleid grootliks polities van aard was, het baie groepe dit ook as 'n regstreekse aanval op hulle godsdiensvryheid beleef (Matsuang, 1999: 66).

### 2.3.4 Die huidige beleid oor godsdiensonderrig en godsdiensoefening in Suid-Afrikaanse skole

Op 12 September 2003 het die destydse minister van onderwys, professor Kader Asmal, die regering se "National Policy on Religion and Education" in die staatskoerant gepubliseer.

In hierdie dokument word duidelik onderskei tussen "Religious Education/ Instruction[3]" (godsdiensonderrig), "Religion Education[4]" (onderrig óór, of "in verband

[3] Met "religious instruction" word verwys na "a programme of instruction which is aimed at providing information regarding a particular set of religious beliefs with a view to promoting adherence thereto".

met" godsdienste) en "Religion Observances" (godsdiensbeoefening). In hierdie verband skryf minister Asmal: "...we work from the premise that the public school has an educational responsibility for teaching and learning about religion and religions, and for promoting these, but that it should do so in ways that are different from the religious instruction and religious nurture provided by the home, family, and religious community (Ministry Of Education, 2003.) ."

Volgens die minister berus hierdie beleid op die volgende beginsels:

- Regeringsbeleid met betrekking tot die rol van godsdiens in openbare skole in Suid-Afrika behoort uit die "grondwetlike kernwaardes" van burgerskap, menseregte, gelykheid, vryheid van diskriminasie, gewetensvryheid, godsdiensvryheid, denkvryheid, geloofsvryheid en meningsvormingsvryheid voort te vloei.
- Openbare skole het 'n "opvoedkundige verantwoordelikheid" om onderrig- en leergebeure met betrekking tot godsdiens en godsdienstige verskeidenheid, op ander wyses te laat plaasvind as waarop godsdiensonderrig en godsdienstige versorging tradisioneel deur die ouerhuis, breër familiebetrekkinge en godsdiensgemeenskappe hanteer is.
- Onderwys in verband met godsdienste en godsdienstige verskeidenheid behoort 'n akademiese leerprogram met duidelike opvoedkundige doelstellings en doelwitte te wees, wat daarop gemik is om onderrig- en leergebeure in verband met godsdiens, godsdienste en godsdienstige verskeidenheid, in sowel Suid-Afrika as in die res van die wêreld, te rig en te stuur.
- Leerders se "leer" in verband met godsdiens, godsdienste en godsdienstige verskeidenheid, dien belangrike opvoedkundige uitkomste soos dit veral in Kurrikulum 2005 vergestalt word.
- Onderrig oor godsdiens, godsdienste en godsdienstige verskeidenheid behoort slegs deur professioneel opgeleide onderwysers (opvoeders) gefasiliteer te word en behoort slegs deur sogenaamde "opvoedkundige uitkomste" gedrewe te wees.
- Leerprogramme met betrekking tot onderwys in verband met godsdienste en godsdienstige verskeidenheid moet met die nodige samehang, diepgang en

[4] "Religion Education" beskryf 'n aantal kurrikulum-uitkomste wat aandui wat 'n leerder oor godsdiens behoort te weet.

omvang ontwikkel word en moet deur toepaslike onderrig- en leermateriaal, asook assesseringskriteria, ondersteun word.

- Onderwys in verband met godsdienste kan tot die totstandkoming van 'n multikulturele, geïntegreerde skoolgemeenskap lei wat die beginsel van "eenheid in verskeidenheid" (wat op sigself 'n verklaarde regeringsbeginsel is) sal kan help vestig.

(Ministry of Education, 2003; vgl. in hierdie verband ook Ministry of Education, 2001:44).

### 2.3.4 Die toepassing van die beleid in skole

Die minister verduidelik dat hierdie beleid in alle staatskole geïmplementeer gaan word. Die vraag is dan onmiddellik hoe hierdie beleid privaatskole en dan spesifiek Christelike privaatskole, raak? In hierdie verband stel die dokument dit duidelik dat die burgers van Suid-Afrika in terme van die grondwet die reg het om op eie onkoste privaat of onafhanklike godsdienstige skole[5] te stig, mits hierdie skole hulle nie aan rassediskriminasie skuldig maak nie. Verder moet so 'n skool by die staat as instelling registreer en voldoen aan onderrig-standaarde soos deur die staat voorgeskryf. Hierdie skole het dan die reg om self die godsdienstige etos van die skool te bepaal, en die regering sal ook nie voorskryf hoe godsdiensbeoefening en godsdiensonderrig by hierdie instellings behoort te geskied nie (Ministry of Education, 2003).

Die regering hou hom egter die reg voor om die inhoud van die kurrikulum vir onderrig oor godsdiens (religious education) voor te skryf, om sodoende die standaard en uitkoms van die leerarea te kontroleer (Ministry of Education, 2003). Eenvoudig gestel beteken dit dat alle skole, ook privaatskole, verplig sal wees om die staatsvoorgeskrewe onderrig oor godsdienste in hulle leerplan in te sluit[6].

---

[5]Vergelyk afdeling 29(3) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, asook afdeling 14 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet no 27 van 1996).

[6] Vergelyk afdeling 57 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet no 27 van 1996).

### 2.3.4.1 Die inhoud van "onderrig oor godsdienste'

"Onderrig in die godsdienste" staan nie spesifieke godsdienstige standpunte voor nie, maar verskaf inligting aan leerders oor verskillende godsdienste, wêreldvisies, tradisies en filosofieë. Die doel van onderrig oor godsdienste is om leerders die geleentheid te gee om hulleself te ontdek, en aanvaarding van ander te kweek. Onderrig oor godsdienste sal spesifiek in die leerarea "Lewensoriëntering" aangebied word. Verder sal 'n nuwe vak, genaamd Godsdiensstudies of Godsdienskunde, vir die Verdere Onderrig- en Opleidingsfase (Graad 10-12) aangebied word. Dit sal 'n keusevak wees en die leerder sal die geleentheid gegee word om in een of meer godsdienste te spesialiseer (Ministry of Education, 2003).

In die Grondslagfase (Graad 1-3), sal leerders leer oor die verskillende simbole, diëte, kleredrag en heilige- en aanbiddingsplekke. In die Intermediêre Fase (Graad 4-7), sal leerders bekend gestel word aan verskillende waardes, feeste, rituele, en gebruike van verskillende godsdienste. In die Senior Fase sal hulle geleer word hoe die verskillende spirituele filosofieë verbind word aan die gemeenskap, sosiale waardes en gebruike (Ministry of Education, 2003). Spesifieke voorbeelde van hoe hierdie leerplan in die praktyk geïmplementeer word, sal in Hoofstuk 4 behandel word.

**<u>Verkorte kurrikuluminhoud vir Graad R-9:</u>**

| **Graad** | **Inhoud** |
|---|---|
| R/0 | Herken en benoem simbole van eie godsdiens. |
| 1 | Pas die verskillende simbole by godsdienste eie aan Suid-Afrika. |
| 2 | Beskryf die verskillende feesdae van elke godsdiens. |
| 3 | Beskryf die dieet, kleredrag en versierings van verskillende godsdienste. |
| 4 | Bespreek belangrike plekke en geboue van elke godsdiens. |
| 5 | Bespreek die rituele, feeste en gebruike van godsdienste |
| 6 | Bespreek die waardigheid van 'n persoon in elke godsdiens. |
| 7 | Verduidelik die rol van mondelinge oorlewering en geskrifte in die godsdienste van die wêreld. |
| 8 | Bespreek die bydrae van verskillende godsdienste tot sosiale ontwikkeling in die wêreld. |
| 9 | Bespreek die bydrae van die verskillende godsdienste tot wêreldvrede. |

### 2.3.4.2 Godsdiensonderrig (religious instruction) in skole

Die regering sien godsdiensonderrig (in ons geval verbondsonderrig), as primêr die taak van die ouerhuis, die familie en die godsdiensgemeenskap. Godsdiensonderrig behoort deur ampsdraers of ander persone wat deur die gemeenskap aangewys is, aangebied te word. Sodanige onderrig mag nie deel uitmaak van die amptelike skoolprogram nie. Skole word wel aangemoedig om hulle fasiliteite vir hierdie doel beskikbaar te stel. Bywoning van godsdiensonderrig mag nie verpligtend wees nie. Geen godsdiens mag gemarginaliseer word nie (Ministry of Education, 2003).

Belydende (evangeliserende) en sektariese[7] vorme van godsdiensonderrig is onaanvaarbaar en hoort nie binne die skopus van 'n godsdienspluralistiese samelewing nie.

### 2.3.4.3 Godsdiensoefening in skole

Beheerliggame van skole mag die fasiliteite van die skool vir godsdiensoefening beskikbaar stel, mits deelname op 'n vrywillige basis geskied. Verder moet die beskikbaarstelling van fasiliteite op 'n gelyke basis geskied en mag een godsdiens

[7] Word gebruik om die godsdienstige benadering te beskryf waar 'n enkele geloof, tradisie of dogma as vertrekpunt gebruik word om bepaalde perspektiewe oor te dra.

nie bo 'n ander bevoordeel word nie. By skole kan godsdiensoefening die volgende insluit:

- vrywillige publieke geleenthede, waar van die skool se fasiliteite gebruik gemaak word,
- vrywillige geleenthede van samekoms binne die skoolgemeenskap (leerders en leerkrag),
- geleenthede wat op 'n vrywillige basis bygewoon word tydens pouses,
- godsdiensoefening wat ander dimensies aanneem soos dieet, kleredrag, gebedstye ens.

Die dokument gee die volgende riglyne vir godsdiensoefening om op 'n gelyke basis te kan geskied:

- die skeiding van leerders met die verskillende godsdienstige oortuigings, waar elke geloof gelyke geleentheid gegee word om hulle geloof te beoefen;
- rotasie van geleenthede vir beoefening – so kan godsdienste om die beurt die geleentheid gegee word om die opening waar te neem; daar kan uit verskillende geskrifte voorgelees word;
- die gebruik van universele gebed, of geleentheid vir stilgebed.

(Ministry of Education, 2003).

Samekomste by skole behoort geleenthede te wees waar die "eenheid in verskeidenheid" wat godsdiens betref, gevier word. Geen staatskool mag een godsdiens bo 'n ander bevoordeel of 'n ander onderdruk nie.

# Hoofstuk 3 - Prinsipiële beoordeling van godsdiensvryheid in die lig van die Woord van God

## 3.1 Inleiding

Vryheid van godsdiens word deur talle persone en instansies as die mees fundamentele van alle menseregte beskou, iets wat ook die krag van godsdiens in die samelewing onderstreep (Coertzen, 2002). Volgens Malherbe (2002:14) is die reg tot godsdiensvryheid so fundamenteel omdat dit sterk gekoppel word aan die ander konstitusionele waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Wie vryheid van godsdiens respekteer en bevorder, respekteer daarmee saam ook al hierdie waardes.

Vryheid van godsdiens is dus 'n saak wat van uiterste belang is in die funksionering van 'n grondwetlike demokrasie. Vir die staat is kerk en godsdiens belangrik omdat godsdiens 'n krag in die samelewing is wat nie geïgnoreer kan word nie. Godsdiens is belangrik vir individue, groepe, vir die reg, vir die politiek, sowel as vir die samelewing en kultuur. Tog is daar dikwels onduidelikheid oor wat die verhouding tussen godsdiens en die gemelde instansies behoort te wees, of anders gestel, wat vryheid van godsdiens vir die samelewing beteken (vgl. Coertzen, 2002.).

Vir kerke is hulle verhouding met die staat belangrik, enersyds omdat die staat die mees uitstaande en omvattende lewensverband is waarmee hulle te doen kry, maar andersyds ook omdat hulle vanweë die aard van die staat moet sorg dra dat in hulle verhouding met die staat, die daadwerklike hoofskap van Christus oor die kerk op geen wyse in gedrang kom nie (Coertzen, 2002.)

Die doel van hierdie hoofstuk is dus om godsdiensvryheid prinsipieel vanuit die Woord te fundeer. Vir dié doel is dit eerstens belangrik om 'n duidelike onderskeid te tref tussen godsdiensvryheid en godsdiensgelykheid, juis omdat hierdie twee begrippe dikwels verwar word. Die vraag is dan wat die Bybelskorrekte verstaan van godsdiensvryheid moet wees? Om hierdie vraag te beantwoord gaan die verskillende standpunte rondom die verhouding tussen kerk en staat gestel, en vanuit die Skrif

beoordeel word. Uiteindelik gaan 'n Bybelse standpunt oor die verhouding tussen kerk en staat gestel word, om sodoende Skrifgefundeerde beginsels vir die verstaan en toepassing van godsdiensvryheid daar te stel.

## 3.2 Godsdiensverskeidenheid, -gelykheid en –vryheid.

Die terme godsdiensvryheid en godsdiensgelykheid word dikwels met mekaar verwar. Die standpunt word dikwels gestel dat werklike godsdiensvryheid slegs moontlik is wanneer die gelykheid van alle godsdienste aanvaar word. Hoewel daar 'n verband is tussen godsdiensvryheid en godsdiensgelykheid, is dit egter twee verskillende begrippe (vgl. Van der Walt, 1994:19).

Godsdiensvryheid is in wese 'n juridiese begrip wat aandui hoe die owerheid in 'n godsdiensplurale samelewing godsdiens moet hanteer. Godsdiensvryheid beteken in hierdie geval slegs dat die owerheid ruimte gee aan verskillende godsdienste om te funksioneer, plekke van aanbidding daar te stel, en inligting oor daardie spesifieke godsdienste te versprei (vgl. Vorster, 1993a:14).

Godsdiensgelykheid impliseer egter dat alle gode gelyk is, en daar bestaan dus nie iets soos 'n "Een ware God" nie. Godsdiensvryheid is egter wel in juridiese terme godsdiensgelykheid, omdat godsdiensvryheid die owerheid verplig om alle godsdienste gelyke behandeling en beskerming te bied (Kamphuis, 1999: 7). Die feit dat die Christen godsdiensvryheid ondersteun, impliseer egter geensins dat hy daarmee die gelykheid van alle godsdienste onderskryf nie (Van der Walt, 1994:23). In hierdie verband skryf Vorster (1993b:27),"... dat godsdiensvryheid as juridiese term nie impliseer dat godsdienste in teologiese sin gelykwaardig is, en prinsipieel vermeng moet word, of dat die bestaan van afgode daarmee erken word nie. Uit die oogpunt van die owerheid is godsdiensvryheid bloot die alternatief op godsdiensvervolging wat bloedige spore deur die geskiedenis gelaat het."

Die term godsdiensgelykheid is nie vir Christene aanvaarbaar nie omdat hulle glo en bely dat daar net Een ware God is, en dat geen "vals" god gelyk gestel kan word aan die ware God nie (vgl. Coetzee, 1994: 5).

Vandag is daar wêreldwyd steeds religieuse oorloë. Uit 'n menslike standpunt is die term godsdiensvryheid dus bloot geskep uit 'n behoefte aan vrede op aarde, tussen die verskillende godsdienste onderling en die owerheid. Godsdiensvryheid is dus iets wat voortspruit uit die sondeval in die paradys, en 'n poging van die mensheid vandag om vrede op aarde te probeer bewerkstellig (vgl. Vorster, 1993a:14; Kamphuis, 1999: 7;Van der Walt, 1994:23).

## 3.3 Bybelse begronding van godsdiensvryheid

Godsdiensvryheid kan op verskillende maniere gefundeer word, byvoorbeeld op grond van religieuse relativisme, onverskilligheid teenoor die waarheidsvraag, of bloot op grond van 'n menslike behoefte na vrede tussen verskillende godsdienste. Christene stel egter die vraag of die Bybel ook gronde vir godsdiensvryheid bied en wat die gronde daarvoor presies is. Hierop sal nou gekonsentreer word.

Soos met enige etiese kwessie is die beginpunt in die Bybel die wet van God. Die eerste twee gebooie het veral betrekking op godsdiensvryheid. Daarom volg hier 'n kort eksegetiese studie oor hierdie gebooie.

Die eerste gebod.

*Eksodus 20:1 Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.*

In hierdie geval is dit belangrik om die plek van die gebod in ag te neem. Die gebod is eerste geplaas juis omdat dit so 'n sentrale en beheersende posisie in die tien gebooie het, en in die godsdienstige lewe van die Christen inneem (De Bruyn, 1993:26). Die eerste gebod kan inderdaad as die belangrikste gebod beskou word. As die eerste gebod wegval of verander word, verloor al die ander gebooie hulle waarde. As God se volk toegelaat word om ander gode te dien, verloor die wet sy hele betekenis. Dit is God se wet aan sy volk. As hulle nie die eerste gebod nakom nie, is daar geen sin in die ander gebooie nie (De Bruyn, 1993:26-27).

In hierdie gebod word op 'n menslike wyse van God gepraat asof Hy 'n aangesig soos 'n mens sou hê. Hier moet die sinekdogee-karakter van die tien gebooie in ag geneem word: Dit wil sê, daar mag voor God, of in die teenwoordigheid van God (wat oor alles is) geen ander gode gedien word nie.

Dié gebod maak dit baie duidelik dat God dit nie duld dat ander gode gedien word nie. Die enkelvoud van die werkwoord, die enkelvoud van die onderwerp, en die indirekte voorwerp met die meervoudigheid van die voorwerp, maak hierdie 'n baie duidelike opdrag dat God geen ander gode duld nie(vgl. Durham, 1998:elek.; Gispen, s.a.:64).

Die feit dat hier gepraat word van ander gode beteken nie dat hulle bestaan nie. Daar is net een ware God (vgl.1 Timotheüs 2:5). Die ander gode is afgode, gode wat deur mense uitgedink is. God het die mens geskep met 'n godsbewussyn. Daarom is daar geen mens sonder 'n god nie. As ongelowiges rig die mens hierdie behoefte aan 'n god, egter nie op die een ware God nie, maar op enigiets anders wat die plek van die ware God moet inneem. Dit is dan wanneer die mense selfs vir 'n stuk hout sê: jy is my vader, en vir 'n klip, jy het my gebaar (Jer. 2:27) (Marais, 1978:40).

Die tweede gebod. Eksodus 20:4-6:

*Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God, wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat my haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat my liefhet en my gebooie onderhou.*

Tussen die eerste en die tweede gebod is daar 'n duidelike onderskeid. In die eerste gebod word ons beveel om nie 'n verkeerde (af)god te dien nie. In die tweede gebod gaan dit daaroor dat ons God op die regte wyse moet dien. Dit wys in besonder daarop dat God nie gedien wil word deur sigbare dinge nie, maar in die geloof (vgl. De Bruyn, 1997:251; Marais, 1978: 54).

God verbied dat daar enige gesnede beeld gemaak word om Hom te dien. Die woord *pesel* word hier gebruik vir gesnede beeld. Dit dui 'n beeld aan wat uit hout gesny of uit klip gekap is. Die ander soort afgodsbeelde wat gemaak is, word aangedui as gegote beelde en is waarskynlik van metaal gemaak (vgl. De Bruyn, 1993: 60; Baker,1994: 2355). Hoewel gegote beelde nie pertinent genoem word nie, word dit wel veronderstel (De Bruyn, 1993: 60).

Daar mag ook nie enige gelykenis van wat "bo in die hemele" of van "onder die aarde" of "in die water onder die aarde" is, gemaak word nie. Die kreatuurlike vorms waarin God nie afgebeeld mag word nie, word hierin aangedui. Die uitdrukking moet ook in die lig van die antieke wêreldbeeld gesien word. Dit wys ook op totaliteit: Die mens mag geen afbeelding maak van wat God geskep het, en dit dien nie.

Vir die verstaan van hierdie gebod vandag is die sosio-kulturele agtergrond daarvan van belang. Israel het tussen die heidennasies geleef. Hierdie nasies het vir hulle afbeeldinge van hulle gode gemaak. Die afbeeld was dan soos 'n ambassadeur wat in 'n ander land, sy land en volk verteenwoordig. So het die beeld die betrokke godheid verteenwoordig - in die beeld is die godheid self teenwoordig onder die mense waar die beeld staan. God laat hom egter nie bind deur beelde en mense wat beelde maak nie. Hy is alomteenwoordig. God wil ook nie dat sy volk die godsdiens van die heidennasies na-aap nie. Hy is immers radikaal anders, daarom is die godsdiens van Israel ook radikaal anders (De Bruyn, 1993: 63).

Vir ons is nie soseer die verbod op die maak van beelde van belang nie, maar die implikasie van hierdie gebod in die algemene lewe van die gelowige. Volgens Sondag 35 van die Heidelbergse Kategismus verbied hierdie gebod alle vorme van eiewillige godsdiens. Godsdiensvryheid sou dan as 'n stilswyende goedkeuring van eiewillige godsdiens gesien kan word. Daar is net een ware God, daarom kan daar ook net een ware godsdiens wees - aanbidding op die wyse soos God dit in sy Woord aan ons beveel (vgl. Marais, 1995:elek.).

Uit die eksegese het dit duidelik geword dat God eis dat sy kinders Hom alleen moet dien, en dan ook op geen ander wyse as wat Hy beveel nie. Die voortspruitende vraag is egter of die wet van God nie sleg vier gelowiges bedoel is nie? Vervolgens sal gekyk word na die verhouding van die ongelowige met die wet van God.

### 3.3.1 Die ongelowige en die wet

Die argument word dikwels geopper dat die Wet van God slegs geld vir hulle wat kies om hulle daaraan te onderwerp.

Die ongelowige is egter ten nouste by die wet van God betrokke. Wanneer die heiden wel die dinge van die wet doen, dit wil sê dade verrig wat ooreenstemming met die wet vertoon, lewer dit onomwonde getuienis dat God steeds met hulle besig is; ook oor hulle heers. Wanneer die heidene hulle in hul dade deur reëls en orde laat bepaal, lewer dit bewys van die werking van God se Gees in hulle, waar hulle die onderskeid tussen reg en verkeerd ken en ook reg gebruik, omdat hulle in hul gewete daardeur aangespreek word en daaraan gebonde voel (Rom. 2:14, 15), (vgl. Heyns, 1982:304-305; Marais, 1995:elek.).

Die ongelowige vervul egter nooit die wet nie, hy doen slegs die dinge van die wet omdat die werk van die wet in sy hart geskrywe staan. Dit is egter geen aangebore besit, 'n natuurlike sedelikheid of natuurreg waaroor elke mens beskik nie, aangesien die menslike hart totaal deur die sonde bedorwe is. Die doen van die dinge van die wet, ook deur die heiden, is gegrond op die feit dat God die Skepper en Onderhouer van alle dinge is en nooit laat vaar die werke van Sy hande nie. (Joh. 5:17). Hy het die gevalle mens nie aan sy lot oorgelaat nie, maar maak steeds bemoeienis met alle mense (vgl. Pred. 12:13) (vgl. Heyns, 1982:304-305; Marais, 1995:elek.).

Dit staan daarom vas dat geen heiden of ongelowige kan sê dat hy geen verantwoordelikheid teenoor die gebooie van God het nie, dat hy kan lewe soos hy wil of maak wat hy wil omdat hy nie 'n Christen is nie. God duld nêrens die sonde nie. Sy wette mag ook nie deur die heidene oortree word nie (Sag. 6:1–8): *"God trek immers niemand voor nie. Almal wat sonder die wet van Moses gesondig het, sal ook sonder die wet verlore gaan; en almal wat onder die wet gesondig het, oor hulle sal volgens die wet geoordeel word."* (Marais, 1995:elek.).

Met die vraag geantwoord dat die ongelowige ook onder die wet staan kan daar nou gekyk word na die implikasie van die eerste twee gebooie vir godsdiensvryheid.

### 3.3.2 Implikasie van die eerste en tweede gebod vir godsdiensvryheid

Gesien in die lig van wat oor die eerste twee gebooie geskryf is, wil dit voorkom asof godsdiensvryheid nie Bybelgefundeer kan word nie. Ons kan in dié verband sê dat dit God se wil is dat alle mense Hom moet dien.

Die realiteit van die sondige, gebroke wêreld is egter dat dit nie die geval is nie. Daar is letterlik duisende mense wat nie in God glo nie en verkies om afgode te dien. Soos reeds aangedui, was dit alreeds in die tyd toe die wet aan Israel gegee is, die geval. 'n Tweede realiteit van die sondige wêreld is ook die religieuse oorloë wat deur die eeue onder die mensdom voorgekom het. Ons het dus hier te doen met, wat genoem kan word, 'n botsing van pligte. Onder die botsing van pligte word verstaan dat 'n mens, as gevolg van die gebrokenheid van die menslike lewe vanweë die sonde, in 'n situasie kan beland waar gehoorsaamheid aan een gebod kan lei tot die oortreding van 'n ander (De Bruyn, 1993:13).

Die vraag is nou wat die Christendom, en by name die kerk, te doen staan in hierdie situasie? Kan daar op grond van die eerste twee gebooie afgelei word dat, van die kerk en owerheid, godsdiensdwang en selfs godsdiensvervolging verwag word? Ten einde hierdie vrae te beantwoord gaan daar na enkele riglyne uit die Skrif as geheel gekyk word. Daar sal ook breedvoerig op die verhouding tussen kerk en staat ingegaan word.

### 3.3.3 Godsdiensvryheid in die lig van die Skrif as geheel

Die tien gebooie verstaan as pligte en regte?

Die Bybel openbaar dat elke mens geskape is na die beeld van God (vgl. Gen. 1:27; 9:6 en Jak. 3:9) en dat God aan die mens sekere regte en verantwoordelikheid gee (Gen. 1:28). Volgens Douma (1990:56) behoort dus nie uit die eerste gebod afgelei te word dat die owerheid hom moet verbind tot die handhawing en uitbouing van die Christelike godsdiens nie. Die eerste gebod impliseer wel dat die gelowige die vryheid moet hê om God volgens sy Woord te dien. Die tweede gebod vestig ook die reg van die gelowige om God in vryheid te dien, sonder dat hy deur die owerheid verplig kan word om 'n ander godsdiens te beoefen (vgl. Vorster, 2001:15).

God gee aan die mense ruimte om Hom te soek en te dien – Hy laat die mens en die volk selfs toe om hul eie koers te gaan (Hand. 14:16).

Hy gee ook aan elke mens gewetensvryheid (Rom. 2). Ons mag dus ook nie teenoor enige persoon as gevolg van sy/haar godsdienstige oortuigings diskrimineer nie.

Die God van die Bybel is 'n goeie, lankmoedige God. Hy laat die son opkom oor goed en sleg, Hy laat reën oor regverdiges en onregverdiges (Matt. 5:45). Hy is ook geduldig en lankmoedig en gee mense kans om hulle te bekeer (Joh. 4:2; Rom. 2:4; 2 Pet. 3:9 en Hand. 14:17). Die finale oordeel oor wat waar en vals is, behoort nie by die mens, die kerk of 'n regering te lê nie, maar by God alleen (Rom. 12:19). Die belangrikste grond of fundering vir godsdiensvryheid is dus nie die *mens* se verdraagsaamheid nie, maar God se toleransie of lankmoedigheid (Van der Walt, 1994: 21).

Op hierdie selfde manier wat God met die mens handel, moet mense ook teenoor mekaar optree (vgl. Luk. 9:52-56). God se geduld beteken nie dat Hy onmenslikheid en allerhande ander kwaad goedkeur nie, maar dat Hy die mens geleentheid bied om tot inkeer en omkeer te kom (Van der Walt, 1994: 22).

Die Evangelie word nie met geweld/dwang uitgedra nie, maar deur middel van oortuiging en oorreding (1 Kor. 1:17 ev.; vgl. Sag. 4:6). Dit veg met geestelike en nie met vleeslike wapens nie (Matt. 26:52; 2 Kor. 10:4). Dit kom in vrede en nie in onvrede nie (Joh. 18:36). Hoewel die kerk as 'n strydende kerk voorgestel word (Ef. 6:12), en ook as 'n vervolgde (Joh. 15:20; 2 Tim. 3:12) en pelgrimkerk (Hebr.11:13), wat geen spesiale voorregte geniet nie, is dit 'n instelling wat 'n geestelike stryd voer (Ef. 6:12) en dit met die wapens van die Gees doen (2 Kor. 10:4). Dit mag dus nie van politieke bevoordeling of selfs dwang gebruik maak om die koninkryk van God te bevorder nie (Van der Walt, 1994: 22).

## 3.4. 'n Christelike etiese perspektief op die verhouding tussen kerk en staat

Die doel van hierdie gedeelte is om van uit die hoek van verskillende teoloë nl.: Luther, Calvyn, Kuyper, Van Ruler, van Wyk, en Vorster, te gaan kyk wat die verhouding van staat en kerk Christelike-eties daar behoort uit te sien, deur elke teoloog se standpunte afsonderlik te beskou en te beoordeel.

### 3.4.1 Die standpunt van Luther

Luther tref 'n baie sterk onderskeid tussen kerk en staat. Hy voer aan dat elkeen sy eie terrein en sy eie taak het. Die kerk doen kerk-werk terwyl die staat/regering regeringswerk doen (vlg. Van Wyk, 1999:59).

Luther maak gebruik van twee terme wanneer hy oor die kerk en staat praat. Hy verwys daarna as die tweerykeleer ("zwei reiche lehere"). Na die kerk word verwys as die "geistiche reich" (geestelike ryk) wat 'n mens se bestaan voor God is (*Coram Deo*), en na die staat word verwys as die "weltiche reich" (wêreldse ryk) wat na 'n mens se bestaan as "Coram hominibus" (voor die mensdom) verwys (Whitford, 2004). Die geestelike ryk is ewig, 'n ryk van vryheid en gelykheid, teenoor die wêreldse ryk wat eindigend is - 'n ryk van rede en ongeloof (Whitford, 2004).

Saam met die gedagte van die twee ryke kom ook die idee van twee regerings ("zwei regimente lehere"). Die "geistiche regiment" is die geestelike regering van die kerk wat uitgevoer word deur die verkondiging van die Woord van God en die bediening van die sakramente. Die "weltiche regiment" is die wêreldse regering en word uitgevoer deur die keiser (staatshoof) deur middel van landswette. Die doel van die wêreldse regering is om die sonde te beperk (Whitford, 2004).

Die tweeryke- en tweeregeringsleer het ontstaan uit Luther se verstaan van die skepping en sondeval, en die wyse waarop hy na die eskatologie kyk (Couenhoven, 2002:183). Volgens Luther was dit nodig om na die sondeval die orde te herstel deur wetlike orde in te stel. Dit was nooit God se wil dat orde gehandhaaf moet word deur die afdwing van wette nie, maar omdat die koninkryk van die duiwel in rebellie was teen die koninkryk van God, en omdat die mens verdeeld was tussen die twee koninkryke, het God die wet gegee en die staat ingestel as noodmaatreël om die wet

af te dwing en sodoende orde te handhaaf (Couenhoven, 2002:183; Luther, 1531:139).

Luther begrond die gesag van die staat op Genesis 9. In dié hoofstuk gee God aan die mens die opdrag dat hy wat die lewe van 'n ander neem, self sy lewe moet gee as straf. Luther wys hieruit aan dat daar aan die staat gesag gegee word om die wet af te dwing. Luther voer aan dat, as God aan die mens (staat) die gesag gee oor lewe en dood, Hy sekerlik ook gesag gegee is oor dinge wat laer in die orde staan soos eiendom, die huis, vrou, kinders, ensovoorts (Whitford, 2004).

Die kerk handhaaf die geestelike regering. Luther trek die gesag van die kerk terug na voor die sondeval. Volgens Luther het die instelling van die gesag van die gesin en die huis begin met die opdrag in Genesis 2:16 en 17, waar God die mens beveel om nie te eet van die boom van goed en kwaad nie. Die gesag in die kerk is ingestel met die verkondiging van die woord aan Adam, en die gesag in die huis met die man as die hoof, is ingestel deurdat Adam die woord aan Eva moes verkondig (Whitford, 2004).

In die woorde van Couenhoven (2002:183) word die verdeling van die twee ryke goed saamgevat:

> "Luther assigns the use of the gospel to the spiritual regiment and any positive use of the law for moral guidance to the secular regiment. The two forms of God's word must be separated, because, in the fall, there comes about a separation between God's perfect will, instituted in the Creation and God's perfect will, instituted in the orders of the world."

So 'n radikale skeiding van kerk en staat loop egter maklik daarop uit dat, enersyds, die staat hom weldra met kerksake inmeng en die kerk al hoe meer begin domineer, en andersyds dat die kerk sonder protes en profesie moet toekyk hoedat staatsabsolutisme hand oor hand toeneem. Gevolglik word die kerk 'n speelbal in die hand van die staat. Die kerk wat hom nie oor die politiek (staat) uitspreek nie, gee aan die staat 'n oop mandaat om te doen wat hy wil (Van Wyk, 1998:25).

Hoewel nie ten volle saamgestem kan word met die sterk onderskeiding wat Luther tussen kerk en staat maak nie, het hy in hierdie verband 'n belangrike bydrae gelewer. Luther was die eerste teoloog wat daarop gewys het dat die kerk en staat van mekaar geskei behoort te word. Luther het ook ander teoloë gestimuleer om hieraan aandag te gee. Vervolgens sal aan die standpunte van Calvyn aandag gegee word.

### 3.4.2 Die standpunt van Calvyn

Calvyn wys ons daarop dat die mens op tweërleiwyse geregeer word, naamlik die innerlike geestelike regering en die uiterlike burgerlike regering (vgl. Duvenage, 1967:537; Vorster, 2004:219).

God stel die burgerlike regering in vanweë die kwaad, sodat die suiwer geloof nie ten gronde gaan nie. Die burgerlike en geestelike regering moet nie onverstandig met mekaar vermeng word nie, en moet onderskei word. Calvyn waarsku daarteen dat die burgerlike regering nie beskou moet word as iets "onreins" wat die gelowige nie aangaan nie (Vorster, 2004:219).

Oor die taak van die burgerlike regering sê Calvyn die volgende: "Maar solank ons onder mense verkeer, is hierdie regering bestem om die uiterlike godsdiens te koester en te beskerm; die gesonde leer van godsvrug en die toestand van die kerk te beskerm; ons lewe na die gemeenskap van mense te skik; ons sedes volgens die burgerlike geregtigheid te vorm; ons met mekaar te versoen en die gemeenskaplike rus en vrede te voed" (Calvyn, IV:XX:2:1823).

Verder is dit ook die taak van die owerheid om "ook afgodery, geen heilskennis teen God se naam, geen laster teen sy waarheid en ander ergernisse teen die godsdiens wat in die openbaar sou ontstaan en onder die volk uitgestrooi word nie; dat die openbare rus nie versteur word nie; dat elkeen dit wat aan hom behoort, veilig en ongeskonde mag behou; dat mense onderling ongestoord handel mag dryf en dat eerbaarheid en selfbeheersing onder hulle geëerbiedig mag word. Kortom dat 'n openbare beeld van hulle godsdiens onder Christene moet bestaan en beleefdheid onder mense onder mekaar (Calvyn, IV:XX:3:1824) .

Dit is egter veral Calvyn se standpunt oor owerheid en godsdiens wat hier ter sake is. Die owerheid moet die ware godsdiens (vir Calvyn dus die gereformeerde godsdiens) beskerm en alle afgodery afweer. Hiervoor beroep hy hom op die argument dat die owerheid beide tafels van die wet moet handhaaf en hy beroep hom ook op die ou Griekse wysgere. Opmerklik in die redenasie van Calvyn hieroor, is dat hy homself beroep op tekste uit die Ou Testament en veral die argumente ten grondslag aan die idee van teokrasie. Hy trek dus 'n logiese lyn van die Ou Testamentiese teokrasie na die burgerlike regering in sy eie tyd. Die belangrike nuansering van die Nuwe Testament oor die teokrasie kom nie aan die lig nie (Vorster, 2003:266).

Calvyn wys uit Romeine 13 dat die owerheid deur God verordineer is en geëerbiedig moet word (vgl. Raath, 2002:204; Duvenage, 1967:540). In die lig van bogenoemde word daar na die burgerlike owerheid verwys as amp. Die staat (burgerlike owerheid) moet ook verantwoording doen teenoor God omdat hulle deur God aangestel is (vgl. Raath, 2002:204; Duvenage, 1967:540). Die rol van die kerk teenoor die staat is om te sorg dat die staat volgens die Skrif optree (Couenhoven, 2002:185).

Calvyn impliseer dus eintlik dat daar nie godsdiensvryheid moet wees nie. Die godsdienskonflikte wat hierdie beskouing in Nederland, Skotland, die VSA en Suid-Afrika tot gevolg gehad het, is algemeen bekend. Vanweë die gebrek aan Nuwe-Testamentiese insig en die onhoudbare betekenis daarvan vir 'n godsdienstig plurale samelewing, is die standpunt egter nie uitvoerbaar nie. Die toepassing daarvan stry ook teen die ander belangrike eis wat Calvyn aan die owerheid stel, naamlik dat die owerheid vrede moet bewaar en orde moet handhaaf. Godsdiensverdrukking maak vrede onmoontlik (Vorster, 2004:220).

Calvyn het ten doel gehad om die balans tussen 'n totale skeiding tussen kerk en staat en die kerk wat sy verantwoordelikheid en sy profetiese roeping nakom te herstel. Die groot gevaar in Calvyn se siening is sy absolute onverdraagsaamheid teenoor enige iets anders as die gereformeerde geloof.

### 3.4.3 Die standpunt van Kuyper

Om Kuyper se siening oor kerk en staat te verstaan is dit nodig om 'n arendsvlug oor sy teologie te doen. Kuyper lê in sy teologie klem op die kosmologiese soewereiniteit van God. Die kosmologiese aard van Kuyper se teologie kan gesien word in sy klem op die skepping en op Christus as skeppingsmiddelaar (Vorster 1999:9).

Die middelpunt van Kuyper se teologie is die dialektiese relasie tussen algemene en partikuliere genade. Vanuit hierdie onderskeiding ontwikkel Kuyper sy hele samelewingsleer (Vorster N, 1999:10). Dit is nodig om sy siening oor samelewingsleer en algemene en besondere genade te verstaan, om te kan verstaan hoe hy kerk en staat se verhouding sien (vgl. Vorster, N. 1999:10; Van der Vyver, 1972:31).

#### 3.4.3.1 Samelewingsleer

Vir die fundering van die beginsel van soewereiniteit in eie kring aanvaar Kuyper die absolute soewereiniteit van God as uitgangspunt. Daarmee hang onder meer saam dat God en wêreld radikaal van mekaar verskil, en dat die geskapene onder die wet en orde van God staan (Van der Vyver, 1972:36).

In Kuyper se eie woorde (in Van der Vyver, 1972:36), beskryf hy soewereiniteit in eie kring soos volg:

> "God riep instellings van allerlei orde in het leven, en aan elk van die schonk hij een zekere mate van macht. Hij gaf nie aan een enkele instelling al zijn macht, maar aan elke die instellingen die macht, die met haar aard en roeping overeenkwam". Die soewereinteit wat God aan die mens oordra "spreidt zij uit over velerlei en onderscheiden terrein, en daagt op elk dezer terreinen een ander karakter." Elkeen van die bedoelingsgesagskringe het 'n eie lewenswet, 'n eie afgebakende terrein en "maakt derhalven aanspraak op rechten en vrijheden, niet als gunsten door goedwilligheid verleend, maar als eisch om de hem van God gegeven levenswet te vervullen". Elke maatskaplike kring met 'n selfstandige karakter het in homself dus 'n hoogste gesag: "en dat hoogste gezag nu", sê Kuyper, " bestempelen we opzettelijk met den naam van souvereiniteit in eie kringe, om scherp en beslist uit te drukken dat dit hoogste gesag in elken kring niets dan God boven zicht heeft en dat de staat zich hier niet tusschen kan schuiven en hier niet uit eien macht heeft te bevelen."

Uit die woorde van Kuyper is dit duidelik dat hy uit die beginsel van soewereiniteit in eie kringe 'n grens stel vir alle aardse gesag, en wel deur die gesag van mense te verdeel en teosentries te veranker in die almag van God. Kuyper wil met die soewereiniteit in eie kring 'n duidelike skeiding tussen kerk en staat maak.

### 3.4.3.2 Algemene en besondere genade

Die onderskeiding wat Kuyper tussen kerk en staat maak, berus naamlik op die skolastiese teëstelling tussen natuur en bo-natuur, en die daarmee gepaardgaande skeidslyn wat Kuyper tussen die algemene genade en besondere genade probeer handhaaf. Op hierdie grondslag wil Kuyper die kerk se soewereiniteit in eie kring teenoor die gesag van die staatsowerheid handhaaf (Van der Vyver, 1972:36).

Die onderskeid tussen besondere en algemene genade korreleer volgens Kuyper met die skeppings- en verlossingsmiddelaarskap van Christus. Kuyper wys daarop dat Christus die wortel van die skepping is, en daarom ook die middelaar van die skepping. Tegelykertyd is Hy ook die wortel van die herskepping en daarom ook die besondere genade, omdat Hy die eersgeborene uit die dood is. Die verenigingspunt lê egter nie in Christus se bestaan as Ewige woord, en in sy vleeswording nie. Die enigste verenigingspunt tussen die algemene en besondere genade lê in Christus as Skeppingsmiddelaar, omdat Hy alleen op die gebied van besondere genade herskeppingsmiddelaar is, en nie ook op die gebied van algemene genade nie (Vorster, N., 2003:347).

Kortom, die onderskeiding tussen algemene genade en besondere genade word deur Kuyper (in Van der Vyver, 1972:48) saamgevat as:

> "De gemeene gratie strek om, in weerwil van het diep bederf der sonde, een menschelijk leven op aarde mogelik te maken; de particuliere genade redt ten eeuwigen leven en doelt niet op ons tegenwoordige leven, maar op onze existentie voor de eeuwigheid."

Die kerk kom uit die besondere genade en die staat uit die algemene genade voort. Op grond hiervan tref Kuyper 'n baie sterk onderskeid tussen kerk en staat (vgl. Van der Vyver, 1972:48; Vorster, N. 2003:347-348).

Die verhouding tussen kerk en staat word dus volgens Kuyper beheers deur die grondverhouding tussen algemene en besondere genade. Die staat het te doen met die geskape werklikheid en die burgerlike lewe, terwyl die kerk te doen het met die sondaarmense se inwendige. Die staat gebruik 'n uiterlike mag, terwyl die kerk 'n geestelike mag gebruik; die staat se mag is beperk tot 'n bepaalde gebied; die staat se werk lê in die hede, terwyl die kerk se werk in die ewigheid lê. So beweeg die kerk en staat in verskillende sfere waar die een nie by die ander mag inmeng nie (Vorster, N. 2003:348).

#### 3.4.3.3. Die kerk as instituut en organisme

Kuyper se beskouing van die kerk as instituut en kerk as organisasie moet gelees word saam met sy onderskeiding tussen die sigbare en onsigbare kerk. Aanvanklik het hy die onsigbare kerk die organisme genoem en die sigbare kerk die instituut. Later sien hy die universele gemeenskap van die gedooptes as die sigbare, organiese kerk, of die kerk as die sigbare orgaan. Die sigbare kerk het twee bestaansvorme, naamlik as instituut en as organisme (Vorster, 1996:181)

Die kerk as instituut is die kerk met sy woordbediening, nagmaalviering en sinodale vergaderings. Die kerk as organisasie is die gelowiges wat hulle, buite die kerk as instituut, organiseer in Christelike organisme soos 'n Christen--skool, 'n Christelike universiteit, Christelike koerantwese en Christelike politieke partye. Die kerk as instituut het niks met politiek te doen nie, maar die kerk as organisme het wel. Die konsekwensies is duidelik: indien daar nie 'n kerk as organisme is nie, het die politiek 'n oop mandaat sonder enige kritiek van die kerk af (vlg. Van Wyk, 1999:59).

#### 3.4.3.4 Die invloed van Kuyper se kerk en staat siening op die kerk.

Kuyper het veral vir Dooyeweerd beïnvloed wat dan soos Kuyper 'n onderskeid maak tussen *ecclesia invisibilis(onsigbare kerk)* en *ecclesia visibilis (sigbare kerk)* (Vorster, *1993:217)* . Volgens Dooyeweerd (in Vorster 1993:217) bevat die onsigbare kerk al die menslike samelwingstrukture en een van hierdie sameleweingstrukture is die kerkinstituut. Die verhouding tussen die kerkinstituut en die ander verbande is 'n verhouding van gelykwaardigheid omdat almal 'n gemeenskaplike religieuse wortel het, naamlik die onsigbare kerk.

Hy gee aan die kerkinstintuut as samelewingsverband 'n eie, maar tog ook begrensde struktuur en funksie ten opsigte van ander samelewingsverbande. Die kerkinstintuut is vir Dooyeweerd, wat struktuur aanbetref, 'n belydende kerk wat deur die diens van die Woord en die sakramente die geloof moet laat groei (Vorster, 1993:218).

Die konsekwensie van Dooyeweerd se samelewingsleer, wat hy hoofsaaklik bou op Kuyper se ekklesiologie , is dat die kerk as 'n instituut 'n Christelike sameleweingsverband, tussen ander Christelike samelewingsverbande is. Die taak van hierdie kerkinstituut is om die Woord te bedien, terwyl die ander samelewingsverbande Christelike kultuur moet positiveer. Die roeping van die geïnstituteerde kerk word hierin duidelik omlyn en beperk tot sake wat die instituut self raak en nie inmeng van ander Christelike samelewingsverbande nie (Vorster, 1993:218).

Vorster ( 1993:218) meen dat die gevolg van Dooyeweerd wat gebou is op Kuyper het groot reaksie in die Nederlandse Hervormende kerk en die Suid Afrikaanse Gereformeerde kringe veroorsaak. Daarmee saam meen Buys (1970: 171) dat beide die gereformeerde kerke in Nederland en die GKSA deur die beginsel struktuur en organisasie daarvan gestruktureer is. Verder dui Vorster (in Vorster, N. 2003:351) aan dat verskeie kerkregtelikes op 'n onkerktiese wyse die Kuyperiaanse spoor in hul interpretasie van artikel 30 van die Dortse kerkorde gevolg het.

Die siening het dan ook 'n invloed gehad op die GKSA se sienswyse ten opsigte van die kerk se roeping teen oor die staat (Vorster, N. 2003: 352). Vorster (1993:216) wys daarop dat die Kuyperiaanse denklyn homself manifesteer op die Gereformeerde kerklike vergaderings in 'n bepaalde interpretasie van Artikel 30 kerkorde, waarvolgens alleen kerklike sake op kerklike tafels mag dien. Kerklike sake word dan kerksentries verstaan as sake wat net met die kerklike instituut en die besondere gemeenskap van die gelowiges te doen het. Die gevolg van die Kuyperiaanse onderskeiding tussen die kerk as instituut en die kerk as organisme is dat daar baie meer klem gelê word op die behandeling van kerklike sake na binne as na buite. Die gevolge daarvan is verreikend in die GKSA

### 3.4.3.5 Beoordeling

Die vraag is egter of Kuyper se kerkmodel Christelik eties verantwoordbaar is. Ken die Bybel so 'n dubbele kerkbeskouing? Is dit so dat die kerk as instituut, byvoorbeeld in sy sinodale gestalte, geen uitspraak oor politieke kwessies mag maak nie? Indien wel, mag dit net prinsipiële uitsprake wees, of mag dit ook konkreet wees? (Vlg. Van Wyk, 1999:59)

Die groot gevaar van Kuyper se siening oor kerk en staat is dan dat die kerk nie meer sy profetiese roeping teen oor die staat nakom nie. Die kerk neig om baie na binne gefokus te wees en vergeet van sy roeping om die Woord van God te verkondig tot aan die uithoeke van die wêreld en so die koninkryk van God uit te bou. (Vgl. Buys, 1970:171-200 en Vorster, 1993:221-222).

Vervolgens sal gefokus word op Van Ruler se siening van die profetiese roeping van die kerk met betrekking tot die staat.

### 3.4.4 Die standpunt van Van Ruler

In die twintigste eeu het Van Ruler weer nuwe impetus gegee aan die idee van die teokrasie en die implikasies daarvan vir die politieke etiek. Vir hom is die idee van 'n teokrasie toepaslik vir die hele wêreldorde (Vorster, 2003:267).

Van Ruler verwerp die idee van 'n neutrale staat, omdat God deur die hele nasie gedien wil word. Volgens Van Ruler is 'n politieke bestel konfessioneel van aard – dit bely óf afgode óf die ware God (Vorster, N. 2003:361). Van Ruler sien neutraliteit as vyandskap teenoor die Woord van God wat volgens hom "imperialisties" is. Die Woord van God wil "nie geduld word nie, maar heers en toegepas word". Andersins wil dit verwerp en bestry word. Daar is dus geen middeweg nie (vgl. Van Ruler, 1945:238).

Van Ruler beskou die staat as 'n goddelike instelling wat deel het aan die geheimenisse van die kruis en dus deel het aan die Messianiteit van Jesus. Die staat en die kerk is oor die totale eksistensie verstrengelde. Hulle regeer saam en bewaar die heilige orde van die reg van God (vgl. Vorster, N. 2003:361).

Volgens Van Ruler gaan dit in die werk van God om die herstel van die hele wêreldorde tot 'n teokratiese grootheid. In hierdie herstelproses is Christus en die kerk slegs van interimwaarde. Die blywende grootheid is die staat wat 'n voorafskaduwing moet wees van die eskatologie. Die staat moet nou reeds die teokrasie reflekteer en het daarom ook 'n geestelike opdrag, wat beteken dat sy funksie ook die eerste deel van die Tien Gebooie moet behels. In die praktyk beteken dit dat die staat 'n besondere funksie ten opsigte van die evangelie en ten opsigte van die kerk vervul. Ten opsigte van die evangelie hou hierdie funksie in dat die staat as fundamentele wetgewer 'n bepaalde geloofsbelydenis moet hê (Vorster, 2004:221).

In sy teokratiese ideaal gaan dit dus vir Van Ruler daaroor dat die staat die kerk weer sal sien en erken (Vorster, N., 2003:361). In hierdie verband skryf Van Ruler (1945:342): "Theocratish wordt daarom de kerk alleen dan werkelijk erkend, wanneer de staat in alle dingen, waar hij mee bezig is, naar de kerk luistert en ook opzettelijk de kerk raadpleegt."

#### 3.4.4.1 Ten opsigte van die kerk

Van Ruler se kerkbegrip hou in dat die kerk se profetiese roeping teenoor die owerheid feitlik onbeperk is. Die kerk se katolisiteit impliseer dat haar profetiese roeping tot alle momente en fasette van die lewe strek. Die kerk se profetiese roeping is onbeperk omdat alle momente binne 'n teokratiese werklikheidsbeskouing te doen het met die eskatologiese handelinge van God. Die kerk moet haar spesifiek rig tot die owerheid wat deur God aangestel is om oor die volk te regeer, sodat die owerheid die volk sal regeer in die lig van die Woord (Vorster, N. 2003:360).

Die kerk se taak teenoor die owerheid is voorbidding by God, voorspraak by die volk en voorligting aan die owerheid uit Gods Woord (Van Ruler, 1945:322). Hierdie take word nie in onderworpenheid aan die staat verrig nie, maar vanaf 'n kritiese afstand. Die doel van hierdie take is die permanente ontdemonisering van die owerheid. So lewer die kerk 'n diens aan die staat, sonder om deur die staat ingesluk te word (Vorster, N. 2003:360). Die verdediging van die selfstandigheid van die kerk is volgens Van Ruler een van die belangrike leerstukke van die gereformeerde leer (Van Ruler, 1945:360).

Hy sê verder dat die teokrasie die tweeheid van kerk en staat leer. Dan onderskei hy egter tussen die "publiek-erkende kerk" en die "heersende kerk" (Vorster, 2004:221). Die publiek-erkende kerk heers nie oor gewetens, wetenskap en kultuur, maatskappye, of ander kerke nie (Vorster, N. 2003:364). Die heersende kerk is die model waar die kerk oor die staat heers en dit verwerp hy.

Tog aanvaar hy ook nie die idee van die skeiding tussen kerk en staat nie. Die neutrale staat rus in 'n "toleransie-politiek" wat 'n onmag tot regering voortbring. Die owerheid moet kies vir die kerk en moet die kerk toelaat om dít te doen wat tot die eie aard van die kerk behoort. Die kerk heers nie oor die staat of die samelewing of die wetenskap nie, maar verkondig alleen die waarheid. Ruimte moet gelaat word vir godsdiensvryheid, die vryheid van geskrewe en gesproke woord, menseregte, ensovoorts (Van Ruler, 1945:230,231; Vorster, N. 2003:364).

Van Ruler se siening dat die kerk 'n regstreekse profetiese roeping teenoor die owerheid het, is 'n welkome regstelling op Kuyper, wat glo dat die kerk die staat maar net sydelings kan beïnvloed. Daar moet egter kritiek gelewer word op die feitlik onbeperkte omvang van die profetiese taak wat hy aan die kerk gee. Die gevaar bestaan dat die kerk haar integriteit en identiteit sal prysgee deur te intensief betrokke te raak by sake in die politiek (Vorster, N. 2003:365).

Die ideaal van 'n teokratiese regering is verder baie moeilik en effe idealisties binne pluralistiese samelewings. Binne 'n verskeidenheid godsdienste sal die idees van 'n volkskerk en 'n konfessionele binding van die staat, moeilik deur die breë samelewing aanvaar word en stel dit selfs die vreedsame voortbestaan van die burgery in gevaar (Vorster, N. 2003:365).

Om dan 'n meer gebalanseerde siening te verkry van wat die verhouding tussen kerk en staat behoort te wees, sal aandag gegee word aan twee meer kontemporêre teoloë naamlik J.H. Van Wyk en J.M. Vorster.

### 3.4.5 Die standpunt van J.H. van Wyk

#### 3.4.5.1 Onvermeng

Die vraag kan gestel word of daar nie tog twee terreine behoort te wees nie – soos Luther geleer het. Inderdaad is daar twee (en meer) terreine, maar die vraag is hoe hierdie twee terreine met mekaar in verband staan. Dit is duidelik dat die staat nie predikante beroep en sendelinge uitstuur, laat preek, doop en nagmaal vier en kerkvergaderings hou nie. Die kerk gaan ook nie 'n polisiemag aanhou, publieke regspraak uitoefen, gevangenisse bou, die posdiens hanteer, paaie maak en die staatsdiens reël nie. Elkeen het sy eie bevoegdheid vir sy eie terrein. Artikel 30 van die Kerkorde van die GKSA sê tereg dat kerklike sake (reg verstaan) op kerklike wyse hanteer moet word (vgl. Van Wyk, 1999:59).

As dit al is wat in hierdie verband gesê moet word, is dit egter te min. By die woord "onvermeng" moet die woord "ongeskeie" gevoeg word.

#### 3.4.5.2 Ongeskeie

Kerk en staat staan egter ook in 'n bepaalde verhouding tot mekaar, want die staat is nie op aarde en die kerk op Mars nie. Albei is op aarde - en dalk nog op Mars – en die lede van albei oorvleuel mekaar in baie gevalle. Die staat moet ruimte maak dat die kerk sy werk van evangelieverkondiging kan doen (NGB Art. 36), hoewel die kerk hom nooit volkome mag verlaat op die voorreg van godsdiensvryheid wat hy van staatsweë mag geniet nie. Die kerk is martelaarskerk en net afhanklik van die genade van God en van Sy voorsienige bestel. Aan die ander kant het die kerk (as instituut!) ook 'n roeping teenoor die staat. 'n Kerk wat hom aan die (ook politieke) vrae van die wêreld onttrek, kan nie meer sout vir die aarde en lig vir die wêreld wees nie. Die kerk oefen sy roeping teenoor die staat egter op 'n kerklike wyse uit en nie op 'n staatlike wyse nie (vgl. Van Wyk, 1999:59).

In hierdie verband moet twee sake onderstreep word, naamlik voorbidding en profetiese getuienis. Die kerk is kragtens sy wese 'n biddende, en voorbiddende, gemeenskap en hy kan nie anders nie as om voortdurend vir die regering te bid - selfs al is dit 'n vyandige regering. Laat hy dit na, tas hy sy eie wese aan.

Die kerk het egter ook 'n profetiese funksie in die samelewing, en wel in tweërlei opsig. Enersyds wat betref die Sondagse prediking, 'n aspek waarop ook Calvyn klem gelê het. Sondae moet nie "politiek gepreek" word nie, maar "oor die politiek"

gepreek word, omdat die lig van die Woord op alle lewensterreine moet val en omdat die koningskap van Christus orals erken moet word (vgl. Van Wyk, 1999:59).

Andersyds - en dit is 'n lank vergete aspek wat in Artikel 28 van die Kerkorde van die GKSA gereël word - is daar ook iets soos 'n (sinodale) profetiese getuienis teenoor die regering. Waarom mag 'n sinode net 'n ekonomies-etiese kwessie soos dobbelary veroordeel, maar nie ook 'n politiek-etiese saak soos apartheid nie? Waarom net sinodale kritiek teen aborsie (die voorgeboortelike lewe), maar nie ook teen diskriminasie nie (die nageboortelike lewe)? Die kerk moet weg beweeg van 'n selektiewe omgang met sosiaal-etiese vrae; dit bring sy integriteit in gedrang. Die geskiedenis het geleer dat die kerk wat swyg die kerk is wat praat, want swye is ook 'n vorm van praat, 'n vorm wat aan die politiek en die regering 'n vrypas gee om te doen wat hulle wil. Die kerk mag en moet hom oor die volle lewe uitspreek, nie op politieke wyse nie, maar wel op kerklike wyse (vgl. Van Wyk, 1999:59).

### 3.4.6 Standpunt van J.M. Vorster

Vorster (2003:267-269 & 2004: 221-223) gee in sy artikels oor godsdiensvryheid besondere aandag aan die verhouding tussen kerk en staat. Hy gaan van die standpunt uit dat die toepassing van die teokratiese ideaal op die staat vandag nie Bybelse gronde het nie, en ook nie geskik is vir die volle implementering van die vryheid van godsdiens nie. Die antwoord moet eerder gesoek word in die totale skeiding tussen kerk (godsdiens) en staat.

Die gedagte van die grondwetlike skeiding tussen staat en godsdiens is nie die gevolg van teologiese besinning nie, maar van die praktyke van godsdiensvervolging wat in die sestiende en sewentiende eeue in Europa voorgekom het. Staatsfilosowe het onder die indruk gekom dat die teokratiese model nie orde dien nie en het na alternatiewe gesoek. In hierdie proses het die skeidingsmodel onder die soeklig gekom. In die twintigste eeu het hierdie model al hoe meer Christelik-etiese erkenning ontvang met die argument dat die staat orde en vrede moet handhaaf, en dat die etiese grondslae vir die verwerkliking daarvan uit hierdie doel afgelei moet word.

Die rede wat Vorster aanvoer is:

Gesien vanuit die Christelike etiek is die skeidingsmodel die model wat die saak van orde en vrede ten opsigte van godsdiensverhoudinge die beste kan dien. Juis in state waar hierdie model geïmplementeer is, word godsdienskonflik grotendeels uitgeskakel en word die ideaal van vryheid van godsdiensbeoefening die beste toegepas. Vir die Christelike godsdiens bied hierdie model ruimte vir vryheid om godsdiens te beoefen en uit te dra, vryheid om privaatonderwys op godsdienstige basis te bedryf, vryheid van keuse van kerklike bediening in staatsinstellings en die vryheid om opinievormend in die samelewing op te tree. Dieselfde regte word aan ander godsdienste toegeken. Daar bestaan dus geen rede vir konflik en 'n herhaling van die geloofsvervolginge van die verlede nie. Hierdie model blyk die beste manier te wees om orde, vrede en vryheid in die toenemend heterogene gemeenskappe van die wêreld vandag te dien.

### 3.4.7 Gevolgtrekking

Uit die verskillende sienings rondom die verhouding tussen kerk en staat, het dit duidelik geword dat 'n vorm van skeiding tussen kerk en staat behoort te bestaan, en ook deur teoloë bepleit word. Daar is egter nie altyd eenstemmigheid oor presies hoe groot die skeiding tussen kerk en staat moet wees nie. Vir meer duidelikheid in hierdie verband sal nou oorgegaan word om 'n studie vanuit die Woord van God in die verband te doen.

## 3.5 Die Skrif en belydenis oor die verhouding tussen kerk en staat

Die studie vanuit die Skrif sal gedoen word aan die hand van die idee van teokrasie. Dit is die doel om te probeer vasstel of die lyn van teokrasie deurloop vanaf die Ou Testament na die Nuwe Testament of nie, en indien wel, watter impak dit op die hedendaagse samelewingsleer het. Daarna sal daar ook vanuit die belydenis op die verhouding tussen kerk en staat ingegaan word.

### 3.5.1 Die Ou Testament en die idee van teokrasie

Die idee van 'n teokrasie beteken in essensie dat die staat regeer onder die direkte leiding van God (of 'n godsidee) en dat alle wetgewing en die uitvoering daarvan uit 'n spesifieke religieuse tradisie moet voortvloei (Vorster, 2004:214). In die

kerkgeskiedenis was daar pogings gewees om die idee van die teokrasie op die moderne staatsbestel toe te pas (Vorster, 2004:219). In die reformatoriese staatsbeskouing het die idee van 'n teokrasie ook 'n belangrike rol gespeel, en die idee is ontleen aan die Bybel. Die vraag is dan onmiddelik of dit nie die ideale staatsbestel is nie?

Op hierdie vraag kan geantwoord word dat die idee van 'n teokrasie deur die eeue aanleiding gegee het tot bloedige oorloë en diskriminasie in die ergste sin van die woord. Voorbeeld hiervan kan steeds gesien word in die behandeling van Christene in Moslemlande soos Pakistan, Indonesië , Iran en Irak. In China word die regte van Christene en lede van die Falun Ghong gruwelik geskend (vgl. Vorster, 2004: 213). Die vraag is dan nou of die idee van 'n teokrasie wel die ideaal is, en of hierdie idee wel Bybels verantwoordbaar is?

Die teokrasie van die Ou Testament was veral geskoei op die idee van die verbond en is konkreet ingestel met die afkondiging van die Wet op die berg Sinai (Vorster, 2004:214). Die algemene idee van die teokrasie was dat God die heerser van die volk was. Hy het in die midde van sy volk beweeg en hulle persoonlik geregeer soos afgebeeld deur die ark (Vorster, 2004:214; vgl. ook Vorster, N. 2003:374,375).

In die Ou Testament openbaar God Homself as 'n God van reg en geregtigheid, en roep Hy in Abraham reeds vir Hom 'n volk wat in al hul handelinge ook reg en geregtigheid moet doen (Gen. 18:19,25) (Du Plooy, 1991:110).

Du Plooy (1991:109) dui ook aan dat, hoewel "kerk" en "staat" in die teokrasie intiem vervleg is en nou met mekaar verweef is, daar alreeds in die tyd van die Ou Testament 'n duidelike skeiding tussen godsdienstige en burgerlike aangeleenthede was. Hy verwys hier spesifiek na Moses en Aäron. Moses is geroep om saam met die oudstes in die algemene sake reg te spreek en te regeer, terwyl Aäron en sy geslag priesters tot die bediening van godsdienstige aangeleenthede geroep is. In die tyd na Moses het die konings hoofsaaklik oor burgerlike aangeleenthede geregeer en die Leviete oor die godsdienstig-seremoniële en liturgiese sake (vgl. Eks. 40:12-16; Num. 11:16-17).

Die Israelitiese teokrasie sou deur verskeie fases gaan. Die Ou Testament vertel van 'n tyd in die geskiedenis van Ou Israel "toe daar nog geen koning in Israel was nie en elkeen gedoen het wat goed was in sy eie oë" (Rigters 17:6). Dit beteken egter nie dat chaos geheers het nie – dit was eerder 'n situasie waar die twaalf stamme van Israel ooreengekom het om die een God te dien (Gaum, 1981:20). In hierdie primitiewe teokrasie het charisma (die rigters wat op besondere wyses deur God geroep is), 'n belangrike rol gespeel. Deur die charisma van 'n bepaalde persoon het God sy volk direk geregeer. Hulle is nie gesien as regeerders van Israel nie, maar wel as verteenwoordigers van God (Vorster, N. 2003:376).

Om verskillende redes het hierdie losse federale verbintenis van stamme alreeds in die Ou Testament nie meer werklik aan die eise van die tyd voldoen nie, en het dit nodig geword om 'n sentrale regering in te stel. Teen die gedagte was daar aanvanklik baie verset, juis omdat die Here as die enigste regeerder van Israel gesien is. Algaande het die drang egter so groot geword dat Samuel in opdrag van die Here ingestem het om 'n koning vir Israel te salf (Gaum, 1981:21).

Hoewel die Israelitiese koningskap elemente vertoon het soortgelyk aan die oud-Oosterse konings, het dit tog 'n eie karakter gehad wat daarin geleë was dat die konings aan God verantwoording verskuldig was. Hierdie eiesoortigheid word besonderlik uitgedruk in die belofte (verbond) van God aan Dawid aangaande die koningslyn: "Ek gee hom 'n blywende plek in my huis en my koninkryk. Sy troon sal altyd voortbestaan (1 Kron. 17:14)(Vorster, 2004:215).

Die koningskap moes die tradisie van God se reg en geregtigheid voortsit. Die konings moes regverdig regeer en regverdig oordeel (2 Sam. 8:15; Ps. 72; Jer. 22:2,3). Aan die swakkes, armes, onderdruktes, weduwees en wese moes reg geskied (vgl. Du Plooy, 1991:110).

Dit het egter nie altyd in praktyk so gebeur nie: in die eeue nadat Israel sy eerste koning gekry het, vorm die verhouding tussen kerk en staat in die Ou Testament 'n boeiende spel van bondgenootskap en konfrontasie. Dawid het die kerk so dig by die staat ingeskakel dat die kerk ten nouste by die politieke en staatkundige kwessies

betrokke geraak het. Die gevolg was dat die hofprofete en staatpriesters dikwels net gesê het wat hulle geweet het die koning wou hoor (vgl. Gaum, 1981:21).
Dit wil dus voorkom asof die idee van teokrasie in 'n sekere sin alreeds in die Ou Testament misluk het.

### 3.5.2 Die Nuwe Testament oor die verhouding tussen kerk en staat

Die idee van teokrasie soortgelyk aan die Ou Testament word nie in die Nuwe Testament gevind nie. Die Israel van die Ou Testament is vervang met die ekklesia in die Nuwe Testament. Hierdie nuwe volk van God is nie 'n etniese of staatkundige eenheid nie, maar versprei oor die destydse wêreld, 'n geloofsgemeenskap, een in Christus (Vorster, 2004:216).

Die omstandighede waarin die Nuwe Testament afspeel verskil ook. Wanneer die era van die Nuwe Testament aanbreek, is 'n deel van die ballingskapvolk terug in hulle land, maar nie as heersers nie, nou as onderdane. Die Romeinse wêreldryk het Palestina ingesluit, en die Jode het swaar en wrewelrig onder die vreemde juk gestaan. Nêrens in die Nuwe Testament sou die kerk weer kans kry om voetjie-voetjie met die staat te speel nie. Die kerk van die Nuwe Testament het weinig invloed by die maghebbers van daardie tyd gehad, en was maar meestal die gemeenskap waar op die maghebbers neergesien het (Gaum, 1981:24).

Die Jode van die Nuwe Testament, veral die Selote, het weer hoop in Christus gevind. Nie hoop in verlossing van sondes nie, maar hoop in verlossing van die juk van die Romeine om so weer die volk van God te vestig. Christus kom egter nie om die Romeinse ryk omver te werp nie (Gaum, 1981:24). Met die koms van Christus het die koninkryk en sy geregtigheid naby gekom. Hierdie koninkryk waarvan Christus die koning is, strek oor alles en almal, alle volke en tale; dit is allesomvattend en almal moet hulle aan Sy mag en gesag onderwerp (Du Plooy, 1991:110).

Die staat en die kerk se rol verander dus in die Nuwe Testament. God gebruik die kerk as Sy dienaar en instrument om Sy koninkryk deur die hantering van die sleutels van die koninkryk te bedien en te ontsluit (vgl. Du Plooy, 1991:110). Die kerk het die verantwoordelikheid om die waarheid in die wêreld in te dra, so het hy dan ook die

verantwoordelikheid om aan die staat die Woord te verkondig. 1 Timoteus 3:16 sê immers: "En dit staan bo alle teenspraak dat die geopenbaarde **waarheid** van ons godsdiens groot is: As mens het Jesus in die wêreld gekom, deur die Gees is bevestig dat die reg aan sy kant is, aan die engele het hy verskyn; aan die heidennasies is hy verkondig, in die hele wêreld is Hy geglo, en in heerlikheid is Hy op geneem." Die kerk word geroep om in sy eie sake orde te handhaaf; dit is nie meer die rol van die staat om die orde in die kerk te handhaaf nie (Du Plooy, 1991:110).

Verder kom dit duidelik uit die Woord na vore dat God aan die staat gesag gee en die staat as sy dienaar gebruik. Paulus skryf hieroor in Romeine 13:1: " Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God". Die kerk en die individuele gelowiges behoort hulle uit eerbied vir God aan hierdie gesag te onderwerp (Du Plooy, 1991:111).

Christus self het die mag van die owerheid erken. Op die vraag van die Fariseërs en Herodiane of dit reg is om aan die keiser belasting te betaal, was sy antwoord: "Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort" (Mark 12:14,17). Jesus tref hier 'n duidelike onderskeid tussen die keiser se ryk en die Koninkryk van God. Ons kan hierdie riglyn deurtrek na die kerk en staat soos ons dit vandag ken: Christus gee hier by implikasie te kenne dat die staat en die kerk langs mekaar staan, dat elkeen sy eie gesag het en dat die gelowige aan albei gehoorsaam behoort te wees (Gaum, 1981:24).

Tog is daar perke aan die gesag van die owerheid. Du Plooy (1991:111), stel dit duidelik dat die gelowige God altyd meer gehoorsaam moet wees as die owerheid. In lyn hiermee stel Gaum (1981:25) dit dat, wanneer daar in 'n bepaalde saak 'n keuse gemaak moet word tussen gehoorsaamheid aan die owerheid en gehoorsaamheid aan God, die gelowige te alle tye en onder alle omstandighede aan die hoogste gesag, naamlik God, gehoorsaam moet wees. (By implikasie sal dit dus beteken dat die gelowige steeds gehoorsaam aan God moet wees, selfs al sou die owerheid die diens aan God verbied.)

Soos in die Ou Testament laat die gerealiseerde Koninkryk van God ook nie ruimte vir aanbidding van ander afgode nie. Valse leer en lewe word veroordeel. Die Koninkryk vereis 'n nuwe lewe van gehoorsaamheid aan God. Dit is 'n lewe van heiligmaking, liefde en reg en geregtigheid (Vorster, 2004:216). Dit is duidelik dat God in Christus die geregtigheid realiseer en dat, waar Christus gedien word, geregtigheid en reg die resultaat is, nie net in die geestelike sin nie, maar ook in die konkrete samelewing (Du Plooy, 1991:111).

Dit is dan duidelik dat die teokratiese model van die Ou Testament nie 'n deurlopende lyn na die Nuwe Testament vorm nie. Hieruit kan afgelei word dat dit nie die kerk se rol is om die land te regeer, of die regering te beheer nie. Die kerk het wel 'n profetiese roeping om die koninkryk van God uit te bou deur die verkondiging van die woord van God. Die gereformeerde belydenis, spesifiek die Nederlandse geloofsbelydenis gee ook meer duidelikheid oor die verhouding wat tussen kerk en staat behoort te bestaan.

## 3.6 NGB Artikel 36

| | |
|---|---|
| *Artikel 36:* | *Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het. Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop. Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die deugsame te beskerm. En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie, maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm,* ***om sodoende*** *alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die antichrist te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel. Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ook al mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys, hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie, en vir hulle voorbidding te doen dat die Here hulle in al hulle handelinge mag bestuur, sodat ons in alle godsvrug en eerbaarheid 'n rustige en stil lewe kan lei. Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgesag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, versteur.* |

De Bres skryf die Nederlandse Geloofsbelydenis met die doel om as apologie vir die Gereformeerde geloof teenoor koning Phillips II van Spanje te dien. Phillips was Katoliek en nie simpatiek gesteld teenoor die Protestante nie. Saam met die Reformasie het ook die Wederdopers na vore getree. Hulle was baie rewolusionêr, en het hulle gou die gramskap van die owerheid op die hals gehaal (vgl. Vorster, N. 1999:70).

De Bres verwoord 'n sterk teokratiese ideaal van noue samewerking tussen kerk en owerheid. Hierdie teokratiese ideaal het hy waarskynlik aan Calvyn ontleen. In hierdie geval beteken teokraties nie dat die kerk oor die owerheid moet heers nie, maar dat die owerheid Christelikheid moet bevorder. Dit hou in dat die kerk die owerheid as instelling van God moet eer, vir die owerheid moet bid, en profeties teenoor die owerheid moet getuig. Terselfdertyd moet die owerheid die heilige Woordbediening beskerm, alle afgodery en valse godsdiens teengaan en uitroei, die ryk van die antichris vernietig en die koninkryk van God bevorder (Vorster, N. 1999:71).

Calvyn was baie onverdraagsaam teenoor enige iets wat hy as dwaalleer beskou het. Hy sien dit dus ook as deel van die taak van die owerheid om aanhangers van valse godsdiens te straf. Hy het verskeie teregstellings van mense vanweë kettery goedgekeur. Teen hierdie agtergrond was die oorspronklike bewoording van artikel 36 "om te weren en uit te roeien alle afgoderij en valsche godsdienst, om het rijk van des antichrists te gronde te werpen..." (vgl. Vorster, N. 1999:70, 74).

Die aangehaalde sin uit Artikel 36 is reeds in die 17e en 18e eeu, en veral in die 19e eeu, deur verskeie kerke van gereformeerde oorsprong bevraagteken, gedebatteer en aan herformulering onderwerp (Smit, 1991:9). Besware teen die formulering was onder andere dat daar nie genoeg rekening gehou word met die geestelike karakter van die Koninkryk van Jesus Christus nie, en dat dit nie Bybels is om te verwag dat die owerheid die valse godsdiens met dwang en geweld moet bestry nie (Smit, 1991:9).

Van der Merwe (In Smit, 1991:9 )het 'n beswaarskrif teen die vertaling van die probleemsin voor die Nasionale Sinode van 1973 laat dien. Na deeglike studie het

die Sinode van 1979 tot die slotsom gekom dat die vertaling van Artikel 36 uit die oorspronklike Frans nie noukeurig gedoen is nie. Dit het geblyk dat daar goeie gronde sou wees om die woord "sodoende" in te voeg. Sedertdien lui die vertaling: "...om die heilige Woordbediening te beskerm, **om sodoende** alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en..." (Smit, 1991:9).

Wat moet dan onder hierdie artikel verstaan word? Volgens Heyns (1988:399), het die owerheid die taak en verantwoordelikheid om te sorg dat dit moontlik is vir die kerk om ongestoord sy normale taak te vervul om *sodoende* afgodery en valse godsdiens uit te roei, ensovoorts.
Dit is dus nie die taak van die owerheid om dit met dwang te doen nie, maar wanneer die owerheid sorg dra dat die kerk die ruimte het om ongehinderd die evangelieboodskap te verkondig, sal afgodery en valse godsdiens teengegaan word en die ryk van die antichris vernietig word.

In dié verband verskil Koopmans (s.a.:196), ook van Calvyn. Volgens hom kan daar nie uit die Bybel geredeneer word dat ketters met die swaard gestraf behoort te word nie. Hoewel so 'n standpunt dalk uit die Ou Testament geregverdig sou kon word, kan dit nie uit die Skrif as geheel gefundeer word nie. Hy gaan van die standpunt uit dat "de geloofsbeslissingen moeten geheel in geestelijke vrijheid getroffen en gehouden worden" (Koopmans, s.a.:197).

Daar kan dus nie op grond van Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis geredeneer word dat dit die owerheid se roeping is om afgodery en valse godsdiens met geweld uit te roei nie, maar wel dat dit sy roeping is om die ruimtes te skep en te handhaaf waarbinne die kerk sy taak van Woordverkondiging kan uitvoer (Smit, 1991:9). Daar bestaan dus 'n besondere vennootskapsverhouding tussen owerheid en kerk. Die owerheid wat die kerk verdruk en vervolg, doen dit tot sy eie nadeel en bemoeiliking van sy taak as owerheid (Heyns, 1988:399).

Met Artikel 36 bely die kerk dus ook nie die bestaansreg van die valse godsdienste nie, maar wel hulle vryheid om (soos die kerk) sonder vrees vir vervolging deur die staatsowerheid, te mag leef. Indirek, maar tog onmiskenbaar is dit 'n belydenis van die staatregtelike beginsel van godsdiensvryheid (Smit, 1991:9).

## 3.7 Samevatting en konklusie

Uit 'n eties-teologiese perspektief is godsdiensvryheid wel Skriftuurlik verantwoordbaar. Kerk en staat staan los van mekaar. Dit hef egter nie die wedersydse verantwoordelikhede op nie. Die kerk kan die staat nie verplig om net Christelik te wees en dit vir alle burgers verpligtend te maak nie, want dan tree hy polities op, dan tree die kerk buite sy terrein op. Die kerk mag dus nooit vir die staat voorskryf nie – die kerk is dus slegs die rigtingwyser sodat die staat in verantwoordelikheid voor God kan regeer.

Die kerk kan wel en moet ook sy stem laat hoor oor sake waar die staat onchristelik optree. Dan moet die kerk op 'n kerklike wyse optree. Die kerk mag nooit ophou getuig teenoor onchristelike optrede van die staat nie. Die staat staan weer voor die verantwoordelikheid om te verseker dat die Christen vry die Woord mag uitleef en verkondig (wat op godsdiensvryheid neerkom). Die staat moet die ruimte skep vir die Christen om sy geloof voluit uit te leef en hom nooit verhinder om dit te doen nie. Die kruistogte en gevegte om 'n godsdiens af te dwing, het net bloedvergieting veroorsaak wat nie tot eer van God is nie. God verplig niemand om in Hom te glo nie.

God het die staat aangestel en hy gaan van hulle rekenskap eis. Die staat het die verantwoordelikheid om die kerk te waarborg dat hulle die evangelie mag verkondig, God mag dien sonder enige gewetensdwang en hulle bediening mag uitoefen sonder enige verhindering daarvan deur die antichristelik magte, en dat die staat enige sodanige verhindering sal teenstaan (Acts Reformed Ecumenical Synod of Amsterdam, 1949, articles 66, p: 29-30, in Coertzen, 2002).

Daar kan dus tot die slotsom gekom word dat godsdiensvryheid 'n Skriftuurlik gefundeerde konsep is, wat die implikasie inhou dat elkeen die vryheid behoort te geniet om die god van sy keuse te dien, en vrylik daaroor te getuig. Die kerk het egter 'n groot verantwoordelikheid in hierdie godsdiens-pluralistiese land Suid-Afrika, om die Woord aan almal te verkondig.

# Hoofstuk 4 – Beoordeling van die implementering van godsdiensvryheid in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel

## 4.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is godsdiensvryheid prinsipieel beoordeel. Die bevinding was dat godsdiensvryheid, wanneer dit reg geïmplementeer word, vir die Christelike etici 'n aanvaarbare konsep behoort te wees, en selfs vir die Christendom tot voordeel kan strek. Die vraag voortspruitend hieruit is dan onmiddellik of die implementering van godsdiensvryheid in Suid-Afrika (Artikel 15 van die 1996-grondwet) wel aan hierdie vereistes voldoen. Spesifiek geniet die toepassing van die wet op godsdiensvryheid in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel in hoofstuk aandag. Om die beoordeling van godsdiensvryheid in die skoolstelsel te vergemaklik, gaan die wet op godsdiensvryheid – Artikel 15 van die 1996-grondwet, asook die toepassing daarvan in die onderwys van Suid-Afrika geëvalueer word deur eerstens die moontlike modelle vir die verstaan en implementering van godsdiensvryheid in 'n regstaat aan die hand van die bevindings in Hoofstuk 3 te beoordeel. Die verstaan en implementering van godsdiensvryheid in Suid-Afrika sal dan aan die hand van die beoordeling van die moontlike modelle beoordeel word.

## 4.2 Moontlike modelle vir die verstaan en implementering van godsdiensvryheid in 'n demokratiese regstaat

### 4.2.1 Enkelgodsdiensonderrigmodel (of staatsgodsdiensmodel)

By die enkelgodsdiensmodel kry ons 'n vermenging van die staat en 'n spesifieke godsdiens of spesifieke godsdienstige tradisie. Die owerheid kies ten gunste van 'n bepaalde godsdiens en bevoordeel die belange van daardie godsdiens, soms ten koste van ander godsdienste. Die staat gebruik (misbruik) sy gesag om 'n spesifieke godsdiens te bevorder en te bevoordeel. Dit beteken nie noodwendig dat geen erkenning en beskerming aan ander godsdienste gegee word, of dat ander godsdienste onderdruk of selfs vervolg word nie, maar wel dat een godsdiens verhoogde status teenoor ander godsdienste het (vgl. Vorster, 2004:198; Vorster, 2006:15; Van der Merwe, 2001).

Hierdie model het sy wortels so ver terug as in die tyd van die Griekse filosofie. Vir die ou filosowe het dit vas gestaan dat die staat die publieke godsdiens moet bekerm. Die ander godsdienste is gesien as sektes of kulties van aard en is dus beskou as 'n bedreiging vir die staat en die beskawing. Die Romeinse regering het die idee oorgekoop. Die gevolg hiervan was die bloedige vervolging van die Christelike godsdiens, juis omdat geglo is dat dit 'n bedreiging vir die Romeinse Ryk inhou (vgl. Vorster, 2004:198-199).

Die heidene was natuurlik nie die enigste groep wat daarvoor verantwoordelik was dat hul godsdiens bevorder is en ander onderdruk is nie. Die Christene het self deur 'n tydperk gegaan waar die Christelike godsdiens afgedwing is. In die vierde eeu het Konstantyn die Christelike godsdiens as die amptelike geloof van die staat verklaar. Met die kruistogte is gepoog om die Christelike geloof met geweld te bevorder (Vorster, 2004:198-199).

Ons vind hierdie model ook in die onlangse verlede in Suid Afrika. In die apartheidsera (1948-1994) was daar wel 'n erkenning van godsdiensvryheid in die land, maar die Christelike godsdiens is bo die ander godsdienste bevorder. Die burgerlike omgewing is gesien as Christelik-nasionaal, en die gevoel het bestaan dat dit in alle sfere van die samelewing bevorder moes word. Hierdie Christelik-nasionale uitgangspunt het in die onderwys beslag gekry[8]. Alle staatskole is vanuit 'n Christelike oogpunt bestuur en die kurrikulum is op 'n Christelike basis geskoei. Die staat het wel aan ander godsdienste die vryheid gelaat om privaatskole te stig en so hul godsdiens uit te leef. Vorster (2004: 202-203), verduidelik Christelik-Nasionaal soos volg:

> "In the Apartheid society in South Africa the three Afrikaans Reformed Churches were influenced by a Dutch Reformed worldview which was known as "neo-Calvinism". With some tenets of National Socialism and a fundamentalist understanding of the Bible, some leaders used this world view to provide the policy of Apartheid with a theological basis. The Afrikaans Reformed Churches were used in particular by the State to promote and justify the policy of Apartheid.

[8] Kyk in hierdie verband die volledige verduideliking in Hoofstuk 2

Although religious persecution was not part of the South African history and although the official policy of the government was religious freedom, these Churches that upheld and practised Apartheid, their activities and their institutions were favoured at the expense of other religious traditions."

Enkele kritiese opmerkings teenoor die enkelgodsdiensmodel:

- Die volgende vraag kom dadelik na vore: Kan daar werklik sprake wees van Godsdiensvryheid wanneer een godsdiens bo ander godsdienste bevorder word?
- In Hoofstuk 3 is die beginsel duidelik gestel dat kerk en staat twee samelewingverbande is wat afsonderlik behoort te funksioneer. Hoewel kerk en staat dus in verskillende samelewingsfere beweeg, het hulle nog steeds 'n wedersydse verantwoordelikheid, waar die staat die verantwoordelikheid het om 'n nasionale omgewing te skep waarbinne elke geloof gelyke behandeling ontvang. Die kerk het die verantwoordelikheid om teenoor die staat die waarheid uit die Woord van God te getuig, iets wat baie moeilik kan geskied wanneer die kerk vrees om sy bevoordeelde posisie te verloor.

  By hierdie model vind ons nie 'n skeiding tussen kerk en staat nie, maar juis 'n vermenging. Die staat het 'n doelbewuste bevordering van een geloof bo die ander.

  Met spesifieke verwysing na die Christendom skryf Wiechers (1996:5) "...these Christians want a Christian state and Christian government. By their insistence on having a Christian order they blatantly ignore the vast number of historical and present-day lessons where an assimilation of church and state had the most nefarious results. Also they discard the basic principles of Christianity itself which do not rely on nor seek worldly power."

- Minderheidsgodsdienste beleef hierdie model van godsdiensvryheid as uitsluitend en dus diskriminerend (Vorster, 2006:16). Daarom sê Vorster (2004:203): "these systems caused, harboured, and promoted religious intolerance." Deur die geskiedenis het dit duidelik geword dat die eengodsdiensmodel in baie gevalle tog eindig in onverdraagsaamheid teenoor ander godsdienste en uiteindelike godsdiensonderdrukking, en selfs geweld.
- 'n Sisteem waarin mense se vryheid van gewete en oortuiging nie voluit gerespekteer word nie, is eties onaanvaarbaar. Die opdragte 'aan ander' in die Skrif dwing die Christen om ook aan hulle wat anders glo, die ruimte daarvoor te gun (vgl. Vorster, 2006:16).
- Die grootste gevaar van die model is dat die Christelike godsdiens verkeerdelik voorgehou word as 'n spesifieke politieke entiteit, en dit is botsend met die karakter van die Koninryk as 'n groeiende werklikheid in die lewe van mense. Dit is 'n werklikheid wat gerig is op innerlike oortuiging en vergestalt word in die lewe en die getuienis van mense.
- Wanneer die Christelike godsdiens en die staat vermeng, loop die kerk die gevaar om geloofwaardigheid in te boet wanneer die staat in 'n saak verkeerd sou optree. Met so 'n sisteem raak gelowiges self ook laks en geloof word 'n middel om die staat tevrede te stel en is nie meer 'n ware geloof nie.
- Hierdie opsie voldoen nie aan die vereistes wat die Skrif stel vir die owerheid van vandag nie[9]. Die owerheid moet geregtigheid beoefen en vrede bewaar. Om mense se gewetensvryheid te inhibeer, al is dit met simboliek alleen, is nie geregtigheid in die volle sin van die woord nie (Vorster, 2006:16).

### 4.2.2 Die neutrale godsdiensonderrigmodel

Daar heers verskillende opvattings oor die verstaan van die term "neutraal". Volgens Coertzen (2002) moet onderskei word tussen neutraal en sekulêr. In 'n sekulêre staat word 'n absolute skeiding tussen staat en godsdiens gehandhaaf. In 'n neutrale staat kies die staat nie self vir die een of ander godsdienstige belydenis nie, en aan alle godsdienste word 'n regmatige plek gegun.

[9] Kyk 3.5: Die Skrif en belydenis oor die verhouding tussen kerk en staat.

Aan elkeen word 'n gelyke geleentheid gebied om sy betrokke geloof te mag beoefen en uit te dra. Verder moet daar by 'n neutrale staat ook onderskei word tussen positiewe en negatiewe neutraliteit. Die *positiewe neutraliteit* sou neerkom op bogenoemde beskrywing waar die staat geen godsdienstige keuse maak nie (sien ook die plurale model hiernaas). Die *negatiewe neutraliteit* word dikwels eerder as sekulêr beskou en word in hierdie studie na verwys as neutraal (Coertzen, 2002; vgl. ook Van der Vyver, 2000:4).

In die neutrale model kry ons 'n absolute skeiding tussen kerk en staat. Vryheid van godsdiens word uit die openbare sfeer verskuif na die private domein (Vorster, 2006:17). Dit beteken dat. in die geval waar die skeiding tussen die staat en godsdiens absoluut is, geen godsdiensbeoefening hoegenaamd by skole mag plaasvind nie (Coertzen, 2002).

Voorbeeld van lande waar hierdie neutrale (sekulêre) model in hul grondwet funksioneer is die VSA en Frankryk. Die grondwet van die VSA bevat 'n sogenaamde "establishment clause", waar die Suid-Afrikaanse grondwet 'n "free exercise clause" bevat. In teenstelling met die "establishment clause" vereis die "free exercise clause" nie van die owerheid om homself totaal van enige religieuse aktiwiteit te disassosieer nie (Vorster, N. 1999:123).

Die doel van 'n "establishment clause" in die meeste grondwette is om te verseker dat die staat godsdienstig "neutraal" bly. Dit lei egter dikwels daartoe dat die aktiwiteite van religieuse liggame ingeperk word weens die eis vir neutraliteit. In teenstelling hiermee het 'n "free exercise clause" die positiewe gevolg dat godsdienstige aktiwiteite in die samelewing, soos in die geval van onderwys, tot sy reg kan kom (De Waal *et al.*, 2001: 298; Vorster, N. 1999:124).

'n Bewys dat die sekulêre (neutrale) houding van die staat ten opsigte van godsdiens nie aan die behoeftes van die burgers voldoen nie, is die hewige reaksie daarteen. Protes word veral aangeteken teen die implementering van so 'n beleid in die onderwys. Sedert 1984 is byvoorbeeld 17000 Protestantse Christelike privaatskole in die VSA gestig, waarvan die leerlingtal reeds 2,01 miljoen beloop (Van der Merwe, 2001).

Die mees ekstreme toepassing van die neutrale model vind uitdrukking in die Franse wet waarin skoolkinders verbied word om enige godsdienstige simbole te dra. Christene mag byvoorbeeld nie hangertjies met die kruis dra nie, en Moslemkinders mag nie die sluier (hijab) dra nie. Weens die eis vir neutraliteit moet die staat dus beperkings plaas op die vrye uitlewing van godsdienstige oortuigings. Hierdie wet het laat in 2005 tot onluste in stede in Frankryk gelei, omdat veral Moslems van oordeel was dat daar onder die vaandel van neutraliteit teen hulle gediskrimineer word (Vorster, 2006:18).

Evaluering

- Hier kan die vraag weer gevra word of die neutrale model werklik godsdiensvryheid is? Hierdie model het tot gevolg dat godsdiensvryheid ingeperk word, juis in 'n poging om godsdiensvryheid te waarborg.
- Nog 'n vraag is of neutraliteit werklik moontlik is? Kan die owerheid ideologies neutraal wees? Word 'n grondwet en wetgewing nie tog maar ook geskryf vanuit 'n bepaalde lewensbeskouing-paradigma nie? Volgens Vorster (2006:18) is lewensbeskoulike neutraliteit nie moontlik nie. Hy bevestig hierdie stelling uit Kuhn (1970:VII, in Vorster, 2006:18) se paradigmagegewendheid ten opsigte van wetenskap. Hierdie paradigmagegewendheid is ook op die staat en burgery van toepassing. Daarom kan ons sê dat neutraliteit vanuit 'n humanistiese oogpunt gedryf word. Daarom kan ook geredeneer word dat neutraliteit 'n ideologiese vertrekpunt is wat grondwetskrywing en wetsformulering net so beïnvloed soos enige ander godsdiens, ideologie of filosofie (Van der Walt, 1999:125; Vorster, 2006:19).
- Die neutraliteit van godsdiens in die openbare sfeer veroorsaak dat godsdienste in die skole ingeperk moet word. So 'n inperking veroorsaak dat die regte van die kind om sy godsdiens in sy alledaagse lewe uit te leef, ondermyn word. Wat die verhouding tussen kerk en staat betref, behoort die skeiding nooit van so 'n aard te wees dat die kerk as't ware beperk word in die uitlewing van sy roeping, binne sy bepaalde samelewingsfeer nie (kyk Hoofstuk 3). So word die kerk ook verhinder om sy profetiese roeping – ook ten opsigte van die staat – gestand te doen. Neutrale godsdiensonderrig beteken nie godsdiensvryheid soos deur die

woord van God bepaal word nie (kyk Hoofstuk 3). Onder die vaandel van neutraliteit word 'n waardestelsel ontwerp wat die lewensnorme van die leerlinge bepaal. Hoe kan sake soos seksuele onderrig, geskiedenisonderrig en morele opvoeding neutraal geskied? Leerlinge word in hierdie model ook, soos in die staatgodsdiens-opsie, ideologies beïnvloed. Die model waarborg dus nie godsdiensvryheid nie, omdat dit godsdiens in die openbare sfeer vervang met 'n ideologie wat die regering van die dag na aan die hart lê. Wat is dit anders as 'n skending van die fundamentele reg van godsdiensvryheid, as 'n kind se reg om godsdiensonderrig van sy keuse in 'n staatskool te ontvang, vervang word met die ideologie van die regerende party? Dieselfde probleem duik op in die godsdiensbeoefening van mense in gevangenisse en militêre eenhede (Vorster, 2006:19).

### 4.2.3 Multigeloofsmodel

Dié model het sy ontstaan te danke aan die ontwikkeling van die teologie van godsdienste wat sy grondslag vind in die intergeloofsbewegings.

Ons lewe in 'n tyd wat daardeur gekenmerk word dat die mensdom oral op soek is na eenheid en vrede. In die politiek: Verenigde Nasies en die Europese Unie. In die ekonomie: maatskappye smelt saam en word groter en groter. Selfs in die godsdienste soek die mens na eenheid. Dit is ook waar al die intergeloofsbewegings vandaan kom. Die intergeloofsbewegings se wortel lê so ver terug as die eerste Wêreldparlement van Godsdienste wat in 1893 gehou is (Beyershaus, 1992:3).

Intergeloofsbewegings het ten doel om 'n gevoel van gemeensaamheid, gemeenskaplikheid en broederskap tussen lede van verskillende gelowe te skep. Hulle gaan van die beginsel uit dat geen godsdiens uniek en verhewe bo ander godsdienste is nie, en dat alle godsdienste uiteindelik net verskillende maniere is waarop mense uitdrukking gee aan 'n universele soeke na die sin van bestaan. " The World Congress of Faiths" bewoord dit as volg:

> "The object of the World Congress of Faiths, is to promote the spirit of fellowship among mankind and to do so through religion – through religion, however interpreted in its universal and widest sense – a sense far transcending its particular expression in any one of the world's faiths, and

> penetrating to that divine essence we believe to be common to all... The World Fellowship of Faiths is the building of fellowship... which will guide mankind towards truth, the Kingdom of righteousness and brotherhood, and peace" (Pollitt, 1996:12).

Die intergeloofsbeweging gaan dus van die standpunt uit dat daar geen unieke openbaring in die geskiedenis is nie, dat daar meer as een goddelike realiteit is, en dat dit op verskillende maniere bereik kan word. Hiervolgens is alle formulerings van godsdienstige waarhede uiteindelik onvolmaakte uitdrukkings van daardie waarheid. Daarom is dit nodig om alle godsdienstige idees en ervarings so ver as moontlik te harmoniseer, om sodoende een universele geloof vir die totale mensdom te skep (Pollitt, 1996:14).

Die intergeloofsbewegings propageer die idee dat die goeie en raakpunte van alle godsdienste gesoek moet word, en 'n soortgelyke universele waardesisteem aan die godsdienstige mens aangebied moet word. Hierdie "godsdiens" word dan veral op die vlak van spiritualiteit in inter-godsdienstige aanbiddingsbyeenkomste en op die vlak van die etiese uitgedruk.

Verder word daar gestreef na 'n globale etiek. Die teoloog Hans Kung (1991:23-64), opsteller van die dokument, beklemtoon in "Global responsibility: In Search of a new world Order", dat gehoorsaamheid aan die globale etiek nie opsioneel sal wees nie: "Any form of ... Church conservatism is to be rejected ... to put it bluntly: no regressive of repressive religion - whether Christian, Islamic, Jewish or of what ever provenance – has a long-term future?. ... If ethics is to function for the wellbeing of all, it must be indivisable. The undivided world increasingly needs an undivided ethic. ... What we need is an ecumenical world order."

As opsie in die erkenning van die fundamentele reg van godsdiensvryheid, impliseer hierdie model dat 'n universeel aanvaarbare godsbeskouing ontwikkel word deur middel van inter-godsdienstige opvoeding (Vorster, 2006:20).

Sou daar 'n verwysing na 'n god in die grondwet wees, moet mense volgens hierdie model verstaan dat dit verwys na die god van alle godsdienste en gelowe. In skole

word deur middel van sogenaamde religieuse opvoeding, die aanvaarbare en toepasbare van elke godsdiens ontgin en geweef in 'n waardesisteem wat die harte van almal streel, en aanvaarbaar is vir mense van verskillende godsdienstige oortuigings (vgl. Vorster, 2006: 20).

Hierdie die model word in Indië en Namibië gevind en kom veral tot uiting in die skoolstelsel. Daar is ook trekke van hierdie model in die VSA se skoolstelsel. Kjos (2001) wys in "Teaching a Global Spirituality" daarop dat:

> "The oneness is central to the international education system. Chapter 2 showed that America's education goals match those of the World Conference on Education for all. They also match the goals of the United States Coalition for Education for all which helps link our national education system to the international system. While all three groups seek common values, the United States Coalition for Education for all emphasizes "the oneness of humankind". Hidden in these words is their joint understanding that the common values must be grounded in the common beliefs and spirituality."

Ons vind ook dat die multigeloof-godsdiensonderrig-model in die Suid-Afrikaanse skole in-beweeg. Van der Merwe, S. (2001:1) stel dit so: "Die grootste intergeloofsorganisasie in Suid-Afrika, die Wêreldkonferensie vir Godsdiens en Vrede het in 1992 leiers van verskeie godsdienste bymekaar gebring, om 'n deklarasie op te stel waardeur gelyke regte vir alle godsdienste na die 1994-verkiesing in S.A. verseker sal word. Een van die doelwitte wat die Wêreldkonferensie vir Godsdiens en Vrede in 1992 vir die onderwys gestel het, was o.a. dat multigeloofs-godsdiensonderrig in skole geïmplementeer moes word ter bevordering van godsdiensverdraagsaamheid, sowel as begrip, waardering en respek vir alle godsdienste. Hulle het verder voorgestel dat die Departement Godsdienswetenskap van die universiteite kurrikulums moet ontwerp, onderwysers moet oplei en handboeke moet skryf vir multigeloofs-godsdiensonderrig in staatskole.

Onder leiding van die voormalige minister van onderwys in Suid-Afrika, Kader Asmal, is die grondslag vir hierdie model in Suid-Afrika ingevoer en figureer dit veral in Lewensoriëntering as verpligte vak vir alle kinders (Vorster, 2006:20). Dit is baie duidelik dat die voorgestelde kurrikulum en die Onderwysdepartement se Manifesto

of Values, Education and Democracy stem opvallend ooreen met Unesco[10], se globale kernkurrikulum(afkomstig van die okkultis Robert Muller, VN-leier, oorgeneem van die teosoof/spiritis Alice Bailey): Inheemse tradisies en ander gelowe, intergeloofswaardes en gesindhede; kritiese denke om eie waardes te bepaal; life-long learning, menseregte, kinderregte, volhoubaarheid en biodiversiteit (Dekker, s.a. 6).

Volgens Van Oostrum (2002:1), het so 'n kurrikulum sosiale omvorming ten doel. Die samelewing laat nie meer ruimte vir 'n enkele godsdiens of enkele kultuur en waardes nie, maar wil 'n homogene gemeenskap skep. Die onderwys word veral gebruik om die samelewing te omvorm in een waar die waardes en norme nie meer afhang van die individu se geloofsoortuigings nie, maar van 'n geloof in menseregte, soos uitgedruk in die grondwet.

Verder skryf hy: "Intergeloofsonderwys bevorder 'n geloof dat alle godsdienste ewe geldig is as maniere om god te dien. By nadere ondersoek blyk dit inderdaad dat hierdie beleid 'n nuwe geloof daarstel – die aanbidding van menseregte. In hierdie verband het die voormalige minister van onderwys op 'n vraag in die media geantwoord dat sy "geloof" 'n geloof in menseregte is (Van Oostrum, 2002:2)." In hierdie verband skryf Van Niekerk (2003:17) dat die staat met so 'n model glo dat die godsdiens in diens staan van morele hervormings (die staat), en dat die staat glo dat hierdie doel slegs bereik kan word wanneer godsdiens en waardes uit 'n neutrale oogpunt aangebied word.

Evaluering

- Oppervlakkig gesien lyk hierdie model na die ideaal om godsdienskonflik mee op te los. Die teendeel is egter eerder waar – met so 'n model verloor mense die ruimte en die reg om in die godsdiens van hulle keuse onderrig te word en 'n waardesisteem, wat uit hulle eie godsdiens voortvloei, uit te bou. In 'n sekere sin verloor kinders hulle kulturele en godsdienstige identiteit. Dit is geen godsdiensvryheid in die ware sin van die woord nie. Hierdie model het

[10] http://www.unesco.org/education/ (i) Waardes:/tlsf/theme_d/mod20/uncom20bod.htm; Actovoty 2" Towards an ethic of sustainability: /tlsf/theme_d/mod20/uncom20t02bod.htm; Indigenous knowledge and sustainability: /tlsf/theme_c/mod11/uncombod.htm

eerder die vermoë om godsdienstige konflik te veroorsaak, omdat die gevoel bestaan dat ouers verhinder word om hulle kinders vrylik op te voed in die godsdiens van hulle keuse (vgl. Vorster, 2006:20).

- In 'n poging om die kulturele en godsdienstige diversiteit van die gemeenskap te akkommodeer en te vier, word mense egter juis van hulle verskille ontneem en gehomoniseer. Baie gemeenskappe en gelowe sien so 'n beleid juis as diskriminerend: Machen (1995:88-90), stel dit as volg: "standardization, uniformity and collectivism reduce human beings to machines because they destroy personhood and human liberty." (vgl. in hierdie verband ook Horn, 2005a:8-10).
- Die uiteinde van so 'n model is dat ons eintlik weer terug is by die enkelgodsdiens-model waar 'n bepaalde godsdiens voorkeur geniet.

  Van Niekerk (2003:13), skryf: "Wat as 'n multi-godsdiensmodel voorgehou word is niks anders nie as 'n mono (enkel)-godsdiensmodel waarmee 'n hele nasie gedwing word om net een godsdiens aan te kleef: Sinkretisme waarin nie God nie, maar humanisme verheerlik word."
- Hierdie model staan godsdiensgelykwaardigheid voor. In Hoofstuk 3 is reeds aangedui dat die Christen nooit tevrede kan wees met so 'n model nie. As Christene kan ons nie daarmee tevrede wees om gewoon die godsdienste naas mekaar op die " wetenskaplike tafel " te lê, sonder om enige oordeel daaroor uit te spreek nie. Ons kan ook nie sê dat die doel van die bestudering van verskillende godsdienste is om vir mense te sê wat hulle moet glo, hoe om op te tree of watter keuse om te maak nie. Die Christenouers, -onderwyser en -dosent sou hulle plig versuim indien hulle nie hulle leerlinge/studente help om ander godsdienste vanuit 'n Christelike perspektief te beoordeel nie.
- Wat die kerk-staat verhouding betref, betree die staat op die kerk se terrein deur daarop aan te dring om die godsdienskurrikulum in skole voor te skryf. Godsdiens word misbruik deur die staat in diens van die politiek. Die waardes wat bevorder word en in die godsdiensprogramme ingeskryf word, is in lyn met die waardes van die betrokke grondwet, maar dit het weinig met godsdiens te doen (vgl. Van Niekerk, 2003:17). In hierdie verband skryf die Deputate CO (GKSA) dat die staat beperkte bevoegdhede ten opsigte van onderwys het. Die owerheid behoort wetgewing daar te stel wat orde, dissipline en standaarde binne die onderwys reël. Ouers behoort egter self die

keuse te hê rakende die vorm van godsdiensonderrig wat hulle kinders ontvang.

### 4.2.4 Parallellemodel

Die parallelle godsdiensmodel is die teenoorgestelde van die neutrale godsdiensonderrigmodel. Waar die neutrale-godsdiensmodel uitgaan van die standpunt dat alle godsdienste uit die openbare sfeer na die private sfeer verskuif, wil hierdie model alle godsdienste ook in die openbare sfeer laat funksioneer. Volgens navorsing is daar nie 'n land wat hierdie model in hul grondwet in werking het nie. Daar word later in hierdie hoofstuk uitgewys dat die Suid-Afrikaanse grondwet wel elemente van hierdie model bevat (vgl. Vorster, 2006).

In 'n neutedop kan gesê word dat die model aan alle godsdienstige mense die geleentheid bied om die godsdiens van hulle keuse te bely, in openbare aanbidding in die openbare sfeer te beleef en uit te dra, solank niemand onder enige verpligting gestel word nie.

As die model in die onderwys toegepas moes word, sou gelykeberegtiging voorsiening maak om godsdiensonderrig, wat alle godsdienste wat in 'n bepaalde skoolgemeenskap gangbaar is, te akkommodeer en wel (kwantitatief) ooreenkomstig die persentasie steun vir 'n bepaalde godsdiens binne daardie gemeenskap. Indien byvoorbeeld tagtig persent van die skoolgemeenskap Protestants Christelik, tien persent Katoliek en tien persent Mohammedaans is, behoort die klasure diensooreenkomstig in die verhouding van 80:10:10 aan onderrig deur 'n Protestante, Christelike, Rooms-Katolieke en Moslem-onderwyser toegesê te word (Van der Vyver, 2000:4-5).

In die model kies ouers in die skool die leerinhoud vir die godsdiensonderrig van hul eie kinders. Dit word toegegee dat die meerderheid Suid-Afrikaners deur hulle voorleggings hierdie model verkies. Hierdie model word juis internasionaal as die ware "demokratiese" model beskou, omdat dit aan ouers die demokratiese vryheid gee om hul kinders in vryheid in hul eie godsdiens op te voed (Van der Merwe, 2001).

Evaluering

In die lig van die staat-kerk-verhouding soos in Hoofstuk 3 bespreek, is hierdie model die naaste aan die ideale model. Kerk en staat word in hierdie model van mekaar geskei, maar daar is nog 'n wisselwerking. Die staat maak voorsiening daarvoor dat die kerk (godsdienste) hul geloof vrylik kan uitleef en hul kinders opvoed in die geloof van hul keuse. Die kerk kan vrylik die waarheid getuig aan die staat en aan die mense. Dit beteken dat dié model die naaste is aan godsdiensvryheid in 'n Christeliketiese perspektief, soos in Hoofstuk 3 gestel.

Na die beskrywing van die vèrskillende modelle waarop godsdiensvryheid moontlik in die samelewing inslag kan vind, sal daar oorgegaan word om die Suid-Afrikaanse wet op godsdiensvryheid, Artikel 15 van die 1996-grondwet, sowel as die implementering daarvan in die skoolstelsel aan die hand van hierdie modelle te evalueer.

## 4.3 Christelik-etiese beoordeling van die wet op godsdiensvryheid

Daar is in die vorige hoofstuk aangedui dat godsdiensvryheid 'n fundamentele mensereg is. Ook is aangedui dat godsdiensvryheid 'n Christelik-eties aanvaarbare konsep is, en selfs noodsaaklik is vir die vrye en vredevolle funksionering van die samelewing. Daarna is ook aangedui dat godsdiensvryheid egter op verskillende maniere binne 'n grondwet geformuleer kan word, en ook in verskillende modelle in die samelewing toegepas kan word. Daar is ook aangedui dat nie alle formulerings en toepassings van godsdiensvryheid noodwendig reg laat geskied aan die Christelik-etiese verstaan van godsdiensvryheid nie. Die vraag voortspruitend hieruit is of die formulering en toepassing van godsdiensvryheid in die Suid-Afrikaanse samelewing wel aan hierdie vereistes voldoen?

Om hierdie vraag te beantwoord sal eerstens bepaal word volgens watter model godsdiensvryheid in die Suid-Afrikaanse samelewing toegepas word, en ook of dit beantwoord aan sekere Christelik-etiese beginsels.

Volgens Vorster (1997:79-80), is die kernvraag wanneer 'n grondwet (of artikel binne 'n grondwet) eties beoordeel word, die vraag rondom die verantwoordelikheid aan

God. In die lig van hierdie grondliggende beginsel kan daar dan sekere vrae aan die wet gestel word. Eerstens kan gevra word of die wet reg laat geskied aan die beginsel van geregtigheid aan alle mense; ook kan gevra word of die wet 'n effektiewe basis vorm waarop orde in die samelewing gehandhaaf kan word, en derdens kan gevra word of die wet ruimte skep vir die kerk om die evangelie te verkondig (vgl. Vorster, 1997:80).

Volgens Dlamini (1996:6), behoort 'n grondwet ruimte te laat vir die beginsel van naasteliefde, soos uitgedruk in die dubbele liefdesgebod – dat ons God met ons hele hart moet liefhê en ons naaste soos onsself. Voortspruitend hieruit kan gevra word of die wet reg laat geskied aan die vyf beginsels van 'n redelike samelewing, naamlik vryheid, vrede, voorspoed, sekuriteit en geregtigheid.

Vervolgens kan dan gevra word of Artikel 15 van die 1996-grondwet van Suid-Afrika wel aan hierdie vereistes voldoen? Hierdie vraag kan beantwoord word deur kortliks te verwys na die wet en sy toepassings en implikasies vir die Suid-Afrikaanse samelewing (vir 'n volledige uiteensetting, verwys na Hoofstuk 2), om sodoende te bepaal volgens watter model godsdiensvryheid in die Suid-Afrikaanse samelewing tot uitdrukking kom.

### 4.3.1 Artikel 15 van die 1996-grondwet van Suid-Afrika

Godsdiensvryheid word in die 1996-grondwet van Suid-Afrika gewaarborg as 'n basiese reg van elke mens. Godsdiensvryheid sluit die uitlewing van godsdiens op enige plek in. Volgens Artikel 15(2) kan dit selfs in staatsondersteunde instellings plaasvind, mits bywoning vrywillig is en dit nie diskriminerend is nie, maar op gelyke basis plaasvind.

Artikel 15(2) bevestig daardie element van godsdiensvryheid in Artikel 15(1) wat op die uitlewing en beoefening van godsdiens betrekking het. Die doel van Artikel 15(2) is om onbillike diskriminasie teenoor minderhede te voorkom – daarom moet godsdiensbeoefening billik, vry en vrywillig wees. Die staat het die plig om die regte in die grondwet te eerbiedig, te beskerm, te bevorder en te verwesenlik (Artikel 7(2)),daarom mag die staat nie geleenthede vir godsdiensbeoefening beperk nie, maar dit eerder bevorder (vgl. in hierdie verband Malherbe, s.a.).

Kortliks kan dit gestel word dat Artikel 15 van die staat vereis om hom van onbehoorlike inmenging in godsdiens te weerhou en eerder die ruimte en atmosfeer te skep waarbinne godsdiens kan floreer; die staat mag ook geen godsdiens verkleineer, godsdienstige burgers of bepaalde godsdienstige groepe viktimiseer, of enige spesifieke godsdiens of wêreldbeskouing op die samelewing afdwing nie (vgl. Anoniem, s.a.). Vryheid van godsdiens in Suid-Afrika behels dus die reg om 'n bepaalde geloof aan te hang sowel as uit te druk. Wat veral van belang is, is dat vryheid van godsdiens in Suid-Afrika spesifiek dui op die afwesigheid van enige maatreëls wat bogenoemde onderdruk. Hiervolgens kan godsdiensvryheid veral onderdruk word deur maatreëls wat mense dwing om aan enige aktiwiteit deel te neem wat strydig is met hulle geloofsoortuigings (De Waal *et al.*, 2001:290).

Vanuit die kort uiteensetting van die wet op godsdiensvryheid in Suid-Afrika, sowel as die volledige bespreking daarvan in hoofstuk twee, is dit duidelik dat die wet ten doel het om die landsburger se reg op vryheid van gewete, geloof en denke te waarborg, deur 'n omgewing te skep waarbinne 'n etos van vryheid en gelykheid geld. Hierdie wette kan geevalueer aan die hand van geregtigheid, orde in die samelewing, vryheid, vrede en voorspoed.

### 4.3.2 Geregtigheid

Geregtigheid word in die Bybel primêr aangedui as die herstelde verhouding tussen God en mens deur die soenverdienste van Jesus Christus. Hierdie herstelde verhouding het duidelike implikasies vir sosiale verhoudinge. Geregtigheid vereis dat alle mense billik behandel moet word en dat daar geen onderdrukking moet wees nie (Vorster, 1997:80). Geregtigheid gee uitdrukking aan die liefdesgebod. Omdat Artikel 15 van die grondwet individue en groepe beskerm teen viktimisering en diskriminasie, kan gesê word dat daar uiting gegee word aan die beginsel van geregtigheid. Die wet op godsdiensvryheid gee ook uitdrukking aan die liefdesgebod omdat alle mense regverdig en billik behandel word.

### 4.3.3 Orde in die samelewing

Artikel 15 skep 'n omgewing van godsdiensverdraagsaamheid. Aangesien niemand onder hierdie wetgewing verontreg behoort te voel nie, is die moontlikheid van konflik minimaal. In hierdie lig gesien ondersteun Artikel 15 'n ordelike samelewing. Verder

reël Artikel 15(2) godsdiensbeoefening by staatsondersteunde instellings op 'n ordelike wyse.

### 4.3.4 Vryheid

Volgens Dlamini (1996:6) kan vryheid gesien word as die vryheid van elke wetsgehoorsame burger om te dink wat hy wil, om te sê wat hy wil en om binne die wet vrylik te kan rondbeweeg, sonder beperkings deur ander mense. Vryheid sluit dus ook die gedagte van godsdiensvryheid in.

Met spesifieke verwysing na godsdiensvryheid, skryf Vorster (1997:83) in die lig van Artikel 36 van die NGB:

> "...dat die owerheid nie self verplig is om die woord te verkondig en ander godsdienste en ongeloof moet verbied nie, maar dat die owerheid so moet regeer dat die kerk in staat is om sy roeping te vervul. Die kerk moet vry wees om die woord te verkondig en om deur die verkondiging van die woord die koninkryk van God te bevorder. 'n Grondwet moet dus ruimte gee aan die kerk om hierdie primêre funksie te vervul deur die erkenning van die reg van godsdiensvryheid."

In hierdie lig kan gesê word dat die grondwet, en spesifiek die wet op godsdiensvryheid, aan die vereistes van 'n parallelle godsdiensmodel behoort te voldoen.

Die kerk in Suid-Afrika kan met 'n goeie gewete getuig dat die wet op godsdiensvryheid die geleentheid daar stel om die evangelie van Jesus Christus vrylik te verkondig. Die Christen in Suid-Afrika het die vryheid om sy geloof uit te leef deur daaroor te skryf, daaroor te getuig en vrylik te kan rondbeweeg en godsdiensbeoefening (eredienste) by te woon.

In 'n samelewing waar vryheid (en dus ook godsdiensvryheid) deur die wet beskerm word, is daar onmiddellik sekuriteit en geregtigheid. Artikel 15 van die 1996-grondwet beantwoord dus aan die vereistes van vryheid, en skep ook 'n samelewing waarin die burgers sekuriteit kan geniet (vgl. Dlamini, 1996:7).

### 4.3.5 Vrede en voorspoed

Vrede is onmisbaar om 'n vrye samelewing te skep. Waar daar geen vrede is nie en waar geweld floreer, is geen mens werklik vry nie. In die afwesigheid van vrede kan daar ook geen sprake wees van voorspoed nie (Dlamini, 1996:7).

Die wet op godsdiensvryheid in Suid-Afrika is juis daarop gemik om 'n omgewing van godsdiensverdraagsaamheid te skep, en konflik te beperk. Artikel 15 poog dus om 'n vredevolle en voorspoedige samelewing te skep.

### 4.3.6 Gevolgtrekking

Die Suid-Afrikaanse staat is 'n staat waar die owerheid nie self kan of mag kies vir een of ander godsdienstige belydenis nie, aan alle godsdienste 'n regmatige plek gun, en aan elkeen 'n gelyke geleentheid bied om sy betrokke geloof te mag beoefen en uit te dra in die openbare sfeer. In die lig van die beoordeling hierbo en die implikasies van die wet soos uiteengesit in Hoofstuk 2, kan gesê word dat Artikel 15 van die 1996-grondwet van Suid-Afrika ooreenstem met die parallelle godsdiensmodel.

Een bekommernis is egter die feit dat die reg op godsdiensvryheid tydens noodtoestande beperk kan word (Art. 37.5). Hierdie bepaling gee ruimte vir magsmisbruik deur die owerheid in die tyd van oorlog of algemene oproer en skakel nie die gevaar van godsdiensvervolging uit nie. In sodanige omstandighede is die kerk uitgelewer aan die welwillendheid van die owerheid wat aan bewind is en so 'n situasie behoort vermy te word (Vorster, 1997:88).

Daar is aangetoon dat die wet op godsdiensvryheid, Artikel 15 van die 1996-grondwet van Suid-Afrika, sowel as die implikasies daarvan, Christelik-eties verantwoordbaar is, en voldoen aan die beginsels vir Skrifgetroue wetgewing. Vervolgens kan gevra word of die toepassing van hierdie wetgewing in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel (soos uiteengesit in Hoofstuk 2), ook Christelik-eties aanvaarbaar is.

## 4.4 Christelik-etiese beoordeling van die implementering van die wet op godsdiensvryheid in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel

Die Suid-Afrikaanse grondwet waarborg die reg tot godsdiensvryheid in Artikel 15. Soos reeds aangetoon, is hierdie artikel en die toepassing daarvan oor die algemeen volgens die parallelle-godsdiensmodel en dus Christelik-eties verantwoordbaar. Hieruit volg die vraag of die toepassing van hierdie wet in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel, soos uitgedruk in die regering se "National Policy on Religion and Education" en gepubliseer in die staatskoerant van 12 September 2003, wel reg laat geskied aan Artikel 15 en aan die Christelik-etiese vereistes vir godsdiensvryheid.

Die regeringsbeleid met betrekking tot godsdiens in openbare skole in Suid-Afrika raak veral twee sake aan, naamlik godsdiensonderrig en godsdiensbeoefening. Deur die beleid Christelik-eties te beoordeel sal aan elke saak afsonderlik aandag gegee word. Kritiek sal gelewer word op die regering se "neutrale" godsdiensonderrig, daar sal aangedui word hoe hierdie beleid die kerk-staat-verhouding (soos uiteengesit in Hoofstuk 3) raak, en daar sal aangedui word dat hierdie beleid inherent humanisties is, godsdiensgelykheid propageer, en uiteindelik juis onverdraagsaamheid tussen lede van verskillende godsdienste kweek. Verder sal ook vanuit 'n regsperspektief aangedui word dat die beleid ongrondwetlik is, en daarom nie Christelik-eties aanvaarbaar is nie.

### 4.4.1 Godsdiensonderrig

- Godsdiensonderrig aangebied vanuit 'n neutrale oogpunt

Wanneer gepoog word om godsdiens vanuit 'n neutrale oogpunt aan te bied, word per definisie 'n keuse gemaak om godsdiens vanuit 'n bepaalde perspektief te bestudeer. So 'n beleid dwing jou om jouself van godsdiens – ook jou eie – te distansieer. Daar kan dus geen ware neutraliteit bestaan nie. Verder kan ook gesê word dat neutraliteit nie dieselfde is as onpartydigheid nie. So 'n neutraliteit kan op die lang duur lei tot 'n vyandigheid teenoor godsdiens, soos gevind in die VSA (Anoniem, s.a.). In hierdie verband skryf die Deputate CO (GKSA) (2002): "Geen onderwys kan neutraal aangebied word nie. Neutraliteit as vertrekpunt is alreeds 'n lewensbeskoulike vertrekpunt en 'n ongodsdienstige oortuiging."

Vir die Christen bestaan daar ook geen "neutrale" lewensterrein nie. Vir die Christen behoort die hele lewe, ook godsdiensonderrig, vanuit 'n Christelike lewensbeskouing gesien te word. 'n Beleid wat neutraliteit afdwing, is diskriminerend omdat dit 'n lewensbeskouing afdwing wat met geloofsoortuiging bots (Deputate CO (GKSA) 2001).

Verder is die afgrensing van die huisgesin en kerk tot enkelgeloof, teenoor die skool as terrein van die staat waar verskillende godsdienste onderrig word, strydig met die Bybel en die doopbelofte wat Christenouers aflê. Die Christen se hele lewe is godsdiens. Opvoeding en onderwys by die huis, die kerk en die skool is vir die Christen 'n onskeibare eenheid (Deputate CO (GKSA) 2002).

Waar Christenouers dus gedwing word om hulle kinders te laat onderrig in 'n leer, wat lynreg indruis teen hulle geloofsoortuigings, kan daar dus geen ware godsdiensvryheid, soos deur die parallelle model voorgestel word, wees nie.

- Kerk-en-staatverhouding

Die staat behoort slegs daarop aan te dring dat skole voorbeeldige leiding in universele deugde soos eerlikheid, regverdigheid, verantwoordelikheid, hoflikheid, selfdissipline, ensovoorts verskaf. Sou die staat meer as hierdie universele deugde inskerp, word skole magtige instrumente vir sosiale manipulasie (Horn, 2005b).

Die verskillende sosiale instellings soos die gesin, skool en kerk, het elkeen 'n unieke funksie om te vervul en elkeen moet die gesag gegee word om hierdie funksie te vervul. Reformatoriese denke staan derhalwe 'n gesonde verdeling van mag onder die georganiseerde instellings van die samelewing voor. Elke instelling moet en mag net vir hom die mag opeis om sy eie roeping te vervul en geen instelling mag vir homself meer mag opeis as waartoe hy geregtig is nie (Van Niekerk, 2005:92).

Die hedendaagse staat is in 'n groot mate besig om in te meng met die interne werking van die skool (en kerk) en is gevolglik besig om sy juridiese grense te oorskry. Wanneer 'n staat die waardes en etos voorskryf wat in skole moet geld, word godsdiensvryheid in die skole aan bande gelê (Van Niekerk, 2005:92).

Owerheidsinstansies het nie die reg om op enige manier sekere oortuigings op kinders af te dwing nie. Ouers het wel die reg (en plig) om hulle kinders volgens hulle oortuigings op te voed. Die skool – ook die staatskool – is in die eerste plek 'n verlengstuk van die ouerhuis, en nie van die staat nie. Die staat is hoogstens die fasiliteerder (Van der Kooy, 2003).

- Humanistiese godsdiensgelykheid

Suid-Afrika se regeringsideaal om verdraagsame burgers te kweek wat geen vooroordele teenoor enige religie, wêreldbeskouing, of seksuele lewenstyl koester nie, is suiwer humanisties en lynreg in teenstelling met die Woord van God, aangesien dit God se wet minag en godsdiensvryheid in godsdiensgelykwaardigheid omskep. Verder beteken verdraagsaamheid nie dat daar geen verskille tussen partye mag wees nie en dat 'n individu nie standpunt mag inneem nie, maar eerder dat die individu hom daarvan weerhou om sy standpunt op ander af te dwing (Horn, 2005b).

In onderrig oor godsdienste soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel, is die mens die fokus van die studie van godsdiens. Godsdiens word bloot bestudeer as 'n menslike verskynsel. Die beleid streef 'n sogenaamde "burgerlike verstaan" van godsdiens na. Godsdiens word dus bloot in menslike terme beoordeel. Die oogmerk is om gemeenskaplike waardes te identifiseer en leerders moet só hulle gemeenskaplike mensheid ontdek en herken (vgl. Anoniem, s.a.).

Op hierdie manier poog die beleid om groter verdraagsaamheid onder leerders te kweek wat godsdienstige kulturele verskille betref. Dit sal egter eerder die teenoorgestelde uitwerking hê: Wat gebeur as een godsdiens geweeg en te lig gevind word in terme van sy bydrae tot, byvoorbeeld, nasiebou, of wêreldvrede? Die aanname in die beleid is dus dat versoening tussen mense op menslike gronde moontlik is as sekere gemeenskaplike waardes maar bloot geïdentifiseer word en nagestreef word. Versoening is egter vir die Christen net deur Jesus Christus moontlik. Slegs wanneer die Christen homself bind aan die liefdesgebod

en die daadwerklike uitlewing daarvan, kan daar sprake van versoening wees (Anoniem, s.a.).

Die Christen benader die norme vir “nasiebou” vanuit die Woord van God, en nie vanuit die humanistiese beginsels soos die regering nie. God se eer moet gesoek word en nie bloot die belange van die staat, van mense of van die nasie nie. Die Christen-landsburger soek allereers na die Koninkryk van God. Wanneer hierdie beginsel in die samelewing geld, sal nasiebou soveel natuurliker daaruit voortvloei, eerder as wat dit op kinders afgedwing word (vgl. Deputate CO (GKSA) 2002). Hierdie beleid relativeer mense se diepste oortuigings. Baie mense sal dit juis as diskriminerend beleef (Anoniem, s.a.).

Om waardes en lewenshoudings op kinders af te dwing is uiteindelik niks anders as indoktrinasie nie. Indoktrinasie bevorder selde verdraagsaamheid. Dit kweek eerder haat en fanatisme (Horn, 2005a:9).

### 4.4.2 Godsdiensoefening

Dit wil voorkom asof die regering van Suid-Afrika ten doel het om godsdiensoefening heeltemal uit skole te ban. Volgens Malherbe (2003), kan uit die beleidsdokument afgelei word dat die regering se uitsluitlike doel is dat godsdiensoefening slegs buite skoolure mag plaasvind. Indien dit wel sou plaasvind, moet die idee daarvan nie ‘n godsdienstige aksie wees nie, maar eerder ‘n opvoedkundige oefening (vgl. ook Coertzen, 2003 ).

Met spesifieke verwysing na die saalopening stel die beleidsdokument dit as volg: “Like the rest of the school’s learning programmes, the assembly should be an occasion for affirming and celebrating unity in diversity. Accordingly, if religious materials are used in assembly, they should be presented in the framework outlined for Religion Education as an educational exercise rather than as a religious ceremony (Ministry of Education, 2003).

Vir die Christen kan godsdiensoefening soos gebed en lofsang egter nooit ‘n blote akademiese oefening wees nie. Dit sou neerkom op blote lippediens, sonder enige diepte. Vir die Christen is godsdiensoefening ‘n geleentheid om intiem met sy God te

verkeer. Dit kan nooit bloot gedoen word sodat mense met ander godsdienstige oortuigings daarna kan kyk en slegs daarvan kennis neem nie. Verder het die Christelike godsdienstige seremonies altyd 'n missionêre dimensie – en dit is juis wat die regeringsbeleid teenstaan.

Volgens die "Manifesto on Values, Education and Democracy" behoort saalopening die diversiteit van die land se bevolking te "vier" (Ministry of Education, 2001:24). Moontlikhede vir die praktiese uitvoering kan onder andere wees dat elke geloofsgroep apart vergader (hoewel dit nie juis deur die regering aangemoedig word nie). Die regering verkies 'n reëling soos algemene stilgebed, of afwisselende voorgang van godsdienstige leiers, sodat elke geloof geleentheid kry om die saalopening waar te neem, uit godsdienstige geskrifte voor te lees, en voor te gaan in gebed.

Die Deputate CO (GKSA)(2002) beskou so 'n reëling as sinkretisme, gebaseer op die beginsels van die intergeloofsbewegings. Volgens die deputate mag Christene nie aan sodanige ekumeniese multi-godsdienstige byeenkomste deelneem nie, want dit kom neer op afgodery, soos verbied deur die eerste gebod. So 'n beleid kom neer op godsdiensgelykheid en tas die heilige majesteit van die lewende God aan (vgl. Deputate CO (GKSA), 2002).

Hierdie beleid herinner eerder aan die multigeloofsonderrig-model as 'n parallelle model. In plaas hiervan behoort Christene hulle eerder te beywer vir 'n parallelle model in skole, waar elke geloofsgroep afsonderlik bymekaar kom vir godsdiensoefening. Ouers, as belastingpligtiges, het die reg tot inspraak en seggenskap oor die godsdiensonderrig en godsdiensbeoefening waaraan hulle kinders op skool blootgestel word. Hulle behoort toegang te hê tot staatskole waar onderwys volgens hulle bepaalde godsdienstige waardes verskaf word, ongeag aan watter geloof hulle behoort. (Die praktiese uitvoerbaarheid hiervan val buite die skopus van hierdie studie,vgl. Van Niekerk, 2005:93).

## 4.5 Beoordeling van die godsdiensbeleid in skole vanuit 'n regsoogpunt

As aanvaar word dat die wet wat godsdiensvryheid in Suid-Afrika waarborg, naamlik Artikel 15 van die 1996-grondwet van Suid-Afrika, in lyn met die Woord van God en dus Christelik-eties aanvaarbaar is, kan dit veelseggend wees om die godsdiensbeleid in die skoolstelsel ook hieraan te meet. Die grondwet is in Suid-Afrika die hoogste gesag en ook die owerheid van die dag behoort hieraan gehoorsaam te wees. In die lig van Romeine 13 behoort dit vir die Christen kommerwekkend te wees indien die regering hom buite die grense van die grondwet begeef (Anoniem, s.a.).

Die gewaarborgde reg tot die vryheid van godsdiens in Artikel 15 van die Suid-Afrikaanse grondwet sluit ook die reg tot godsdiensonderrig in. Hierdie aspek het betrekking op die reg van godsdienstige instellings om hulle lede te onderrig en te laat oplei. Eweneens dui dit op die reg van ouers om hulle kinders te laat opvoed in ooreenstemming met hulle godsdienstige oortuigings. As sodanig sluit dit die reg van die ouers in om te besluit in watter godsdiens en denominasie hulle hul kinders wil grootmaak, sowel as die reg om hulle kinders vanweë godsdienstige redes by 'n bepaalde skool in te skryf, en om hulle kinders aan bepaalde skoolaktiwiteite te onttrek as dit onversoenbaar is met hulle godsdienstige oortuigings (Coertzen, 2002).

Die huidige beleid ten opsigte van godsdiensonderrig en godsdiensoefening in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel gee egter nie erkenning aan hierdie regte nie.

Wat godsdiensonderrig in skole betref, mag die inhoud en aanbieding daarvan nie strydig wees met die reg tot godsdiensvryheid nie. Dit beteken dat hierdie onderrig nie godsdiens, of spesifieke mense se godsdiensgevoelens, aanstoot mag gee nie, geen godsdiens mag bevoor- of benadeel nie en ook geen neutraliteit teenoor, of vermenging van godsdiens mag aanmoedig nie. Godsdiensonderrig mag nie vanuit 'n spesifieke staatsbepaalde perspektief aangebied word nie. Verder mag geen leerder gekeer word om godsdiensonderrig vanuit sy/haar eie perspektief te bestudeer nie, tensy dit haat of diskriminasie bevoordeel. Bywoning van sodanige onderrig moet vrywillig wees, en leerders met gewetensbesware behoort daarvan vrygestel te word (Malherbe, s.a.).

Uit die bogenoemde uiteensetting en beoordeling van die Suid-Afrikaanse regering se godsdiensbeleid in skole, is dit dus duidelik dat die inhoud en implementering van onderrig oor godsdienste ("religion education"), soos vervat in die leerarea Lewensoriëntering, strydig met die grondwet is.

Wat vrystelling van hierdie onderrig betref: Die onderwysdepartement wou aanvanklik geen vrystellings toestaan nie. Die Direkteur-Generaal van onderwys het later verklaar dat vrystellings wel toegestaan sou word, maar dat die leerder in so 'n geval die punte sou verbeur. Die probleem is dat die leerarea Lewensoriëntering verpligtend is om die Nasionale Hoërsertifikaat te verwerf. 'n Leerder wat aspirasies het om by 'n tersiêre instelling in te skryf, het dus geen ander keuse as om wel hierdie leerarea ten volle te deurloop nie (vgl. Anoniem, s.a.).

Die N.G. Kerk Sinode van Wes-Transvaal (2003) maak die volgende opmerking oor die grondwetlikheid van hierdie beleid: "Die voorgestelde beleid dra vir ons die boodskap dat die regering nie bekommerd is oor die godsdiensvryheid van leerders en hul gesinne nie, trouens dit skep die indruk van onverdraagsaamheid teenoor alle godsdienstige groepe onder leerders wat in skole hulle konstitusionele reg wil uitoefen. Dit werk teenproduktief teen die verdraagsaamheid wat die beleid wil nastreef. Die beleid probeer neutraliteit afdwing wat strydig is met die vryheid van godsdiens en denke in Art 15 van die Grondwet."

Volgens Malherbe (s.a.) berus die verskuiwing van godsdiensbeoefening tot buite skoolure op 'n totale wanvertolking van Artikel 15(2), en is dit ongrondwetlik. Artikel 15(2) bepaal juis dat godsdiensoefening in, onder andere, staatskole kan plaasvind, mits dit billik is en bywoning vry en vrywillig is. Die beperkings op godsdiensoefening in staatskole misken die gewetensvryheid en keusevryheid van ouers en leerders.

Die regering is ook sterk daarteen gekant dat 'n skool 'n bepaalde geloofs- of godsdienstige etos mag hê. Die regering verklaar dat godsdienstige eenvormigheid nie op 'n diverse skoolgemeenskap afgedwing mag word nie, maar die regering hou nie rekening met homogene skole nie. Diversiteit word op homogene skoolgemeenskappe afgedwing (vgl. Anoniem, s.a..).

## 4.6 Gevolgtrekking

Ware godsdiensvryheid moet heers in 'n demokrasie en alle burgers moet as belastingbetalers toegang hê tot staatskole waar onderwys verskaf word volgens hulle bepaalde godsdienstige waardes. Hierdie reg word misken deur die Suid-Afrikaanse owerheid, wat opvoedkundige waardes voorskryf en "neutrale" godsdienstige onderwys wat die mens as maatstaf beskou, afdwing. Dit is nie ware godsdiensvryheid soos deur die Skrif geleer nie, omdat dit ouergemeenskappe die reg ontsê om hul kinders te laat opvoed volgens hulle bepaalde godsdienstige en opvoedkundige waardes. Vanuit 'n Reformatories-Christelike perspektief het die staat nie die reg om ouerregte en verantwoordelikhede toe te eien deur die vorm en inhoud van godsdiensonderrig voor te skryf nie (Van Niekerk, 2005:93).

Die voorgestelde beleid vir godsdiens in skole kom neer op 'n multi-geloofsonderrig-model, eerder as 'n parallelle model. Die multi-geloofsonderrig-model is strydig met die Woord van God, sowel as Artikel 15 van die 1996-grondwet van Suid-Afrika. Die owerheid van Suid-Afrika behoort 'n beleid daar te stel, geskoei op die parallelle model, waar alle godsdienste gelyke geleentheid gebied word vir godsdiensonderrig en godsdiensoefening in skole.

# Hoofstuk 5 – Die rol van die kerk in die ondersteuning en begeleiding van ouers

## 5.1 Inleiding

In die lig daarvan dat die regering se beleid rakende godsdiens in staatskole, nie aan die vereistes van godsdiensvryheid volgens gereformeerde etiese beginsels voldoen nie, is die vraag onmiddellik wat die rol van die kerk in hierdie verband is? Wat is die verantwoordelikheid van die kerk teenoor verbondsouers, asook teenoor die staat? Om hierdie vraag te beantwoord, gaan die rol van die kerk teenoor ouers en skole vanuit die kerkorde van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika belig word. Verder sal ook ondersoek ingestel word na die lig wat die Skrif op hierdie saak werp.

## 5.2 Die kerkorde van die GKSA

Artikel 21 van die kerkorde van die GKSA handel oor die rol van die kerk teenoor die skool. Dit lui soos volg:

> "Die kerkrade moet toesien dat die ouers die skoolonderrig aan hulle kinders in die vrees van die Here laat geskied" (Kerkordeboekie).

### 5.2.1 Verklaring van Artikel 21

Artikel 21 bepaal dat kerkrade 'n verantwoordelikheid het ten opsigte van skoolsake (Visser, 1999: elek.). Die kerk moet toesien dat die ouers hulle roeping nakom ten opsigte van die skoolonderrig aan hul kinders. Dit lê die verantwoordelikheid op die kerk om die ouers te aktiveer en te laat besef dat die skoolopvoeding ook deel is van hulle opvoedingstaak in die verbond (Kruger *et al.*, 1996:134).

Spoelstra (1989: elek.) sluit hierby aan: "op sterkte van die verbond van God moet

> die kinders van gelowige ouers gedoop word. Die ouers is daarom nie net natuurlik nie, maar in besonder voor die Here verantwoordelik vir die behoorlike opvoeding van hulle kinders. Die kinders behoort nie aan die staat, kerk of die gemeenskap nie en is ook nie los individue wat eers later hulle godsdienstige keuse moet maak nie. Die ouers se verantwoordelikheid voor die Here reik baie verder as net versorging met kos en klere of selfs 'n ordentlike opvoeding in 'n kultuurgemeenskap. Dit gaan veral om die tydelike en ewige welsyn van die kind en sluit die opvoeding in die gereformeerde

Belydenis en godsdiens in. Die kind moet in sy totaliteit opgevoed word. Die skoolonderrig moet aansluit by die opvoeding van die ouers en dit aanvul."

Kragtens die verbond van God wat in die doop beseël is, moet die kind se skoolonderwys hom verder opbou om, wanneer hy selfstandig en volwasse word, self van sy geloof en verbondenheid aan God, wat in sy doop beseël is, belydenis te doen (Spoelstra, 1999:elek.).

Derhalwe het kerkrade 'n besliste taak en verantwoordelikheid ten opsigte van wat in die skole aan verbondskinders geleer word. Hierdie artikel reël dus nie toesig van kerkrade oor skole nie, maar oor verbondsouers, ten opsigte van die skoolonderrig aan hul verbondskinders (Visser, 1999: elek.).

Dit is wel belangrik dat daar op hierdie punt gewys word dat dit nie die kerk se verantwoordelikheid is om skole op te rig nie. Die kerk en die skool is elk selfstandig op hulle eie terrein. Die kerk mag nie inmeng in skoolsake nie, maar dit beteken nie dat hulle 'n blinde oog na die skool moet keer nie. Die kerk het nog steeds die verantwoordelikheid om te weet wat in skole geleer word, sodat hulle kan toesien dat die ouers hulle taak as verbondsouer vervul en die ouer ook kan bystaan in advies (vgl. Visser, 1999: elek.).

Dit is veral belangrik met vandag se staatskole, wat onder 'n staat staan wat godsdiensneutraal is en selfs intergeloofsbeweging bevoordeel, dat die kerk weet wat die kinders geleer word sodat hul die ouers kan bemagtig om hulle kinders op te voed in die vrese van die Here (vgl. Visser, 1999: elek.).

Daar is ook ander kerkordes wat na dieselfde saak verwys.

Artikel 21 (Gereformeerde Kerken in Nederland (1892 tot 1944) 1892):

> "De Kerkeraden zullen alomme toezien, dat er goede schoolmeesters zijn, die niet alleen de kinderen leeren lezen, schrijven, spraken en vrije kunsten, maar ook dezelve in de godzaligheid en in den Catechismus onderwijzen" (Te Velde, s.a..).

Artikel 21 (Gereformeerde Kerken in Nederland (1905 tot 1944) 1905):

> "De Kerkeraden zullen alomme toezien, dat er goede schoolmeesters zijn, die niet alleen de kinderen leeren lezen, schrijven, spraken en vrije kunsten, maar ook dezelve in de godzaligheid en in den Catechismus onderwijzen" (Te Velde, s.a..).

Artikel 57 (Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt) 1978):

> "De kerkenraden zullen erop toezien dat de ouders, zoveel zij kunnen, hun kinderen onderwijs laten volgen dat in overeenstemming is met de leer van de kerk, zoals zij dit bij de doop beloofd hebben" (Te Velde, s.a..).

Artikel 22 (Nederlands Gereformeerde Kerken 2005):

> "De kerkeraden zullen zorg dragen voor het catechetisch onderwijs aan de jeugd van de gemeente. Het onderwijs dient gericht te zijn op het afleggen van openbare belijdenis van het geloof. Deze zal plaatsvinden na onderzoek aangaande leer en leven door de kerkenraad en met instemming van de gemeente. Met het oog op dit laatste zullen de namen van hen die belijdenis van het geloof afleggen voldoende worden bekendgemaakt" (Te Velde, s.a..).

Artikel 57 (Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1984):

> "Die kerkrade sal toesien dat die ouers sover moontlik hul kinders laat onderrig in ooreenstemming met die leer van die kerk soos hulle dit by die doop belowe het" (Te Velde, s.a.).

Uit die verskillende kerkordelike artikels is dit baie duidelik dat die kerk sy verantwoordelikheid teenoor die skool nie direk nie, maar op 'n indirekte wyse interpreteer: die kerk moet toesien dat ouers hulle verbondsverantwoordelikheid nakom, wat skoolonderrig insluit. Vervolgens sal gekyk word na enkele Skrifgedeeltes wat lig werp op die rol van die kerk teenoor ouers, skole en die staat.

## 5.3 Enkele Skrifgedeeltes oor die rol van die kerk

Die tekste waarna gekyk gaan word is: Deut. 6; Ps. 78:3-7; 1 Tim. 2:1-5; 1 Tim. 3:15; 2 Tim. 3. Ef. 6:4;

Die onderskeie tekste sal volgens temas verdeel word, kortliks uitgelê word, en die relevansie daarvan vir die betrokke studie aangedui word.

| | |
|---|---|
| **Tema** | **Die kerk moet die waarheid verkondig** |
| **Tekste** | 1 Tim. 2:1-5<br>Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, [2]vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. [3]So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, [4]wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. [5]Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus [6]wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God. [7]Met die oog hierop is ek aangestel as prediker en apostel, as 'n leraar om die heidennasies te onderrig in die boodskap van die geloof en die waarheid. Ek praat die waarheid, ek lieg nie (Bybel 1998) |
| | 1 Tim. 3:15<br>[15]Ingeval my koms vertraag word, sal jy dus weet hoe iemand hom moet gedra in die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid. (Bybel 1998) |
| **Relevansie** | 1Tim. 2 en 3 moet saamgelees word. Die tekste toon dan baie duidelik dat die kerk die draer en beskermer is van die waarheid, en dat dit die kerk se verantwoordelikheid is om die waarheid (wat die Woord van God is) aan alle mense te verkondig, ook aan die |

| | |
|---|---|
| | owerheid (staat) (vgl. Bouma 1970:57; Van Zyl, 1997:elek.). In die lig van die beleid rondom godsdiensvryheid in skole, is dit die kerk se verantwoordelikheid om die staat te wys op die waarheid rakende godsdiensvryheid (soos bespreek in Hoofstuk 3) en om aan die lidmate van die kerk die waarheid te verkondig, sodat hulle in 'n land waar multi-geloofsoortuigings aan die kinders voorgehou word, in staat sal wees om die kinders te wys op die waarheid wat verlossing bring. |
| **Tema** | Die ouers se verbondsverantwoordelikheid |
| **Tekste** | Deut. 6:6-7<br>6"Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. 7Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. (Bybel 1998) |
| | Ef. 6:4<br>4En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil(Bybel 1998). |

| | |
|---|---|
| | Ps. 78: 3-7<br>[3]Wat ons gehoor het en wat ons weet,<br>wat ons vaders ons vertel het,<br>[4]sal ons vir ons kinders nie verswyg nie.<br>Ons sal aan die volgende geslag vertel<br>van die roemryke dade van die Here<br>en van sy mag,<br>van die wonderdade wat<br>Hy gedoen het.<br>[5]Hy het aan Jakob<br>sy voorskrifte gegee,<br>aan Israel sy onderwysing.<br>Hy het ons voorvaders beveel<br>om dit aan hulle kinders<br>bekend te maak,<br>[6]sodat die volgende geslag dit kan weet<br>en die kinders wat nog gebore sal word,<br>dit weer aan húlle kinders kan vertel.<br>[7]So sal hulle dan op God vertrou<br>en nie vergeet wat Hy gedoen het nie,<br>maar gehoorsaam wees<br>aan wat Hy beveel het(Bybel 1998) |
| | 2 Tim. 3<br>[14]Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeester was [15]en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus(Bybel 1998). |
| **Relevansie** | Uit die tekste is dit baie duidelik dat ouers die verantwoordelikheid |

het om hulle kinders in die vrese van die Here groot te maak. Die fokus veral op Deut. 6:7 waar die ouers die opdrag kry om hulle kinders volgens die wet van die Here op te voed in alle dele van die samelewing (vgl. Christensen, 1998:elek.). Die waarheid oor God moet dus oorgedra word deur dit binne die konteks van hulle alledaagse lewe te plaas. In hierdie verse word gelees hoe om kinders op 'n eenvoudige en verstaanbare manier te leer om God lief te hê. (Vosloo & Van Rensburg, 1997:elek.).

Deuteronomium wys sterk op die verbondsopvoeding wat van die ouers verwag word. Die ouers beloof by die doop van hul kind dat hulle die kind in die verbond sal opvoed. Die verbondsopvoeding is egter meer as woorde, dit is ook dade, dit is 'n ouer se hele lewe. Ouers se lewe is die belangrikste en grondliggende basis van die kind se verbondsopvoeding. Dit sluit in hul huwelik, hul kerklewe, hul gemeenskapslewe, kortom, die hele spektrum van wat die ouers as lewe ontvang het. Die kind se godsdiensbeskouing in sy volwasse lewe sal nie losgemaak kan word van sy ouers se godsdiensbeskouing in hulle kinderlewe nie. Dit is gewoonlik 'n reaksie daarteen of 'n navolging daarvan. Wie geroep word om 'n kind binne die genadeverbond op te voed, word geroep om op 'n sigbare wyse vir God gehoorsaamheid aan hom, liefde vir sy Woord en vir sy kerk uit te leef. Trouens, hy word tot 'n lewenswandel voor die heilige aangesig van God geroep, anders ontwikkel die kind se godsdiens as iets wat apart staan, iets vir Sondae, iets wat hy gemaklik soos kerkklere kan aan- en uittrek. Die verbondsopvoeding kry by die kind dan hoogstens die beeld van lastige maar verpligte resitasievertoning.

Die verbondsopvoeding van die kind is primêr die rol van die verbondsouers. Die kerk en die skool staan die ouers in die verbondsonderrig by. In skole waar daar nie meer vanuit 'n Christelike perspektief skoolgehou word nie, is dit die ouer se rol

| | |
|---|---|
| | om die kinders te wys op die Christelike perspektief van hul skoolwerk. Dit is die ouer se rol om die kinders daarop te wys as hulle van ander godsdienste leer, dat daar net een waarheid is wat lei na lewe, en dit is deur Jesus Christus. Dit is dan die kerk se verantwoordelikheid om die ouer toe te rus vir die taak om verbondsonderrig te gee. |

**Gevolgtrekking**

Uit al die voorgaande tekste kan dus gesê word dat die kerk die rol het om die waarheid, wat die Woord van God is, te verkondig Die kerk moet die waarheid aan die ouers leer sodat hulle die kinders daarin kan opvoed (natuurlik moet hulle ook die kinders direk opvoed alhoewel dit primêr die rol van die ouers is). Hulle het ook die taak om die waarheid aan die staat te getuig.

Verder word gefokus op die kerk se taak teenoor die ouer in verband met die opvoeding wat kinders in die skool ontvang. In die volgende gedeelte word gekyk na wat die kerk prakties kan doen om die ouers by te staan in die skoolstelsel, soos dit in Hoofstuk 2 bespreek is.

## 5.4 Kerk se rol teenoor die ouers en kinders

Ouers is kragtens hulle ouerskap primêr vir die kind se opvoeding verantwoordelik. In sy volkome afhanklikheid van sy ouers is die kind op hulle versorgende liefde aangewys; soveel meer is die verantwoordelikheid van die gelowige Christenouers wat in hul doopbelofte onderneem het om die kind in die vrese van die Here op te voed. Tog is dit waar dat die ouer se opvoeding- en onderwysvermoë beperk is en daarom kan hy nie sy kinders in alle opsigte opvoedkundig na behore bystaan nie (Vgl. Smith, 2005).

Die skool neem dus 'n deel van die opvoeding op hom, maar dit bly die primêre verantwoordelikheid van die ouer om sy kinders op te voed volgens die Woord van God. Die kerk het dan ook 'n taak om die ouers by te staan en aan hulle die nodige toerusting te voorsien, veral in die huidige tyd waar die skole die kinders beïnvloed met universele waardes en intergodsdienste (Vgl. Smith, 2005).

Die kerk het 'n ondersteunende verantwoordelikheid ten opsigte van die ouerhuis en die skool in die oordrag van Christelike waardes. In die skoolsituasie vind die waardeoordrag plaas vanuit die sentrale Skrifwaarhede, terwyl die dogmatiese en konfessionele verskille op die agtergrond geskuif word. Daar moet duidelik onderskei word tussen die kerk se ondersteunende rol aan die skool in die oordrag van Bybels-gefundeerde waardes, en die kerk se kategetiese verbondsonderrig wat konfessioneel bepaal is. Die twee is nie dieselfde nie (NGK, 1999).

Die kerk is kragtens sy opdrag medeverantwoordelik vir die opvoeding en onderwys van sy verbondskinders. Hierdie opdrag behels veral gepaste en deurlopende pastorale begeleiding en ondersteuning aan leerders en ouers. Sodoende word die ouers in die vervulling van hulle doopverantwoordelikheid ondersteun (NGK, 1999).

In die vennootskapsverhouding het die kerk die verantwoordelikheid om deurlopend aan die opvoeders (onderwysers) die nodige pastorale ondersteuning te gee. Die kerk erken die strategiese rol wat die Christenopvoeder speel en stel hom ten doel om lidmate aan te moedig om as onderwysers diens te lewer (NGK, 1999).

Die kerk het dus 'n dubbele rol: eerstens teenoor die verbondsouers en dan ook teen-oor die skool, het sy staat- of privaat. Elke rol word vervolgens afsonderlik bespreek.

### 5.4.1 Die rol van die kerk teenoor die ouer

Die kerk sal eerstens die ouers weer op hulle verantwoordelikheid as verbondsouers moet wys. Die rede daarvoor is dat, vanweë ekonomiese toestande en regstellende aksie wat plaasvind, en dit vir party gesinne moeilik is om hulle lewenstandaard te behou, het dit veroorsaak dat die moeders ook begin werk het.

Die vader se werksituasie en werkspatroon is dikwels ook so dat hy sy huislike pligte nie behoorlik nakom nie. Die moderne lewe stel dus baie hoë eise aan die ouers. Hulle is daagliks slegs vir 'n beperkte tyd met hulle kinders in aanraking. Net ongeveer 25% van die pa's en 50% van die ma's spandeer meer as 2 ure per week in gesprek met hulle kinders. Volgens Suid-Afrikaanse statistiek in 2004 spandeer die gemiddelde pa slegs ongeveer 12 minute per week in gesprek met hulle kinders,

waarvan meer as die helfte negatiewe kommunikasie is. Daarom word die ouertaak al hoe meer deur ander instansies bv. kerk, skool en staat, en ook deur die televisie oorgeneem en/of op hul oorgedra. Dit dan ook nie vreemd dat slegs ongeveer 45.8% van die kinders kies om hulle ma te raadpleeg oor 'n probleem, en slegs 17.6% sal hulle pa raadpleeg (Smith, 2005.).

Die gemiddelde kind spandeer tydens sy skoolloopbaan 15000 ure voor die televisie, 11000 ure by die skool en maar net 2000 ure by sy ouershuis (Smith, 2005) Die kind die spandeer amper vyf keer meer tyd by die skool as by die ouershuis , daarom sal die skool ook die grootste invloed hê. In die tyd van Christelike nasionale onderwys het ouers verleer om hulle kinders te onderrig soos dit in Deuteronomium 6 geskrywe staan.

Die ouers het gemaklik geraak en begin glo dat dit die rol van die kerk en die skool is om hulle kinders in die verbond op te voed. Die ouers het vergeet dat hulle steeds primêr verantwoordelik is vir die verbondsopvoeding, wat beteken dat hulle moet weet wat hulle kinders by die skool leer. Ouers se belangstelling in en bydraes aan die onderwys gaan dikwels nie verder as hulpverlening by skoolfunksies nie. Die ouers weet dikwels nie eens watter onderwyser(s) vir sy kinders in sekere klasse skoolhou nie, watter boeke voorgeskryf word, of wat die lewensbeskouing van die onderwyser is nie. Vandag se ouers besef ook nie wat die inhoud en gevaar is van die lewensoriëntering wat aan hulle kinders geleer word nie. Met ander woorde, oor wesenlike skoolsake heers daar by die ouers groot onkunde.

Daarom is dit opnuut belangrik dat die kerk die ouers op hul verantwoordelikheid wys en aan ouers toon dat die kerk en die skool hulpmiddels in die verbondsopvoeding van hulle kinders is en dat dit nie hulle rol as verbondsouer oorneem nie.

Die vraag is: Hoe kan die kerk prakties 'n verskil maak?

- Die eerste belangrike wyse is natuurlik die inskerping van die verbondsverantwoordelikheid by ouers deur die verkondiging van die Woord van God, hetsy deur prediking, of deur die Woord in die huise in te bring deur huisbesoek. Die kerk behoort die ouers by te staan deur

ondersteuningsgroepe waar ouers leiding ontvang deur middel van inligtingsessie en voorbidding.

- Die kerk moet natuurlik op hoogte wees van die huidige onderwyssituasie, sodat hulle die ouers vanuit die Woord die regte toerusting kan gee en ook hulle kinders kan waarsku en laat standpunt inneem in die skool. Die kerkverbande het alreeds kommissies in die lewe geroep wat die kerke bystaan in die toerusting van die ouers. spasie
  Die GKSA se Deputate CO (Christelike Onderwys) het reeds in 1994 begin ondersoek doen en ook inligting aan die kerk verskaf in verband met die verandering wat in die onderwys plaasvind (Liebenberg, 1994:28). Die deputate het die verantwoordelikheid om antwoorde op vraagstukke wat uit die onderwys spruit, te verskaf deur ondersoek te doen en aanbevelings aan die kerke te gee.

'n Praktiese voorbeeld hiervan is dat die deputate bevind het dat die Bybelonderrig wat uit skole geneem is, veroorsaak dat kinders se Bybelkennis verswak het, en dat Christelike waardes as gevolg daarvan verlore gaan. Die deputate het die moontlikheid ondersoek of die kategese die probleem gedeeltelik kan oplos deur meer op Bybelkennis te fokus (Sinode, 2003).

Die IKOO (Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys),soos beskryf deur Van Wyk, (1997:34):

Die doel van die kommissie is, onder andere, die volgende:

- Daar word gepoog om Christelike opvoeding en onderwys daadwerklik te bevorder en uit te bou.
- Skakeling en samewerking tussen die onderwysdeputate/ verteenwoordigers van die drie meewerkende kerkverbande (Nederduits Gereformeerde kerk, die Nederduits Hervormde kerk van Afrika, en die Gereformeerde kerke van Suid-Afrika) met die oog op die aktivering van verbondsouers en alle Christen-bondgenote in die verskillende gemeentes vir hul roeping op onderwysgebied.

- Uit die artikel van Opperman (1996:6) kan verder afgelei word dat die kerk 'n groot taak het:

- Ouers moet aangemoedig word om ware verbondshuisgesinne te skep waarbinne die ouers en kinders gevoed word met die lewende Woord. Maak as gesin erns met God en sy Woord, met kerklike meelewing, met gesonde Christelike leefatmosfeer.
- Die individuele betrokkenheid van ouers by hul kinders se onderwys en opvoeding is ewe belangrik . Wees op hoogte met alles wat die skool raak: die leerstof, die onderwysers, die maats, ensovoorts. Die ouers moet ook geleer word om 'n oop verhouding met hulle kinders te skep, dat die kinders kan praat oor alles wat by die skool gebeur.
- Die ouers met die gawes om op die skoolbeheerliggame te dien, moet aangemoedig word om betrokke te raak sodat daar 'n groter Christelike stem vanaf die skoolbeheerliggame kan wees.
- Die kerk kan ook die ouers aanmoedig om by organisasies wat vir Christelike onderwys staan, betrokke te raak. Dié organisasies doen baie navorsing oor die onderwys. Die ouers kan dan die inligting van die organisasie af verkry en so ook ander ouers in die kerk bystaan met inligting en raad.

### 5.4.2 Die kerk se rol teenoor die skool - hetsy staat- of privaat-

Die kerk is nie verantwoordelik vir die stigting van skole nie. Die kerk hou ook nie toesig oor skole nie. Dit is die verantwoordelikheid van die ouers om te sorg dat skole die kinders opvoed volgens die waardes wat ons in die Woord van God vind. Die kerk kan en moet nog egter 'n invloed op die skool uitoefen. Die kerk moet betrokke raak by die skole sodat hulle ook aan skole die waarheid kan verkondig.

Dit impliseer dat die kerk ook die staat daarop sal moet wys dat die onderwysbeleid nie volgens die gereformeerde Christelik-etiese beginsel van godsdiensvryheid is nie, en hulle ook sal moet wys op die staat se verantwoordelikheid om die grondwet uit te voer.

Op die grondvlak moet die kerk soveel as moontlik betrokke raak by hulle plaaslike skole – privaat- en staatskole. So word verseker dat die Woord van die Here steeds by die skole gehoor word. 'n Voorbeeld wat genoem kan word, is dat die predikant

van die plaaslike kerk kan aanbied om die skool te open (waar dit nog toegelaat word).

Kerke kan aanbied om na-ure aan kinders Bybelonderrig te gee. Die kerk moet ook meer betrokke raak by Christelike aksies wat by skole plaasvind, soos die Christelike Studente-Vereniging.

Die kerk kan ook 'n invloed uitoefen op die onderwysers, byvoorbeeld deur vir hulle te leer hoe om die lewensoriëntering vanuit 'n Christelike perspektief aan te bied. Die kerk behoort organisasies soos ARSO (Aksie Reformatoriese Skoolonderwys) te steun in hulle poging om Christelike onderwysers op te lei. Fondse moet hiervoor beskikbaar gestel word. Verder moet Christenjongmense aangemoedig word om hulle vir hierdie edel roeping te kwalifiseer. Die belangrike bly egter dat die kerk by skole betrokke moet wees deur toerusting van die ouers, Christelike verenigings en onderwysers. Op so 'n wyse sal die stem van die evangelie steeds gehoor word.

## 5.5 Samevatting en gevolgtrekking

Die kerk se primêre rol bly steeds om die waarheid (Woord van God) te verkondig. Dit behels egter juis dat die kerk die ouers moet wys op hulle verbondsverpligtinge en hulle deur die bediening van die waarheid moet bystaan in hul taak as verbondsouers. Dit is veral belangrik om die ouers by te staan waar die kinders hulle bevind in 'n onderwysstelsel waar godsdiensvryheid nie volgens die gereformeerde Christelik-etiese norme toegepas word nie, maar waar intergeloofsoortuiging aan hulle oorgedra word.

Verder moet die plaaslike kerk self erns maak met kategese en die oordra van Bybelkennis en Bybelse waardes. Verder is dit van uiterste belang dat die kerk betrokke raak by die plaaslike skole, en daar sy invloed laat geld.

# Bronnelys

ANONIEM. s.a. Die grondwet en die reg op godsdiensvryheid. http:///www.afrikanerbond.org. za/GrondwetGodsdiensvryheid.html. Datum van gebruik: 12 September 2005

BAKER, W. (ed.). 1994. The complete word study Old Testament: Bringing the original text to life. Chattanooga: AMG.

BEYERSHAUS, P. 1992. Op pad na een wêreldgodsdiens?: Ontmaskering van die intergeloofsbeweging. Kwasizabantu: Kwasizabantu Sending.

BOSCH, D.J. 1991. Transforming mission: Paradigm shift in theology of mission. New York: Orbis.

BOUMA, C. 1970. Korte verklaring Der Heilige Schrift met nieuwe vertaling: I, II Timotheus en Titus, Filemon. Kampen: J.H. Kok.

BUYS, P.W. 1970. Die ekklesiologiese onderskeiding organisme en instituut as antwoord op die problematiek van die volkskerk: 'n historiese, prinsipiele en praktiese studie. Potchefstroom: PU vir CHO.( Proefskrif -Th.D.)

BYBEL. 1998. Die Bybel: Nuwe Vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike godsdiens. Volume 1 1823. Uit latyn vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike Godsdiens. Volume 4 1823. Uit latyn vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds

CHIDESTER, D.; DE GRUCHY, J.W. & MCNAMARA, J. 1991. ICRSA: Statement of Purpose (*In:* Inaugural Lecture, 23 rd. July 1991: Religious studies religious education: Challenges for a new South Africa. Kaapstad:UCT)

CHIDESTER, D. 1992. Religions of South Africa. London : Routledge.

CHRISTENSEN, D.L. 1998. Word Biblical Commentary: Vol. 6A. Dallas: Word, Incorporated. [(electronic ed.). Logos Library System.]

COERTZEN, P. 2002. Vryheid van godsdienste en godsdiensonderrig op skool in Suid-Afrika. www.sun.ac.za/theology/News_Nuus/ . Datum van gebruik: 21 Oktober 2003.

COETZEE, C.F.C. 1994. Ons moet duidelikheid kry oor godsdiensvryheid. *Kerkblad (GKSA).* p.5-6, 22 Junie.

COUENHOVEN, J. 2002. Law and the Gospel, or the law of the gospel Karl Barth's political theology compared with Luther and Calvin. *Journal of Religious Ethics,* 30 (2), p.181-205.

DAVIDS, A. 1992. Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825-1925). *Kronos,* 19 November, p. 80-101.

DE BRUYN, P.J. 1992. 'n Handves vir godsdiensvryheid? *Die Kerkblad,* 11 Maart, p. 28-29.

DE BRUYN, P.J. 1993. Die tien gebooie. Midrand: Varia.

DE BRUYN, P.J. 1997. Jou enigste troos: Die Heidelbergse Kategismus. Vir die hedendaagse mens. Potchefstroom: PU vir CHO-drukkery.

DE WAAL, J.; CURRIE, I. & ERASMUS, G. 2001. The bill of rights handbook. 4th ed. Landsdowne: Juta.

DEKKER, R. s.a. Op pad na een wêreldgodsdiens? Die kurrikulum, Die VN, intergeloofs- en omgewingsorganisasies. (Ongepubliseerde referaat.)

DEPUTATE CO (GKSA). 2002. Opvoeding en onderwys. Kommentaar op die Manifes oor Waardes, Opvoeding en Demokrasie. Deputate vir Christelike Onderwys van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. *Die Kerkpad,* 7(1), Januarie. http://home.mweb.co.za/ke/kerkpad/januarie2003/onderwys.html. Datum van gebruik: 5 Januarie 2005

DEPUTATE CO (GKSA). 2001. Opvoeding en Onderwys. Deputate CO (GKSA) reageer op uitsprake van Minister van Onderwys. *Die Kerkpad, 5(5),* September. http://home.mweb.co.za/ke/kerkpad/sept2001/onderwys.html. Datum van gebruik: 5 Januarie 2005

DEVENISH, G.E. 1999. A commentary on the South African Bill of Rights. Durban: Butterworth.

ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE VAN DIE NED GEREF KERK. 1997. Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid: 1960-1994. 'n Getuienis en 'n belydenis. Wellington: Hugenote-Uitgewers.

DLAMINI, C.R.M. 1996. An evaluation of the new South African constitutional dispensation and dynamics from a Christian perspective. Paper delivered at the international conference on "Christianity and Democracy in South Africa", Potchefstroom, 11 July 1996. *Woord en Daad,* 6-8, Lente.

DOUMA, J. 1990. Ethiek en recht. Kampen: Van den Berg.

DU PLOOY, A. le R. 1991. Enkele bakens in die verhouding tussen kerk en staat met die oog op die ontstaan van 'n nuwe Suid-Afrikaanse staat. (*In*: Helberg, J.L. (red.) Kerkwees as getuienis in Suid-Afrika vandag. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies. )

DURHAM, J.I. 1998.: Word Biblical Commentary: Vol. 3. Dallas: Word, Incorporated. [(electronic ed.). Logos Library System.]

DUVENAGE, A. 1967. Die Institusie van Calvyn verkort weergegee. Bloemfontein: Sacum.

GAUM, F. 1981. Die kerk en die toekoms van Suid-Afrika. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

GISPEN, J.H. s.a. Korte verklaring van de heilige Schrift: Exsodus. Kampen: Kok.

GRAY, R. 1990. Black Christians and White missionaries. New Haven: Yale University Press.

HENRARD, K. 2000. Devising an adequate system of minority protection: individual human rights, minority rights and the right to self-determination. The Hague: Martinus Nijhoff.

HEYNS, J.A. 1982. Teologiese etiek. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

HEYNS, J.A. 1988. Inleiding tot die dogmatiek. Halfway House: N.G. Kerkboekhandel.

HORN, I. 2005a. Religious rights in South African education. (Ongepubliseerde referaat.)

HORN, I. 2005b. Probleme en slaggate in UGO en Kurrikulum 2005. http://www.vcho.co.za/ondw/UGO.htm. Datum van gebruik: 10 April 2005

JACKSON, N. 1992. Godsdiensvryheid in SA bespreek. Beeld: 10, 24 November

KAMPHUIS, R. 1999. Wat is godsdiensvryheid? *Die Olielamp. 3(2): 6-7 Maart.*

KEARNEY, P. 1991. Freedom of thought, conscience and religion. (*In*: Robertson, M. (ed.) Human rights for South Africans. Cape Town: Oxford University Press. p.123 – 130)

KJOS, B. 2001. Teaching a global spirituality. http://www.crossroad.to/Books/BraveNewSchools/4-Global%20Spirituality.html. Datum van gebruik:13 November 2005

KOOPMANS, J. s.a. De Nederlandse Geloofsbelijdenis. Amsterdam: Holland.

KÜNG, H. 1991. Global responsibility : in search of a new world ethic. London : SCM Press,

LIEBENBERG, T. 1994. Wat doen die Deputate CO van die GKSA? *Kerkblad,* 22 Junie.

LUBBE, G. 1986. Reconciliation and construction between different religions in South Afrika.(In Vorster, W.S. (ed)) Reconciliation and reconstruction: Creative options for a rapidly changing South Afrika,. Pretoria:Unisa. p113-131)

LUBBE, G. 1990. Religious pluralism and Christianity in South Africa. (*In*: Prozesky, M. (ed.) Christianity amidst Apartheid. New York: St. Martin's. p. 208-218)

LUBBE, G. 1998. Religious pluralism in South Africa. (*In*: Du Toit, C.W. & Kruger, J.S. (ed.) Multireligious education in South Africa: Problems and prospects in a pluralistic society. Pretoria: Research Institute for Theology and Religion, University of Pretoria.)

LUTHER, M. 1531. A commentary on St. Paul's Epistle to the Galatians. Selections from the 1953 translation, based on the Middleton edition of 1975, revised and edited by Philip S. Watson. (*In*: Dillenberger, J. (ed.). Martin Luther: Selections from his writings. Translated by Schindel, J.J. New York: Doubleday. p. 99-165)

MACHEN, J.G. 1995. Education, Christianity and the state. Hobbs, New Mexico: The Trinity Foundation.

MALHERBE, R. 2002. The constitutionality of government policy re the conduct of religious observances in public schools. Opinion of the General Youth Commission of the Dutch Reformed Church. Faculty of Law, Rand Afrikaans University, Johannesburg, 23 January 2002.

MALHERBE, R. s.a. 'n Regstandpunt. (*In:* Afrikanerbond. Minister Asmal se voorgestelde godsdiensbeleid in skole. http://www.afrikanerbond.org.za/ART%20Godsdiensbeleid%20in%20skole.html. Datum gebruik:12 April 2005)

MALHERBE, R. 2003. Die regering se beleid oor godsdiens in skole. http://www.cvopta.co.za/Nuus/regsmeninggodsdiensbeleid2.html. Datum gebruik:12 April 2005.

MARAIS, P.W. 1978. Die tien woorde van God. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

MARAIS, W. 1995. Onder ewige vleuels. "Dagstukkies vir een jaar"-omslag. Pretoria: Aktuapers. [Elektroniese weergawe.]

MATSAUNG, L.E. 1999. Perceptions held of religion in education: A religio-educational perspective. Pretoria: University of Pretoria.

MEIRING, P., CRAFFORD, DIONNE. (red.) c1995. Suid-Afrika land van baie godsdienste. Pretoria: Kagiso.

MINISTRY OF EDUCATION. 2001. Manifesto on values, education and democracy. Pretoria: Ministry of Education.

MINISTRY OF EDUCATION. 2003. Government notice, Department of Education: National policy on religion and education. http://www.Policy.org.za/pdf/NatPolonReligEduc.pdf. Datum van gebruik: 3 Januarie 2005.

MITCHELL, G. 1993. Education and religious freedom. (*In:* KILIAN, J. (ed.) 1993. Religious freedom in South Africa. Pretoria: UNISA. p. 113-124.)

MORROW, W. 1990. Chains of thought: Philosophical essays in South African education. Johannesburg: Halfway House.

Nederduits Gereformeerde kerk kyk: NGK

NEILL, L. 1964. A history of Christian missions. London: Hodder & Stoughton.

NGK. s.a. Standpunte van die Ned Geref Kerk in verband met opvoeding en onderwys. http://www.ngkerkdrc.co.za/jeug. Datum van gebruik: 10 Desember 2005)

NGK Sinode van Wes-Transvaal . 2003. Opmerkings deur die NG Kerk Sinode Wes-Transvaal, 3 Mei, oor die hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring. http://www.ngk-wtvl.org.za/Sinode/Notules/Vergaderingnotule3Mei2003.doc. Datum van gebruik: 5 Januarie 2006.

ODENDAL, F.F. 1994. HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Doornfontein: Perskor.

OMAR, A.R. 1993. An Islamic experience of religious freedom in the South African context. *(In:* Kilian, J. (ed.) Religious freedom in South Africa. Pretoria: UNISA. p. 73-81)

OPPERMAN, C. 1996. Christelike skole - die uitdaging vir die toekoms. *Woord en Daad,* Somer.

POLLITT, H.J. 1996. The inter-faith movement : the New Age enters the church. Edinburgh : Banner of Truth Trust,.

COCHRANE, J.R. 2000. Religious pluralism in post-colonial public life. *Journal of Church & State*, Summer, 42 (3), p. 443(23 pp) (AN 3589050)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. 1996. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Pretoria: Staatsdrukkery.

RSA: Kyk Republiek van Suid-Afrika.

SAAYMAN, W.A. 1993. Religious freedom in apartheid South Africa. (*In*: Kilian, J. (ed.) Religious freedom in South Africa. Pretoria: UNISA. p. 37-47)

SMITH, J. 2005. Vreugdevolle ouerskap: Deel 2: Hoe lyk vandag se jongmens? Die jongmens van vandag se behoeftes. Pretoria : Baruch Media. [DVD]

SMIT, N. 1991. Art 36 van die NGB en godsdiensvryheid. *Kerkblad (GKSA),* 22 Mei, p.9.

SPOELSTRA, B. 1989. Geref. Kerkreg en Kerkregering: 'n handboek by die Kerkorde. Hammanskraal : Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. http://www.kerkrecht.nl/main.asp?pagetype=onderdeel&item=10 Datum van gebruik: 1 Februarie 2006

WCRP-SA. s.a. Draft declaration on religious rights and responsibilities. Pretoria: WCRP-SA.

STOKER, P.H. 2002. Christelike-Nasionale Onderwys en die huidige onderwysstelsel. http://www.vcho.co.za/chond/CNO.html. Datum van gebruik: 8 September 2005.

TE VELDE, M. s.a. Kerkrecht. http://www.kerkrecht.nl/index.asp. Datum van gebruik: 1 Februarie 2006

VAN DER KOOY, R. 2003. Kommentaar op die Departement van Onderwys se voorgestelde godsdiensbeleid vir skole. http://www.gsdp.co.za/ARSO.htm. Datum van gebruik: 17 Januarie 2006

VAN DER MERWE, E. 2001. Huidige stand van en beleid ten opsigte van Bybel-onderrig. http://www.vcho.co.za/kgsm/VdMerwe.html. Datum van gebruik 1 Januarie 2006

VAN DER MERWE, S. 2001. Intergeloof in die onderwys. Lesing tydens die videoseminaar op 19 Mei 2001 in die Sinodesaal, Potchefstroom, soos verwerk deur P.H. Stoker.

VAN DER VYVER, J.D. 1972. Die juridiese funksie van staat en kerk: 'n kritiese analise van die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Durban: Butterworth.

VAN DER VYVER, J.D. 2000. Godsdiensvryheid: sekularisasie of politieke neutraliteit? *Woord en Daad*, Somer 2000.

VAN DER WALT, B.J. 1994. Godsdiensverskeidenheid, -gelykheid en -vryheid in Suid-Afrika. Potchefstroom: IRS.

VAN DER WALT, B.J. 1999. Godsdiens en samelewing. Christelike betrokkenheid op die markplein. Potchefstroom: IRS.

VAN DER WALT, J.L. 1992. Enkele prinsipiële onderwysvraagstukke vir die toekomstige RSA. Potchefstroom: IRS.

VAN DER WALT, J.L. 1997. Onderwys in Suid-Afrika na 1996: 'n kort agtergrondskets. (*In*: Van der Walt, J.L., Van Brummelen, H.W. & Opperman, C. Christelike skole vir Suid-Afrika. Potchefstroom: IRS.)

VAN DER WESTHUIZEN, J. & HEYNS, C.J. 1993. A legal perspective on religious freedom. (*In:* Kilian, J. (ed.) Religious freedom in South Africa. Pretoria: UNISA. p. 93-112)

VAN NIEKERK, J. 2003. Nie deel van demokrasie. http://www.landbou.com/Beeld/In-Diepte/0,,3-67_1347674,00.html. Datum van gebruik:17 Januarie 2006

VAN NIEKERK, E.J. 2005. Godsdiensvryheid en formele onderwys. 'n Reformatories historiesopvoedkundige ondersoek. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap.* 41 (derde en vierde kwartaal), p. 69-93.

VAN OOSTERUM, L. 2002. Sosiale omvorming as onderwysagenda - bedreiging en geleenthede. www.praag.co.za/opstelle29.htm. Datum van gebruik: 17 Januarie 2006

VAN RULER, A.A. 1945. Religie en politiek. Nijkerk: Callenbach.

VAN WYK, 1998. Moet die kerk hom met die politiek bemoei? *Woord en Daad,* Winter, p. 25-26.

VAN WYK, G. 1997. Die Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys. (*In:* Van der WALT, J.L., VAN BRUMMELEN, H.W., OPPERMAN, C., Christelike skole vir Suid-Afrika. Potchefstroom: IRS.

VAN WYK, J.H. 1999. Lewe in liefde. Moraliteit vir die markplein. Potchefstroom: IRS.

VAN ZYL, A. 1997. Die Bybel verklaar: 1983-vertaling. Verklarings oorspronklik in 1989 uitgegee saam met die Bybelteks onder die titel: Verklarende Bybel. Kaapstad: Lux Verbi. [elek.]

VENTER, E. L. J. 1929. Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika. Amsterdam : Van Dottenburg,

VORSTER, J.M. 1993A. Gevaar lê in vryheid van godsdiens. *Woord en daad*, 33(345), p. 14-15.

VORSTER, J.M. 1993b. Menseregte en godsdiensvryheid. *Kerkblad (GKSA),* Mrt. 10, p. 27-28.

VORSTER, J.M. 1993c. Kuyper se ekklesiologie en die interpretasie van " kerklike sake" in artikel 30 van die kerkorde van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. *In die Skriflig*, 27(2):215-229, Junie

VORSTER, J.M. 1994. Tendense in die teologie van die wêreldraad van kerke sedert 1948. *Studia historia Ecclesia.* XX: (2), p234-253

VORSTER, J.M. 1997. Teologies-etiese perspektiewe op die 1996-grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. *In die Skriflig,* 31 (1&2), p. 79-91.

VORSTER, J.M. 2001. Christelike teorie van menseregte. *In die Skriflig*, 35(1), p. 1-23.

VORSTER, J.M. 2003. 'n Etiese perspektief op godsdiensvryheid. *In die Skriflig*, 37(2), Junie, p. 251-269.

VORSTER, J.M. 2004. Ethical perspectives on human rights. Potchefstroom: Potchefstroom Theological Publications.

VORSTER, J.M. 2006. Christelike gesindheid en ander godsdienste. (Ongepubliseerde diktaat.)

VORSTER, N. 1999. Kerk en owerheid binne 'n regstaat: die roeping van die kerk met betrekking tot die Suid-Afrikaanse owerheid. Potchefstroom: PU vir CHO.

VORSTER, N. 2003. Kerk en menseregte binne 'n regstaat. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VOSLOO, W., & VAN RENSBURG, F.J. 1997. Die Bybel in praktyk. (nuwe vertaling). Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. [elek.]

WHITFORD, D.M. 2004. Cura religions or two kingdoms: The late Luther on religion and the state in the lectures on Genesis. *Church history, 00096407,* 73(1) March? (Databasis: Academis Search Primier)

WIECHERS, M. 1996. An evaluation of the new South African constitutional dispensation and dynamics from a Christian perspective. Paper delivered at the international conference on "Christianity and Democracy in South Africa", Potchefstroom, 11 July 1996. *Woord en Daad,* Lente. 5-6.

WIJNBEEK, D. 1992. Godsdiensvryheid en godsdiensregte. *Kerkblad (GKSA)*, 9 September, p13-14.